Die invloed van selfoongebruik op vroeë-adolessente se portuurgroepverhoudinge

AM van Tonder

23296070

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister Artium* in *Psigologie* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr CC Reynolds

Medestudieleier: Dr AW Nienaber

Mei 2014

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT ®

VERKLARING

1. Hiermee verklaar ek dat "Die invloed van selfoongebruik op vroeë adolessente se portuurgroepverhoudinge" my eie werk is.

2. Ek het die Harvard-metode gebruik vir verwysings in die teks en bronnelys om erkenning te gee aan literatuurbronne wat ek benut.

Studentenommer: 23 29 60 70

Handtekening: [signature]

Datum: 27 APRIL 2014

BEDANKINGS

Ten eerste aan my hemelse Vader, wat my die gesondheid en deursettingsvermoë geskenk het om die studie te voltooi. **Soli Deo Gloria!**

Baie dankie aan die volgende persone en instansies waarsonder die navorsingstudie onmoontlik sou wees:

- My gesin en ouers wat my bygestaan en aangemoedig het.
- My studieleier, dr. Coen Reynolds wat my geduldig bly aanmoedig het en wat opgewonde oor mý navorsing kon raak!
- My mede-studieleier, dr. Alida Nienaber vir haar insette.
- Adriaan vir tegniese- en taalversorging
- Die betrokke skole, skoolhoofde, onderwysers en leerders sonder wie se medewerking die navorsingstudie nie moontlik sou wees nie.

OPSOMMING

Die doel van die navorsing was om met behulp van fenomenologiese strategie ’n kwalitatiewe ondersoek te doen na die invloed van selfoongebruik op die portuurgroepverhoudinge van vroeë adolessente binne die raamwerk van die sisteemteorie. Die populasie het bestaan uit vroeë adolessente in graad 8 en 9 en wat tussen 13 en 15 jaar oud was. Inligting is eerstens bekom deur ’n geskrewe opdrag waarin vroeë adolessente hulle selfoongebruik en verhoudinge tussen maats moes beskryf. Hierna is drie fokusgroepbesprekings gehou totdat dataversadiging ingetree het. Data is tematies ontleed en vyf temas met kategorieë is geïdentifiseer. Bevindinge en gevolgtrekkings is gemaak met betrekking tot die selfoon as kommunikasiemedium en hoe belangrik die selfoon vir die vroeë adolessent is, asook ten opsigte van die invloed wat die selfoon op portuurverhoudinge mag hê. Laastens is aangetoon dat binne die konteks van die selfoon en portuurverhoudinge die selfoon ook as ontspanningsinstrument benut kan word. Daar is bevind dat selfoongebruik wel ’n invloed het op portuurgroepverhoudinge. Vroeë adolessente kry werklik die geleentheid om sosiale vaardighede met hul portuurgroep te oefen deur middel van die selfoon. Ten opsigte van hierdie navorsingstudie met hierdie spesifieke vroeë adolessente word tot die slotsom gekom dat die selfoon ’n positiewe invloed het op die portuurgroepverhoudinge aangesien dit die gevoel van “om te behoort” by hulle skep.

TREFWOORDE

Selfoon

Vroeë adolessent

Portuurgroep

Inligtings- en kommunikasietegnologie

Portuurgroepverhoudinge

Sisteemteorie

ABSTRACT

The aim of the study is to do qualitative research with the help of phenomenological strategy on the effect of cell phone use on the peer group relationships of early adolescents within the framework of the systems theory. The population existed of early adolescents aged between 13 and 15 years old in grades 8 and 9. Information was initially obtained through a written assignment where by the early adolescents described their cell phone use and their relationships with their peers. Thereafter three focus group discussions were held to obtain data saturation. Data was then thematically analysed and five themes with categories were identified. Findings and deductions were made regarding the cell phone as communication medium and the importance of the cell phone for the early adolescent, as well as with regard to the effect the cell phone may have on peer group relations. Lastly it is indicated that the cell phone can also be employed as a instrument of recreation within the context of the cell phone and peer group relations. It is concluded that cell phone use has an effect on peer group relations. Early adolescents find a real opportunity to exercise their social skills with their peer group through the cell phone as medium. Regarding this research done with these specific early adolescents, the study concludes that the cell phone has a positive influence on peer group relations as it creates a feeling of “belonging” amongst them.

KEY TERMS

Cell phone

Early adolescent

Peer group

Information and communication technology

Peer Group relations

Systems theory

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 ..... **1**

INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSTUDIE **1**

1.1 INLEIDENDE ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING **1**
1.2 NAVORSINGSDOEL **6**
1.3 METODE VAN NAVORSING **6**
1.3.1 Literatuuroorsig **6**
1.3.2 Navorsingsontwerp **6**
1.3.3 Deelnemers **7**
1.3.4 Prosedures vir selektering van deelnemers **8**
1.4 DATA-INSAMELING **8**
1.4.1 Metode van data-insameling **8**
1.4.2 Doel van werkopdragte **10**
1.5 DATA-ONTLEDING **10**
1.5.1 Metode van dataverifikasie **11**
1.6 ETIESE KWESSIES **11**
1.7 HOOFSTUKUITLEG **12**
1.8 SAMEVATTING **12**

HOOFSTUK 2 ..... **13**

VROEË ADOLESSENSIE EN DIE GEBRUIK VAN DIE SELFOON **13**

2.1 INLEIDING **13**
2.2. VROEË ADOLESSENSIE **13**
2.3 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE VROEË ADOLESSENT **14**
2.3.1 Kognitiewe ontwikkeling **14**
2.3.2 Morele ontwikkeling **16**
2.3.3 Selfidentiteit **17**
2.3.4 Emosionele ontwikkeling **19**
2.4 DIE PORTUURGROEP VAN DIE VROEË ADOLESSENT **20**
2.4.1 Ontwikkelingspatrone van die portuurgroep **22**
2.4.2 Funksies van die portuurgroep **22**
2.4.3 Portuurgroep en rituele interaksie **23**
2.4.4 Die betekenis van ’n portuurgroep vir die vroeë adolessent **23**
2.4.5 Portuurgroepstruktuur **24**
2.4.6 Portuurgroep as groepsdruk **27**
2.5 DIE SELFOON **29**
2.5.1 Selfoongebruik **30**
2.5.2 Voordele van selfoongebruik **32**
2.5.3 Risiko’s in die gebruik van ’n selfoon **33**
2.5.4 Selfoongebruik in die portuurgroep **35**

2.6 VROEË ADOLESSENTE, HUL PORTUURGROEP EN GESIN EN DIE SISTEEMTEORIE 37
2.7 SAMEVATTING 44

HOOFSTUK 3 45

TOEPASSING VAN DIE NAVORSINGMETODE 45

3.1 INLEIDING 45
3.2 LITERATUUROORSIG 45
3.3 NAVORSINGBENADERING EN -ONTWERP 46
3.3.1 Fenomenologie 46
3.3.2 Kwalitatiewe navorsingsbenadering 47
3.4 NAVORSINGSMETODE 47
3.4.1 Steekproef 48
3.4.1.1 Populasie 48
3.4.1.2 Metode van steekproefneming 49
3.4.1.3 Selektering van deelnemers 49
3.5 DATA-INSAMELINGPROSES 51
3.5.1 Data-insamelingsmetode 51
3.6 DATA-ANALISE 53
3.6.1 Voorbereiding van data 53
3.6.2 Kodering van data 54
3.6.3 Bepaling van temas en kategorieë 54
3.6.4 Interpretering van data 55
3.7 ETIESE KWESSIES 55
3.8 BETROUBAARHEID 56
3.9 SAMEVATTING 59

HOOFSTUK 4 60

NAVORSINGSBEVINDINGE EN LITERATUURKONTROLE 60

4.1 INLEIDING 60
4.2 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN DEELNEMERS 60
4.2.1 Besonderhede van werkopdragvoltooiers 60
4.2.2 Identifiserende besonderhede van die deelnemers aan die fokusgroeponderhoude 61
4.3 NAVORSINGSBEVINDINGE 62
4.4 SAMEVATTING 86

HOOFSTUK 5 87

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 87

5.1 INLEIDING 87
5.2 GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE DOEL VAN DIE NAVORSING 87
5.3 GEVOLGTREKKINGS NA AANLEIDING VAN DIE TEMAS EN KATEGORIEË VANUIT DIE NAVORSINGBEVINDINGE 87
5.3.1 Gevolgtrekkings met betrekking tot die selfoon as kommunikasie-medium 87
5.3.2 Gevolgtrekkings met betrekking tot die belangrikheid van die besit van selfoon 88
5.3.3 Gevolgtrekkings met betrekking tot die negatiewe invloed van selfoongebruik 89
5.3.4 Gevolgtrekkings met betrekking tot ontspanning en afleiding wat die selfoon bied 90
5.4 GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT SELFOONGEBRUIK OP PORTUURGROEPVERHOUDINGE 91
5.5 GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT SELFOONGEBRUIK EN DIE PORTUURGROEP AS SISTEEM 91
5.6 AANBEVELINGS 93
5.6.1 Aanbevelings ten opsigte van die selfoon as kommunikasie-medium 93
5.6.2 Aanbevelings oor die belangrikheid van die besit van ’n selfoon 93
5.6.3 Aanbevelings oor die negatiewe invloed van selfoongebruik 94
5.6.4 Aanbevelings oor die invloed op groepsverhoudinge 94
5.6.5 Aanbevelings oor selfoongebruik verskaf ontspanning en afleiding 95
5.6.6 Plan van aksie deur die navorser 95
5.7 MOONTLIKHEDE VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING 95
5.8 BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING 96

BRONNELYS 97

BYLAES

BYLAAG A: VERSOEK AAN ONDERWYSDEPARTEMENT VAN LIMPOPO 108

BYLAAG B: TERUGVOER VAN ONDERWYSDEPARTEMENT VAN LIMPOPO 109

BYLAAG C: VERSOEK AAN BEHEERLIGGAAM VAN SKOOL 111

BYLAAG D: KORRESPONDENSIE AAN OUERS (AFRIKAANS) 113

BYLAAG E: KORRESPONDENSIE AAN OUERS (ENGELS).....115

BYLAAG F: WERKOPDRAG.....117

BYLAAG G: VERKORTE WEERGAWE VAN 'N ONDERHOUD..... ERROR! BOOKMARK NOT DEFINED.

LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1 Fokusgroepe..... 51

Tabel 4.1 Deelnemers aan fokusgroep: Geslag, graad en ouderdom..... 61

Tabel 4.2 Fokusgroeplede se selfoonbesit 61

Tabel 4.3 Selfoonverskaffer..... 62

Tabel 4.4 Temas en kategorieë..... 63

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 Sisteme waarin kinders ontwikkel..... 39

LYS VAN TERMINOLOGIE

Aanlyn: Om op die Internet besig te wees, gebruik van byvoorbeeld soekenjins, WhatsApp en BBM.

Toepassing: (Application/app) Addisionele sagteware wat jy kan aflaai om die volle potensiaal van ’n slimfoon te benut, soos speletjies, weer, navigasie, foto-redigering, ensovoorts.

BBM: Blackberry Messenger. Teksboodskappe, foto’s, video’s en klankboodskappe kan gestuur word aan persone wat op uitnodiging vriende geword het. Status en profielfoto’s kan gereeld opdateer word. Internet toegang word benodig.

Blog: Gespreksforum in die vorm van ’n dagboek.

E-pos: Elektroniese korrespondensie word ontvang en gestuur met behulp van die Internet.

facebook: ’n Sosiale netwerk, waarop persoonlike inligting, foto’s, ensovoorts gedeel kan word met persone wat op uitnodiging vriende word.

IM: (Instant messaging) Kitsboodskap

MMS: (Multimedia Messaging Service). Boodskappe met meer data, soos foto’s en langer SMS’e.

“Offline": Om nie op die Internet besig te wees nie.

Slimfoon: ’n Nuwer tipe selfoon. Baie afhanklik van Internet vir nuwe inligting, soos om by die gebruiker aan te pas, met navigasie, weer, nuus, ensovoorts.

SMS: (Short Message Service). Die stuur en ontvang van teksboodskappe per selfoon.

Teksboodskap: Elektronies geskrewe boodskap soos per SMS of Whatsup.

Webtuiste: Elektroniese tuisblad van ’n entiteit wat gewoonlik inligting en kontakbesonderhede uniek aan die entiteit bevat.

Webblad: Elektroniese blad op Internet waarop inligting bekom word oor die saak wat opgeroep word.

WhatsApp: Slimfone kan hierdie toepassing van die Internet aflaai. Hierdeur kan boodskappe, video’s en foto’s aan enige iemand met ’n slimfoon, wat WhatsApp afgelaai het, gestuur word. Internet toegang is nodig.

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSTUDIE

1.1 INLEIDENDE ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

Livingstone (2010:45) wys daarop dat tieners wêreldwyd selfone gebruik en dat inligtings- en kommunikasietegnologie, soos onder andere selfone en die Internet, vir adolessente 'n belangrike kommunikasiemiddel is (Louw & Louw, 2007:336; Odendaal, 2004:64). Lenhart (2009) het in haar ondersoek bevind dat 45% Amerikaanse adolessente in 2004 selfone besit het, 63% in 2006 en 71% in 2008. Verder het sy gedurende 2008 in haar ondersoek bevind dat 52% van die twaalf- tot dertienjariges selfone besit het, terwyl 72% veertienjariges en 84% sewentienjariges selfone besit het. Studies onderneem deur Yamauchi (2010:iii) het bevind dat selfoongebruik onder die Suid-Afrikaanse jeug dieselfde tendens volg as dié van tieners in Amerika.

Selfoongebruik kan volgens die literatuur die voordeel vir die vroeë adolessent inhou dat dit 'n belangrike kommunikasiemiddel kan wees (Louw & Louw, 2007:264). Die stuur en ontvang van boodskappe skep 'n gevoel van "behoort aan" vir die adolessent (Katz & Aakhus, 2002:159). Dit bied die adolessent geleentheid om belangrike adolessente-take te verrig, soos om in verbinding te bly met familie en vriende, om nuwe vriende te maak en idees uit te ruil (O'Keeffe *et al.,* 2011:803). Nadele wat selfoongebruik vir die vroeë adolessent inhou kan onder andere die afwesigheid van volwasse of ouerlike beheer en voorligting insluit. Dit kan daartoe bydra dat adolessente inligtings- en kommunikasietegnologie soos die selfoon aanwend om negatiewe inligting soos onder andere pornografie of wyses van selfbesering te bekom (Louw & Louw, 2007:339). Die funksies van 'n selfoon as kommunikasiemiddel, soos kitsboodskappe, Internet toegang en die stuur van foto's, veroorsaak dat adolessente afhanklik raak van hul selfone en nie daarsonder kan klaarkom nie (Kirsch, 2011:15). Symington (2010:77) bevestig dat inligtings- en kommunikasietegnologie soos 'n selfoon of Internet baie van adolessente se tyd opneem, met die gevolg dat ander areas van hul lewe daaronder kan ly, soos skoolwerk, slaaptyd en aangesig-tot-aangesig kommunikasie. Subrahmanyam en Greenfield (2008:127) het bevind dat vroeë adolessente dikwels kitsboodskappe

gebruik om mekaar te boelie, wat tradisioneel van aangesig tot aangesig sou plaasvind.

Louw en Louw (2007:278-279) en Passer *et al.* (2009:585) omskryf adolessensie as die oorgangstydperk tussen kinderjare en volwassenheid, waarvan die beginstadium tussen 11 en 13 jaar kan wissel en eindig tussen 17 en 21 jaar (Dacey *et al.,* 2004:23). Adolessensie se begin en einde word nie so maklik binne ouderdomme vasgestel nie (Dacey *et al.,* 2004:23). Dacey *et al. (*2004:22) beskou adolessensie as minstens twee fases en verdeel die fases in vroeë adolessensie (11 tot 14 jaar) en laat adolessensie (15 tot 18 jaar). Louw en Louw (2007:304) beskou vroeë adolessensie as die tydperk van ongeveer tien tot twaalf jaar, terwyl Swart *et al.,* (2004:487) weer die vroeë adolessent as die periode tussen die ouderdomme 11 tot 14 jaar beskou. Vir die doel van hierdie navorsing is die teikengroep vroeë adolessente wat tussen 13 en 15 jaar oud is en in graad 8 en 9 is. Hierdie ouderdom leerders word gebruik omdat hulle almal in die hoërskool is. Die rede vir die keuse van die vroeë adolessent as teikengroep vir die navorsing word in die volgende paragraaf gemotiveer.

Volgens Louw en Louw (2007:337-338) en Gouws *et al.,* (2000:75-76) word die ontwikkelingsfase van adolessente onder andere gekenmerk deur identiteitsvorming en kognitiewe ontwikkeling, asook die ontwikkeling van seksualiteit, die gevoel van “behoort aan” en ’n strewe na onafhanklikheid van hulle ouers en gesin. Hieruit blyk dat die selfoon nie net ’n belangrike kommunikasiemiddel vir die adolessent kan wees nie, maar dat die selfoon ook ’n rol kan speel in die ontwikkelingsfase van die adolessent. Vroeë adolessente se verhouding met hul ouers verander betekenisvol omdat die vroeë adolessent ouerlike waardes en reëls bevraagteken, met hulle ouers argumenteer en meer betrokke raak by vriende (Louw & Louw, 2007:326). Dacey *et al.* (2004: 212) noem dat vroeë adolessente minder liefde toon teenoor hul ouers, minder tyd saam met hul spandeer en meer rusie maak wanneer hul saam is. Vroeë adolessente begin meer soos volwassenes lyk wat meebring dat meer volwasse optrede, asook hoër akademiese prestasie van hul verwag word, wat kan veroorsaak dat die vroeë adolessent aan meer spanning onderworpe mag wees (Dacey *et al*., 2004:212*).* Nurulla (2009:23) noem dan ook in dié verband dat die gebruik en besit van ’n selfoon bydra tot die identiteitsontwikkeling en prestige van

die adolessent (Campbell, 2006:196). ’n Groot deel van dié generasie se sosiale en emosionele ontwikkeling vind plaas terwyl hul op hul selfone besig is (O’Keeffe *et al.,* 2011:800).

Shaffer en Kipp (2010:617) definieer portuurgroep as ’n bondgenootskap van portuurs wat gereeld op mekaar reageer, vereistes vir lidmaatskap bepaal en norme daarstel vir lede, naamlik hoe hul moet lyk, dink en optree. Vroeë adolessente spandeer selfs meer tyd saam met portuurs en vorm klieke wat uit vier tot agt (of vyf tot sewe, volgens Louw & Louw, 2007:331) lede van dieselfde geslag bestaan wat dieselfde aktiwiteitvoorkeure en norme deel en gereeld interaksie het (Shaffer & Kipp, 2010:617,644). Dacey *et al*. (2004:272) argumenteer dat dit natuurlik is vir adolessente om deel te wees van portuurgroepe wat ondersteuning en aanvaarding bied tydens hierdie vinnig veranderende adolessentefase. Die vroeë adolessent is afhanklik van aanvaarding van die portuurgroep en konformeer makliker as ouer adolessente (Dacey *et al*., 2004:260; Louw & Louw, 2007:532). Dacey *et al.* (2004:253,273) noem dat portuurs meestal wangedrag ontmoedig en sosiale vaardighede bevorder (Passer *et al.,* 2009:588). Die sterkste bepaler van selfwaarde vir die adolessent is sy verhouding met sy portuurgroep, boesemvriende en voornemende romantiese maats (Shaffer & Kipp, 2010:521). Die behoefte van adolessente om “te behoort” word deur interaksie met hulle portuurgroep bevredig (Louw & Louw, 2007:330; Nurulla, 2009:23). Klorer (2009:81) verduidelik dat adolessente hul selfone altyd by hul het en dit selfs snags aanhou om voortdurend in kontak met hulle portuurgroep te kan bly. Die stuur en ontvang van boodskappe skep ’n gevoel van “behoort aan” vir die adolessent (Katz & Aakhus, 2002:159). Die besit van ’n selfoon word deur die portuurgroep beskou as ’n vereiste en daarsonder voel hulle uitgesluit van hulle groep (Kirsch, Oelofse, 2009:vi). Ling en Yttri (2005) wys daarop dat die studie van selfoongebruik insig verskaf in die portuurgroep se kenmerkende rituele interaksie, byvoorbeeld die najaag van aanvaarbare doelwitte soos gewildheid en die beskerming van die binnekennis van die groep.

Kitsboodskappe soos SMS’e bied aan die adolessent geleentheid om verhoudinge te vestig waar daar geen aangesig-tot-aangesig kontak bestaan nie (Klorer, 2009:81; Symington, 2010:97). Volgens Klorer (2009:81) kan dit lei tot vervreemding van werklike kontak en ’n benadeling van interpersoonlike vaardighede. Die

moontlikheid bestaan, soos Klorer (2009:80) dit stel, dat adolessente nie meer kan onderskei tussen wie hulle vriende of kennisse en wie vreemdelinge is nie omdat hulle sommige dalk nog nooit ontmoet het nie. Symington (2010:8) wys daarop dat die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie dit vir die adolessent makliker maak om konfrontasies te hanteer. Die adolessent sal deur die gebruik van die selfoon meer tyd hê om te reageer, sonder om die ander persoon se reaksie waar te neem (Symington, 2010:96), dus verander die wyse waarop adolessente kommunikeer en ander konfronteer. Die fyner nuanses kan lei tot misverstande tussen vroeë adolessente omdat interpersoonlike interaksie op hierdie manier verlore gaan en veroorsaak dat tieners hul sensitiwiteit in verhoudinge verloor (Klorer, 2009:80).

In aansluiting hierby onderstreep Savahl *et al*. (2008:515) se plaaslike studie onder 13 tot 16-jariges (vroeë adolessente) die internasionale neiging van laer vlakke van kommunikasie met volwassenes en hoër vlakke met portuurgroepe en sibbe (Subrahmanyam & Greenfield, 2008:119). Met betrekking tot die kommunikasieproses ontwikkel adolessente abstrakte denke, byvoorbeeld die besef dat woorde meer as een betekenis het. Die vermoë ontbreek egter dikwels nog by die adolessent om tussen meer subtiele betekenisse te onderskei (Dacey *et al.,* 2004:105).

Aan die ander kant wys Odendaal (2004:65) en Savahl *et al*. (2008:516) dat ouers dikwels onbewus is en belangeloos staan ten opsigte van hul kinders se gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie. Sommige ouers verstaan nie hierdie nuwe vorms van sosialisering nie as gevolg van tegniese vaardighede wat ontbreek of tyd wat ontbreek om by te bly met die verandering in die kommunikasiewêreld in onder andere die Internet (O'Keeffe *et al.,* 2011:801). Dacey *et al.* (2004:273) glo daar is rede tot kommer as gevolg van die afname van volwasse invloed op die vroeë adolessent in die algemeen omdat volwasse rolmodelle betekenisvolle ondersteuning aan adolessente kan bied. Hierteenoor bevind hulle dat die meeste adolessente tog na aan hul ouers voel (Dacey *et al.,* 2004:273). Dacey *et al.* (2004:249) beklemtoon die belang van ouers se teenwoordigheid en ondersteuning om die vroeë adolessente se emosionele sekuriteit en onafhanklikheid as volwassene te kan verseker. Vanuit die ouer se perspektief bied die selfoon 'n nuwe

manier van beheer oor die adolessente omdat die ouer hul enige tyd kan bereik (Ling & Yttri, 2005). Kenmerkend van adolessente is hulle strewe na outonomie en hulle sal dikwels teen ouerbeheer en ouergesag rebelleer wat aanleiding kan gee tot konflik tussen ouer en kind (Louw & Louw, 2007:327; Nurulla, 2009:21; Passer *et al.*, 2009:587). Symington (2010:99) wys daarop dat adolessente se gebruik van ’n selfoon ook kan lei tot konflik met ouers wanneer ouers van mening is dat hulle kinders bykans die hele dag met hulle selfone besig is.

Uit voorafgaande bespreking blyk dit dat daar ’n behoefte aan navorsing is met betrekking tot die invloed van selfoongebruik op portuurgroepverhoudinge van vroeë adolessente. Die navorser beoog om vanuit ’n fenomenologiese perspektief die navorsing te onderneem omrede die navorser ’n noukeurige beskrywing wil gee van bewuste alledaagse gebruik van die selfoon deur vroeë adolessente en die invloed daarvan op hulle (vroeë adolessente) portuurgroepverhoudinge. Die navorser sal die vroeë adolessente en ouers as deelnemers in hierdie navorsing met ’n oop gemoed benader en vooropgestelde idees in hakies plaas of inperk (bracketing). (Sien Babbie, 2010:93; Creswell, 2003:17; Fouché & Schurink, 2011:316; Joyce & Sills, 2005:17).

Met hierdie navorsing poog die navorser om die invloed van selfoongebruik op die portuurgroepverhoudinge van die vroeë adolessent te beskryf ten einde die verskynsel beter te verstaan en riglyne daar te stel vir die gebruik van ’n selfoon ten einde gesonde portuurgroepverhoudinge te handhaaf.

Louw en Louw (2007:340) en Symington (2010:105) stel riglyne voor aan ouers en adolessente. Daar word aanbeveel dat ouers oor inligting behoort te beskik aangaande die selfoontegnologie en die aktiwiteite waaraan kinders deur middel van selfoongebruik deelneem (Odendaal *et al.,* 2006:5). Die rede hiervoor is dat die vroeë adolessente nog hul ouers se leiding ten opsigte van selfoongebruik benodig (Louw & Louw, 2007:347).

Die **navorsingsvraag** kan soos volg omskryf word: Hoedanig beïnvloed vroeë adolessente se selfoongebruik hulle portuurgroepverhoudinge?

1.2 NAVORSINGSDOEL

Die doel van die studie is om met behulp van fenomenologiese strategie ’n kwalitatiewe ondersoek te doen na die invloed van selfoongebruik op die portuurgroepverhoudinge van vroeë adolessente in Tzaneen.

1.3 METODE VAN NAVORSING

Die doel van hierdie bespreking is om ’n breë oorsig van die navorsingsmetode te bied terwyl die toepassing van die navorsingmetodiek in hoofstuk 3 in diepte bespreek word.

1.3.1 Literatuur-oorsig

Verskeie boeke, artikels, verhandelinge en die Internet sal gebruik word om literatuur te versamel. Daar sal na internasionale en nasionale wetenskaplike literatuurbronne verwys word. Die volgende databasisse sal ook gebruik word: ISAP, SACat, EbscoHost, Google Scholar, Psych Lit en Nexus waar relevante artikels tussen 2001 en 2013 geïdentifiseer sal word.

Die literatuurstudie sal fokus op:

- Die sosiale ontwikkeling van die vroeë adolessent ten opsigte van portuurgroepverhoudinge en die interpersoonlike interaksie van die vroeë adolessent
- Selfoongebruik en die vroeë adolessent

1.3.2 Navorsingsontwerp

Fenomenologie word as navorsingsontwerp gevolg wat beteken dat bewuste alledaagse ervaringe en sosiale aksie van die deelnemers sorgvuldig beskryf sal word (Fouché & Schurink, 2011:316). Vooropgestelde idees van die navorser sal tersyde gestel word ten einde die deelnemers se leefwêreld te betree en by die kern van hul ervaringe uit te kom en terselfdertyd by die feite te bly (Fouché & Schurink, 2011:318).

Die studie sal verkennend van aard wees omdat inligting in hierdie area beperk is en die navorser poog om nuwe insig te verkry met betrekking tot die invloed van selfoongebruik van vroeë adolessente op hulle portuurgroepverhoudinge, asook

beskrywend ten einde insig in die verskynsel te verdiep (Fouché & Delport, 2011:65; Fouché & de Vos, 2011:96). Toegepaste navorsing met ’n kwalitatiewe benadering sal dus gevolg word.

1.3.3 Deelnemers

In hierdie studie sal die populasie bestaan uit manlike en vroulike vroeë adolessente in graad 8 en 9 en wat tussen 13 en 15 jaar (inklusief) oud is, woonagtig in Tzaneen en verbonde aan plaaslike hoërskole. ’n Doelgerigte steekproef sal gebruik word, omdat die persoon ’n eienskap of proses toon wat in belang van ’n sekere studie is (Strydom & Delport, 2011:392). Om hierdie rede gebruik die navorser vroeë adolessente uit plaaslike hoërskole vir ’n geskrewe opdrag en die fokusgroep.

Kriteria vir keuring van vroeë adolessente binne die populasie sal die volgende insluit:

- **Ouderdom**: Adolessente tussen 13 en 15 jaar wat in graad 8 of 9 is
- **Taal:** Afrikaanssprekend en/of Engelssprekend
- **Geslag**: Manlik of vroulik
- **Demografiese area**: Adolessent moet ’n skolier wees by ’n plaaslike hoërskool in Tzaneen, Limpopo, R.S.A.
- Elke deelnemer moet in besit van ’n **selfoon** wees

Ingleton (1998:181-182) wys daarop dat daar nie eenvoudige reëls bestaan om ’n geskikte steekproefgrootte te bepaal nie. Volgens Thorne *et al.* (2004:5) is steekproefgrootte in kwalitatiewe navorsing relatief klein. Daar is 213 leerders in graad 8 en 181 leerders in graad 9 in skool A en 183 graad 8-leerders en 192 graad 9-leerders in skool B. Die steekproefgrootte van die deelnemers wat aan die geskrewe opdrag deelneem sal bepaal word uit die leerders in graad 8 en 9 (wat aan die insluitingskriteria voldoen) wat moet aandui dat hul bereid is om die aan die geskrewe opdrag deel te neem en wat self en wie se ouers toestemming verleen het om aan die navorsing deel te neem.

Uit laasgenoemde groep leerders sal agt leerders wat aangedui het dat hulle aan ’n fokusgroepbespreking sal deelneem, ewekansig gekies word. Volgens Welman *et al*. (2007:202) is die ideale grootte van ’n fokusgroep tussen ses en twaalf lede. Die aantal vroeë adolessente fokusgroepe sal afhang van dataversadiging.

1.3.4 Prosedures vir selektering van deelnemers

Die navorser beoog om toestemming by die onderwysdepartement van Limpopo te kry asook die skoolhoof en beheerliggaam van die betrokke skole om graad 8 en 9 leerlinge (vroeë adolessente) by die ondersoek te betrek. Leerders sal 'n toestemmingsbrief aan hul ouers voorlê waarin hul toestemming moet verleen dat hulle kind aan die navorsing mag deelneem. Die doel van die navorsing sal tydens 'n skoolpouse aan die voornemende deelnemers, wat se ouers toestemming verleen het tot deelname aan die navorsing, verduidelik word. Toestemmingsbriewe sal aan die leerders beskikbaar gestel word om in te stem of hulle vrywillig aan die geskrewe opdrag of fokusgroep of beide wil deelneem. Van die lys van vrywillige deelnemers (leerders) sal almal wat bereid is om 'n geskrewe opdrag te voltooi betrek word. Uit laasgenoemde groep leerders sal agt leerders, wat aangedui het dat hulle aan 'n fokusgroepbespreking sal deelneem, doelbewus gekies word.

1.4 DATA-INSAMELING

Volgens Corbin en Strauss (2008:27) is die een voordeel van kwalitatiewe navorsing die feit dat daar verskeie metodes van data-insameling bestaan soos onderhoude voer, waarneming, video's, dokumente, dagboeke, nuusblaaie, biografieë en sketse. Die navorser gaan van 'n geskrewe opdrag en fokusgroepbespreking gebruik maak om data in te samel.

1.4.1 Metode van data-insameling

Al die leerders in graad 8 en 9, wat hulle bereid verklaar het om 'n geskrewe opdrag uit te voer, sal gevra word om 'n paragraaf of twee òf 'n gedig te skryf òf selfs toepaslike tekeninge of sketse te maak om selfoongebruik en verhoudinge tussen maats uit te beeld.

Die geskrewe werkopdrag sal dus lui:
Vertel my van selfoongebruik en verhoudinge tussen maats.
Jy kan 'n *paragraaf of gedig skryf en toepaslike tekeninge maak as jy die opdrag uitvoer.*

Die navorser beplan om die geskrewe opdrag en die fokusgroepbespreking buite skoolverband te laat plaasvind.

’n Fokusgroep word daargestel, omdat dit “groot hoeveelhede gekonsentreerde data in ’n kort tyd” oplewer (Greeff, 2011:362). Fokusgroepbesprekings, met die navorser as fasiliteerder, sal fokus op die invloed wat selfoongebruik op portuurgroepverhoudinge het. Daar sal van ’n bandopnemer gebruik gemaak word. Data word dus ingesamel in ’n atmosfeer van dinamiese groep-interaksie (Greeff, 2011:364). Deelnemers kan uitbrei op mekaar se idees en opmerkings om ’n weldeurdagte standpunt te lewer (Nieuwenhuis, 2007:90). Vrae moet meestal oop en weldeurdag wees om ’n vryer (en gemakliker) reaksie van deelnemers te ontlok (Creswell, 2009:181; Greeff, 2011:364). Tydens die fokusgroepbespreking sal klankopnames gemaak word om rekord te hou van verbale kommunikasie**.** Na afloop van die bespreking sal die notas en bandopnames wat gemaak is getranskribeer word. Fokusgroepbesprekings word beplan totdat dataversadiging plaasvind. Dataversadiging vind plaas wanneer dieselfde inligting herhaal, terwyl geen nuwe inligting bykom nie (Greeff, 2011:350).

Welman *et al.* (2007:202) wys daarop dat fokusgroeplede versigtig gekies moet word ten einde probleme te voorkom met betrekking tot die kwaliteit van die inligting wat ingewin word. Genoemde skrywers stel voor dat familie en vriende nie deel behoort te wees van dieselfde fokusgroep nie omdat hulle ’n negatiewe invloed mag hê op die anonimiteit van die antwoorde van die deelnemers.

In die lig hiervan sal die navorser poog om in die samestelling van die fokusgroep(e) die volgende beginsels te handhaaf:

- ’n eweredige balans in die getal graad 8- en 9-leerders wat geselekteer sal word
- sover moontlik verhoed dat “goeie maats” saam in een fokusgroep ingesluit word
- ’n balans handhaaf tussen die getal seuns en meisies in die fokusgroep
- Indien daar tweelinge in een van die grade is, dat slegs een ingesluit sal word.

Triangulasie sal verseker word deur gebruik te maak van opstelle en fokusgroepe wat kan bydra tot die betroubaarheid van die inligting wat ingewin word.

1.4.2 Doel van werkopdragte

Die doel van hierdie opdragte is om moontlike temas te identifiseer wat verder en meer in diepte eksploreer kan word in die fokusgroeponderhoude. Dus sal die ontleding van die data, wat tydens die geskrewe opdragte ingewin is, help om spesifieke vrae te formuleer vir die fokusgroepbesprekings.

1.5 DATA-ONTLEDING

Kwalitatiewe data-analise is ’n proses van induktiewe beredenering, denke en teoretisering (Schurink *et al.,* 2011:399). Die geheim van data-analise sal wees om data gereeld deur die navorsingsproses te analiseer en verskeie interpretasies te oorweeg voordat teoretiese standpunt ingeneem word (Schurink *et al.*, 2011:403). Die proses van data-analise behels die maak van notas, kategorisering en kodering van data, identifisering van patrone, reëlmatighede en temas, evaluering van data vir bruikbaarheid, interpretasie en ontwikkeling van sisteme vir kategorisering en die voorstelling van data (Schurink *et al.*, 2011:403).

Creswell (2003:218-222) se ses stappe word gebruik as ’n sistematiese proses om teksdata te analiseer en te kodeer.

Shenton (2004:63) beveel Guba se model aan om betroubaarheid te verseker in ’n kwalitatiewe studie. Guba stel vier strategieë voor vir oorweging, naamlik geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroubaarheid en bevestigbaarheid (Greeff, 2012:58; Shenton, 2004:64-73). Buiten Guba se kategorieë, is daar ook ander benaderings wat gevolg kan word om die navorsing se kwaliteit te bepaal (Shurink *et al.,* 2011:421), soos waarheidsgetrouheid en toepaslikheid.

Geloofwaardigheid in die navorsing sal verseker word deur te let op ooreenkomste tussen die menings van die deelnemers en die navorser se beskrywing daarvan (Schurink *et al.,* 2011:419-420). Oordraagbaarheid sal verseker word deurdat die navorser die navorsingsprosedures en -metodes deeglik sal verwoord (Schurink *et al.,* 2011:420). ’n Logiese, goed gedokumenteerde en nagesiende navorsingsproses verseker vertroubaarheid (Shurink *et al.,* 2011:420). Die bewyse wat die navorser gee wat die bevindinge uitbrei deur middel van ouditering verseker bevestigbaarheid. Verskeie tegnieke, onder andere fokusgroeponderhoude en veldnotas, verhoed

aannames en verseker waarheidsgetrouheid. ’n Ryk beskrywing van die fenomeen, naamlik die invloed van selfone op die portuurgroepverhoudinge van die vroeë adolessent, bied lesers ’n goeie begrip en die geleentheid om die beskrywing van die navorsingsverskynsel te vergelyk met hul eie situasie (Creswell, 2003:224; Shenton, 2004:70) en verseker so toepaslikheid. Konsekwentheid van die navorsing word verseker deur die navorsingsontwerp en die uitvoering daarvan, versameling van data, asook die effektiwiteit van die proses in detail, sodat ’n toekomstige navorser dit kan gebruik. Om neutraliteit daar te stel moet die navorser sovêr moontlik waak teen vooroordeel en bevindinge moet die deelnemers se idees en ondervindinge weerspieël (Shenton, 2004:72).

1.5.1 Metode van dataverifikasie

Dataverifikasie word verseker deur literatuurkontrole en triangulering.
Literatuur dien as teoretiese basis waarteen bevindinge van ’n studie met ander bevindinge vergelyk kan word (Creswell, 2003:33). Die navorser sal dus ’n literatuurkontrole onderneem om bevindinge met bestaande inligting in die literatuur te kontroleer. Die samestelling en vergelyking van notas, klankopnames en bevindinge van die fokusgroepe sal verseker dat triangulering plaasvind en verseker dat meer volledige gevolgtrekkings gemaak kan word.

1.6 ETIESE KWESSIES

Die volgende etiese aspekte (Strydom, 2011:115-126) is in hierdie studie van toepassing:

- Uitskakeling van moontlike skade en risiko. Die deelnemers sal nie fisies of emosioneel geskaad word nie deur vooraf ingelig te word oor die moontlike impak van die ondersoek (Creswell, 2003:230; Rubin & Babbie, 2011:78; Strydom, 2011:115).
- Vrywillige deelname. Respondente sal ook te enige tyd deelname mag staak (Babbie, 2011:67; Louw & Louw, 2007:41).
- Ingeligte toestemming. Die navorser beoog om ’n toestemmingsbrief aan die ouers te gee waarin die navorsingsprosedure, doelstelling en werkswyse uiteengesit sal word.

- Vertroulikheid. Alle inligting wat ingesamel sal word moet as vertroulik beskou word en veilig gestoor word (Creswell, 2009:91; Maree & van der Westhuizen, 2007:41).
- Ontlonting. Indien sekere deelnemers van die besprekings in die fokusgroep emosioneel beleef het, sal daar gereël word vir ontlontingsessies deur ’n kliniese sielkundige.
- Respek. Die navorser sal respek toon vir deelnemers en navorsingspersele deur plekke te laat soos dit gevind is en deur op die tyd te let om die deelnemers se programme so min as moontlik te ontwrig (Creswell, 2009:90).

1.7 HOOFSTUKUITLEG

Die navorsingsverslag sal in die vorm van ’n verhandeling as volg uiteengesit word:

Hoofstuk 1 Inleiding en uiteensetting van die navorsingstudie
Hoofstuk 2 Vroeë adolessensie en die gebruik van die selfoon
Hoofstuk 3 Toepassing van die navorsingmetode
Hoofstuk 4 Navorsingsbevindinge en literatuurkontrole
Hoofstuk 5 Gevolgtrekkings en aanbevelings

1.8 SAMEVATTING

Die doel van die hoofstuk was om ’n bespreking te gee van die navorsingsprobleem ten einde ’n navorsingsvraag en navorsingsdoel te formuleer. Die kwalitatiewe navorsingsmetode wat gevolg gaan word is ook bespreek. In die volgende hoofstuk sal literatuur oor die vroeë adolessent en selfoongebruik ondersoek en bespreek word ten einde insig te verkry in verband met die fenomeen sodat latere bevindinge met bestaande inligting in die literatuur gekontroleer kan word.

HOOFSTUK 2

VROEË ADOLESSENSIE EN DIE GEBRUIK VAN DIE SELFOON

2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om ’n oorsig te gee van die vroeë adolessente fase ten einde dié fase in perspektief te plaas ten opsigte van portuurgroepverhoudinge en selfoongebruik. Die vroeë adolessente fase word aangespreek in terme van die ontwikkelingstake wat kenmerkend van dié fase is. Die term adolessent sal as wisselterm vir die vroeë adolessent gebruik word in die bespreking wat volg.

2.2. VROEË ADOLESSENSIE

Goossens (2008:1), Louw en Louw (2007:278-279) asook Passer *et al.* (2009:585), omskryf adolessensie as die oorgangstydperk tussen kinderjare en volwassenheid. Goossens (2008:1) beskryf die grense van adolessensie as ietwat buigbaar en noem dan dat “The Society for Research on Adolescence” hulle navorsing só indeel dat vroeë adolessensie tussen 10 en 15 jaar val. Alhoewel Dacey *et al. (*2004:22), asook Swart *et al.* (2004:487) die vroeë adolessent as die periode tussen die ouderdomme 11 tot 14 jaar beskou, beskryf Cobb (2010:16) vroeë adolessensie as die tydperk tussen 10 en 15 jaar wat gekenmerk word deur veranderende geslagsrolle, die begin van puberteit, meer onafhanklike verhoudinge met ouers en meer volwasse verhoudinge met portuurs. Vroeë adolessente moet leer om hul nuwe gevoelens en ontwikkelende liggame te integreer tot ’n nuwe selfbegrip (Cobb, 2010:17).

’n Kenmerk van vroeë adolessensie is verwisseling van skole. Op ongeveer 13 betree die vroeë adolessent die hoërskool, wat baie keer groter as die laerskool is met ’n groter leerlingtal om vriende uit te kies. Hierdie skoolverwisseling gaan baie keer gepaard met verlies van vriende wat na ander skole is, maar bring ook die geleentheid om nuwe vriende te maak (Goodwin *et al.* 2012:322).

Die teikengroep vroeë adolessente van hierdie navorsing val tussen die ouderdom van 13 en 15 jaar ten einde leerders in graad 8 en 9 te akkommodeer.

2.3 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE VROEË ADOLESSENT

Die ontwikkelingstake van die vroeë adolessent word onder andere gekenmerk deur kognitiewe (ook gesien as ontwikkeling van operasionele denke), morele, self-identiteits- en emosionele ontwikkeling, asook die lidmaatskap van ’n portuurgroep en die vestiging van heteroseksuele verhoudinge (Alsaker & Kroger, 2008:101; Meyer, 2005:152).

2.3.1 Kognitiewe ontwikkeling

Lehalle (2008:71) beskryf kognitiewe ontwikkeling as opeenvolgende vlakke van intellektuele aanpassing van geboorte tot volwassenheid. Volgens Berk (2012:566), Cobb (2010:40), Meyer (2005:155) en Woolfolk en Perry (2012:479) verwys Piaget na kognitiewe ontwikkeling as die formele operasionele denkfase waartydens die adolessent se denke abstrak, sistematies en wetenskaplik word. Hierdie fase ontwikkel al meer tydens vroeë adolessensie en hulle leer om logiese gevolge van optredes te voorspel (Carr, 2008:16). Carr (2008:16) meen vroeë adolessente kan nie altyd in spesifieke kognitiewe stadia ingedeel word nie. So ook argumenteer Kuhn (2009:159) dat dit nie so maklik is om formele denke aan ’n ouderdom te koppel nie, aangesien daar byvoorbeeld te veel indiwiduele verskille is in die ouderdom waarin die gedrag na vore kom. Kuhn (2009:169; Belsky, 2010:265) beskou die adolessente jare as ’n groeiperiode in die vaardighede van abstrakte, ondersoekende en wetenskaplike denke.

Die formeel-operasionele periode (Piaget se finale ontwikkelingsfase) sluit in ’n nuwe manier van redenering, naamlik om te dink oor denke (Carr, 2008:15; Kuhn, 2009:158; Woolfolk & Perry, 2012:479). Hiermee word bedoel dat adolessente bewus word van hulle denke en dat hul wetenskaplik kan begin redeneer (Berk, 2012:569). Berk (2012:566) verduidelik twee hoofeienskappe van die formeel-operasionele fase, naamlik die ontwikkeling van hipoteties-deduktiewe redenering en voornemende denke (propositional thought). Hipoteties-deduktiewe redenering beteken dat wanneer ’n probleem opgelos moet word die adolessent met ’n hipotese of voorspelling van veranderlikes begin wat die uitkoms mag beïnvloed. Hiervan maak hulle logiese toetsbare gevolgtrekkings. Veranderlikes word dan sistematies geïsoleer en saamgevoeg om te bepaal watter van hierdie gevolgtrekkings deur die werklikheid bevestig word (Berk, 2012:566). Adolessente kan vooruit dink en raak

bewus daarvan dat situasies verskillende uitkomste kan hê en verskillende moontlikhede in hul gedagtes uitspeel, dit is, wat is en wat kan wees (Rathus, 2011:485; Woolfolk & Perry, 2012:479). Hierdie manier van probleemoplossing of denkfokus vorder dus van moontlikheid na werklikheid verwerkliking. Só is dit vir adolessente moontlik om aan hulself te dink in die hede sowel as hulself met toekomsmoontlikhede (Cobb, 2010:110,134). Die tweede eienskap van die formele operasionele fase is dié van voornemende denke ("propositional thought"). Voornemende denke verwys na die adolessent se vermoë om die logika van voornemens (verbale stellings) te evalueer deur te verwys na werklike omstandighede (Berk, 2012:567). Cobb (2010:129) verduidelik dat adolessente makliker redeneer oor voornemens wat sin maak en gee 'n voorbeeld: "As jy in die gange hardloop, sal jy gestraf word." Operasionele denke sluit dus verbale beredenering van abstrakte begrippe in (Berk, 2012:567; Woolfolk & Perry, 2012:480).

Volgens Berk (2012:578-579) vind subtiele maar belangrike veranderinge plaas wat **taalontwikkeling** (as deel van kognitiewe ontwikkeling) betref tydens adolessensie. Adolessente se woordeskat raak meer uitgebreid en hulle maak gebruik van uitgebreide grammatikale konstruksies. Reflektiewe gedagtes en abstrakte denke verhoog metalinguistiese bewussyn of die moontlikheid om aan taal as 'n sisteem te dink. Figuurlike taal, soos die gebruik van spreuke, asook sarkasme en ironie word bemeester (Berk, 2012:579; Cobb, 2010:136).

Gedurende adolessente se kognitiewe ontwikkeling ontdek hulle logiese teenstrydighede soos wanneer ouers nie beoefen wat hul "preek" nie. Jong adolessente het ook nog nie die besef dat andere se filosofiese standpunt van hul eie mag verskil nie (Carr, 2008:16). Adolessente vind dit moeilik om hulle eie belange van andere se belange te onderskei (Rathus, 2011:488). Hierdie **kognitiewe egosentrisme** veroorsaak dat die adolessent interpersoonlike konflik, wat logiese konflik en teenstrydighede insluit, nog nie so goed kan hanteer nie (Carr, 2008:16).

Besluitneming is tydens kognitiewe ontwikkeling van die adolessent nog nie so ontwikkel soos dié van volwassenes nie, daarom kies adolessente heel waarskynlik korttermyndoelwitte bo langtermyndoelwitte. Volwassenes verwag meer van

adolessente en oorweldig deur die baie besluite val adolessente terug op gewoonte, impulsiewe optrede of uitstel soos die uitstel van take of besluite (Berk, 2012:574). Woolfolk en Perry (2012:463) sluit hierby aan met die stelling dat die brein meer ontwikkel is in die intuïtiewe beloningsoekende sisteem en dit verklaar waarom risikogedrag vir die adolessent te aantreklik kan wees om te weerstaan.

2.3.2 Morele ontwikkeling

Morele ontwikkeling sluit kognitiewe- en gedragsaspekte in (Rathus, 2011:492), dus om die besluit te neem van wat reg of verkeerd is in ’n spesifieke situasie en dan op te tree volgens die besluit (Woolfolk & Perry, 2012:397).
Die morele oordeel van baie adolessente word volgens Rathus (2011:487) gebaseer op formele operasionele denke. Hulle redeneer dus deduktief van algemene morele beginsels af om te bepaal wat reg of verkeerd is in bepaalde situasies (Rathus, 2011:487). Adolessensie word gekenmerk deur die bevraagtekening van reëls, raak sien van onregverdighede in die wêreld en die betrokke raak by idealistiese sake (Belsky, 2010:269).

Moreel beskou, vind adolessente uitsluiting van vriende uit die portuurgroep verkeerd (Smetana & Villalobos, 2009:204). Redes vir uitsluiting is byvoorbeeld onaantreklikheid (gesien in die lig van die ontwikkelende sosiale identiteit van die groep), besorgdheid oor straf as gevolg van vorige gedrag van die indiwidu, die gevaar waaraan die persoon ander mag blootstel en lojaliteit (Smetana & Villalobos, 2009:205). Uitsluiting word met verloop van jare al meer as verkeerd beskou (Smetana & Villalobos, 2009:205).

Kohlberg (soos aangehaal deur Berk, 2012:609-610) verdeel morele ontwikkeling in drie vlakke, naamlik die pre-konvensionele vlak, waar oordeel suiwer gegrond word op die persoon se behoeftes en persepsies, die konvensionele vlak, waar verwagtinge van ander soos die samelewing en die wet inag geneem word en die post-konvensionele- of beginselvaste vlak, waar oordeel op meer universele beginsels, wat nie noodwendig gebaseer is op die samelewing se wette nie, gegrond word (Woolfolk & Perry, 2012:398).

2.3.3 Selfidentiteit

Selfkonsep is oortuiginge omtrent jouself, terwyl selfbeeld die positiewe of negatiewe evaluering van die self in geheel is (Cobb, 2010:210,152). Kinders voel geliefd en ontwikkel selfwaarde wanneer ouers liefdevol teenoor hulle is (Cobb, 2010:162). Die gesin en portuurgroep lewer die grootste bydrae tot die vestiging van selfbeeld van die adolessent (Berk, 2012:602; Cobb, 2010:163). Veranderinge in selfkonsep en selfbeeld dra by tot die ontwikkeling van ’n persoonlike identiteit (Berk, 2012:601). Selfkonsep raak meer abstrak, gedifferensieerd en aanpasbaar gedurende adolessensie, sodat adolessente byvoorbeeld aan hulself dink in terme van eienskappe soos skaamte, impulsiwiteit en vernuf (Berk, 2012:601; Cobb, 2010:162). Selfbeeld verander deurdat adolessente nuwe dimensies van selfevaluering toevoeg, soos hegte vriendskap en romantiese aantreklikheid (Berk, 2012:602). Om self-identiteit te vorm, moet adolessente ontdek waarvan hul hou, wat hul glo en waarin hul goed is. Om op ’n eerste afspraak of “date” te gaan kan die idee van “ek is aantreklik” versterk (Cobb, 2010:162).

Erikson (soos aangehaal deur Woolfolk & Perry, 2012:569) glo dat die soeke na identiteit die belangrikste ontwikkelingstaak vir die vroeë adolessent en die adolessent is. Rathus (2011:509) is van mening dat identiteitsverwarring dikwels eie is aan die vroeë adolessentefase. Identiteitsverwarring beteken die indiwidu het nie verbintenis tot eie doelwitte, waardes en oortuiginge nie (Berk, 2012:603; Rathus, 2011:509). Dus is dit ’n belangrike taak vir vroeë adolessente om te ontdek wie hul is en waarvoor hul staan (Rathus, 2011:542; Woolfolk & Perry, 2012:528) of om te soek na ’n persoonlike identiteit omdat hul weet dat hul nie meer kinders en nog nie volwassenes is nie (Cobb, 2010:19). Adolessente besef dat daar teenstelling tussen hul ware self en ideale self is en dit veroorsaak dat hul selfbeeld kan skade ly, veral as die teenstelling groot is (Rathus, 2011:542; Woolfolk & Perry, 2012:569). Verskillende boodskappe van verskillende groepe oor adolessente en hul eie teenstrydige manier van hulself beskryf, verwar die adolessent oor watter karaktereienskappe om aan te neem (Woolfolk & Perry, 2012:569). Selfbeeld neem af tydens vroeë adolessensie, maar verbeter weer later vanaf middel adolessensie wanneer die adolessent nie meer so besorg is oor wat ander van hul dink nie (Carr, 2008:27; Woolfolk & Perry, 2012:569).

Adolessente ontdek hulself primêr deur middel van selfopenbaring. Selfopenbaring is ’n behoefte van adolessente waar hul intieme gedagtes, gevoelens en geheime van hulself met iemand anders deel en uitruil (Berk, 2012:623; Cobb, 2010:210). Adolessente beskou hierdie gedagtes, gevoelens en geheime as probleme wat aangespreek en opgelos moet word (Cobb, 2010:210).

Die feit dat adolessente abstrak begin redeneer oor persoonlike eienskappe, belangstellings en die toekoms, maak identiteitsake die fokuspunt vir hul (Woolfolk & Perry, 2012:528). Die selfidentiteit word gekenmerk deur verhouding tussen die self en ander mense. Twee verwronge beelde ontstaan vir die adolessent uit die verhouding tussen self en ander, naamlik die **verbeelde gehoor/ toeskouers** en die **persoonlike fabel**. Die verbeelde gehoor, sowel as die persoonlike fabel vorm komponente van adolessente egosentrisme (die adolessente het moeite om te onderskei tussen hulle eie sake en dié van ander). Met **verbeelde gehoor** word bedoel dat adolessente uiters selfbewus raak omdat hul glo dat almal op hul fokus, so asof hulle op ’n verhoog optree waar almal dophou wat hul doen. ’n Voorbeeld hiervan is ’n enkele klein puisie wat die adolessent glo almal dadelik sal raaksien (Becket & Taylor 2010:99; Belsky, 2010:270; Berk, 2012:572-573; Rathus, 2011:488). Hierdie gevoel van “op die verhoog wees” bereik sy piek in vroeë adolessensie ongeveer op 14 of 15 jaar volgens Woolfolk en Perry (2012:496). Die opinie van ander het ’n beskermende funksie omdat evaluering deur ander byvoorbeeld waarde vir selfbeeld en portuurgroep-aanvaarding het. Dit help adolessente vashou aan belangrike verhoudinge in hul soeke na onafhanklikheid. (Berk, 2012:572-573; Smetana & Villalobos, 2009:218). Elkind (soos aangehaal in Belsky, 2010:270) noem die tweede komponent van adolessente egosentrisme, die **persoonlike fabel,** waarin adolessente ’n hoë dunk van hul eie belangrikheid ontwikkel, omdat hulle oortuig is dat hulle so uniek en spesiaal is (Rathus, 2011:488). Met betrekking tot die persoonlike fabel beskou die adolessent homself as hoogs bekwaam en invloedryk (Berk, 2012:572; Smetana &Villalobos, 2009:218). Hierdie fokus op eie vernaamheid mag inmeng met adolessente vriendskappe. Hierdie verwronge denke verduidelik die vergrootte emosionele storms wat tydens vroeë adolessensie voorkom. Adolessente glo dat hul gevoelens so uniek is dat hul ouers en selfs hul vriende hul nie werklik kan verstaan nie. Die persoonlike fabel kan lei tot risikogedrag, byvoorbeeld: “Dit kan nie met my gebeur nie…” (ek kan nie

swanger raak nie/ doodgaan nie/ iets oorkom nie) ek is soos “Superman” of “Superwoman” (Belsky, 2010:270; Berk, 2012:573; Rathus, 2011:488).

2.3.4 Emosionele ontwikkeling

Emosionele ontwikkeling dui op veranderinge in die gemoedstoestande tydens die oorgang na adolessensie (Goossens, 2008:67). Emosies word tipies binne verhoudinge ervaar deur die adolessent (Goossens, 2008:51).
Depressie simptome, asook diagnose daarvan styg merkbaar tydens vroeë adolessensie (Goodwin *et al.,* 2012:321). Goossens (2008:53) en Woolfolk en Perry (2012:569) sluit hierby aan wanneer hulle noem dat vroeë adolessensie gekenmerk word deur ’n afwaartse, meer negatiewe en minder buitengewoon positiewe gemoedstoestande. Hy noem ook dat emosionele wisselvalligheid eintlik in die kindertyd ontstaan en nie ’n nuwe verskynsel in die nuwe ouderdomsfase is nie. Navorsing van Larson en Lampman-Petraitis (Goossens, 2008:52), dui daarop dat vroeë adolessente meer negatiewe emosies tydens die oorgaan van kindertyd na volwassenheid ervaar. Meer negatiewe ervarings soos verandering van skole of verbreekte verhoudinge veroorsaak verhoogde negatiewe gemoedstoestande vir die vroeë addolessent (Goodwin *et al.,* 2012:322; Goossens, 2008:55). Woolfolk en Perry (2012:569) bring ook gewildheid onder die portuurgroep, selfbeeld, skoolvervreemding en skoolprestasie in verband met gemoedswisselinge.

Adolessente is meer emosioneel intens as volwassenes en ervaar ’n mallemeule van buie wat vinnig kan wissel tussen die hoogste geluk en die diepste neerslagtigheid (Belsky, 2010:274; Woolfolk & Perry, 2012:569). Adolessente lewer verslag van meer gemoedsuiterstes en -veranderinge as pre-adolessente. ’n Mate van “storm en drang” is dus tipies vir adolessente volgens Woolfolk en Perry (2012:569). Konflik met hul ouers is dikwels as gevolg van onbenullighede soos kamer opruim en inkomtye saans (Belsky, 2010:274).

Verhoogde doeltreffendheid in die gebruik van ’n veelheid strategieë om outonoom emosies en stres te beheer kom voor (Carr, 2008:24). Hul maak definitiewe onderskeid tussen ware emosionele uitdrukking teenoor nabye vriende en beheerde emosionele vertoon met andere. Hul verstaan die plek van sosiale rolle en emosionele verwagtinge al hoe beter in die maak en onderhouding van

vriendskappe (Carr, 2008:24). Hulle is ook bewus van die belang van wedersydse emosionele openbaring in die maak en behou van vriende (Carr, 2008:25). Adolessente leer hulself, met hul gevoelens en behoeftes, in die portuurgroep ken om sodoende hulself te aanvaar en tot selfvertroue te kom om iemand toe te laat om hul te ken soos wat hul is (Cobb, 2010:166).

2.4 DIE PORTUURGROEP VAN DIE VROEË ADOLESSENT

Kiesner *et al.* (2002:196) omskryf ’n portuurgroep as ’n persoonlike gedefinieerde groep waarmee die vroeë adolessent identifiseer en tyd spandeer. Ling en Yttri (2005) beskryf die portuurgroep as konteks waarin adolessente idees en verskeie identiteite en moontlikhede van die volwassewêreld kan uittoets. Cobb (2010:20) noem die portuurgroep ’n “sosiale laboratorium” waarin adolessente op ’n meer volwasse manier met mekaar omgaan. Portuur verskaf broodnodige emosionele en sosiale ondersteuning op pad na onafhanklikheid (Cobb, 2010:221). Adolessente leer sosiale vaardighede van portuurs en word beloon met onder andere aanvaarding (Cobb, 2010:221).

Erikson (soos aangehaal deur Carr, 2008:29-30) wys daarop dat die vroeë adolessent die dilemma beleef van groepsidentiteit teenoor vervreemding. Carr (2008:30) wys daarop dat vervreemding kan plaasvind wanneer die adolessent nie deur ’n portuurgroep aanvaar word nie. Die behoefte om te behoort moet deur ’n portuurgroep bevestig word. Ouers en skole moet ’n balans handhaaf om adolessente die vryheid te gun om groepsidentiteit te vorm deur portuurgroep–verhoudinge te vorm en behou (Carr, 2008:30). Carr (2008:30) beklemtoon die belang van groeplidmaatskap en die vind van aansluiting in vroeë adolessensie, wat die bepaling van ’n duidelike identiteit in laat adolessensie is.

Pombeni *et al.* (soos aangehaal deur Kiesner *et al.,* 2002:197) vind dat vroeë adolessente met ’n sterk identifikasie met ’n portuurgroep makliker ander mense vra vir ondersteuning, ondersteuning aanvaar en meer gereeld met ander mense praat oor hul probleme as diegene met ’n lae groepidentifikasie. Vriende met wie adolessente ’n sterk verbintenis het, het ook ’n sterker invloed as diegene met wie hulle ’n swak verbintenis het (Kiesner *et al.,* 2002:197).

Die belangrikheid van vriendskap vir die vroeë adolessent is daarin geleë dat hy homself, sowel as aspekte van vriende ontdek (Cobb, 2010:206, 207). Adolessente het die vermoë om mekaar se gedagtes te reflekteer en sien hulself soos hul verbeel hul vir ander moet lyk. Nuwe gedrag word soos nuwe klere “aangepas” en vriende gee broodnodige terugvoer.

Wanneer vroeë adolessente in die hoërskool aan meer kinders van hul eie ouderdom blootgestel word, kan hul gevoelens van geluk, sekuriteit en behoort-aan ondervind, asook ’n beter selfbeeld kry deur deel te word van ’n spesifieke portuurgroep met ’n eiesoortige reputasie (Dacey *et al.,* 2004:258; Ling & Yttri, 2005). Wanneer vroeë adolessente die hoërskool betree bestee hulle minder tyd saam met families, waarskynlik as gevolg van meer buitemuurse aktiwiteite (Cobb, 2010:178). Cobb (2010:179) is van mening dat adolessente meer negatiewe gevoelens jeens hul gesin beleef, minder liefdevolheid teenoor ouers en dat hul minder hulpvaardigheid toon as wat hul as kinders getoon het. So ervaar hul ook ouers as minder ondersteunend en dat hul adolessente minder positief sien (Cobb, 210:179). Konflik met ouers mag vermeerder omdat vroeë adolessente ouers se outoriteit uitdaag om meer onafhanklik te word (Cobb, 2010:179; Kuhn, 2009:211). Adolessente raak bewus dat hul in twee wêrelde leef, naamlik by ouers, waar hul moet konformeer en minder onafhanklik is, en by vriende waar hul op gelyke speelveld deel in besluitneming (Cobb, 2010:180). Navorsing toon aan dat adolessente en ouers geheg aan mekaar bly ten spyte van konflik (Cobb, 2010:185). Te midde van groter vryheid binne goed funksionerende gesinne, bly adolessente verbind aan ouers en maak staat op hul raad (Collins & Steinberg soos aangehaal deur Berk, 2012:621).

Dacey *et al.* (2004:257) verduidelik dat verhoudinge met volwassenes en die portuurgroep verskillende rolle in die adolessent se lewe vervul. Volwassenes bied ’n bron van leiding en goedkeuring in die vorming van doelwitte en waardes, terwyl persoonlike ervaringe en bekommernisse met portuurs gedeel word by wie adolessente meer gemaklik voel omdat hul glo hul portuurs verstaan hul beter as volwassenes.

2.4.1 Ontwikkelingspatrone van die portuurgroep

Brown (Dacey *et al.,* 2004:255) noem vier maniere waarop die portuurgroep verander vanaf die kindertyd tot adolessensie, naamlik meer tyd word spandeer saam met die portuurgroep en minder saam met volwassenes, portuurgroepe word minder beheer deur volwassenes, adolessente begin meer met wisselwerking met die teenoorgestelde geslag en portuurgroepe identifiseer hulself met groter groepe wat sekere waardes, aktiwiteite en ingesteldheid verteenwoordig soos “jocks, nerds, druggies” en “populars”. Hierdie punte word breedvoerig bespreek in 2.4.5.

2.4.2 Funksies van die portuurgroep

Volgens Kelly en Hansen (soos aangehaal deur Dacey *et al.,* 2004:256-7) vervul die portuurgroep onder andere die volgende funksies ten opsigte van die vroeë adolessent:

Die portuurgroep help die vroeë adolessent om:

- woede-opwelling te beheer: Deur middel van interaksie met hulle maats, leer adolessente verskillende maniere van hantering van aggressie soos selfgeldende gedrag eerder as boeliegedrag en aggressie/woede.
- emosionele en sosiale ondersteuning te verkry (Cobb, 2010:209; Woolfolk & Perry, 2012:569) en meer onafhanklik te word van volwassenes (Ling & Yttri, 2005).
- sosiale vaardighede te verbeter en redeneervermoë te ontwikkel en leer om gevoelens op meer volwasse wyse uit te druk (Cobb, 2010:216, 221).
- gevoelens van liefde, omgee en woede uit te druk deur middel van die sosiale interaksie wat die portuurgroep bied omdat die vroeë adolessent ’n dringende behoefte het aan verbintenis en om te behoort (Cobb, 210:207).
- ’n houding jeens seksualiteit en geslagsrolgedrag te ontwikkel (Cobb, 2010:20).
- morele oordeel en waardes te versterk. Adolessente maak hul eie besluite en beoordeel self wat reg is binne die portuurgroep wat hul help om morele beredenering te ontwikkel.
- hulle eie selfwaarde te verhoog. Verhoogde gevoelens van positiewe selfwaarde word ervaar wanneer die portuurgroeplede van die adolessent hou

en hul die adolessente bel of uitvra vir ’n afspraak of bloot deur emosionele ondersteuning (Dacey *et al.,* 2004:258; Ling & Yttri, 2005; Rathus, 2011:514, 515).

2.4.3 Portuurgroep en rituele interaksie

Ling en Yttri (2005) beskryf verskeie dimensies van die rituele interaksie in die portuurgroep. Die portuurgroep bied voorskrifte hoe om jouself met gerustheid te oriënteer in “volwasse” situasies. Die portuurgroep verwag terselfdertyd getrouheid van die indiwidu en maak hul bewus van hul tekortkominge. Deur oriëntasie tot die norme en vereistes van die portuurgroep stel die indiwidu sigself bloot aan verskeie toetse vir populariteit en tot die vasgestelde vereistes van hoe om aan te trek, wat om te eet en hoe om nie beheer te verloor nie. Binne hierdie konteks kan indiwidue ook hul eie invloed laat geld. Hul kan besluit wat gebeur in die groep, byvoorbeeld help bepaal watter aktiwiteite van belang is. Modes en neigings wissel vinnig binne die adolessente-portuurgroep. Op ’n gegewe tyd is daar ’n groep of indiwidu wat ’n groter rol het in die voorskrywing van styl en aktiwiteite en algemene gedrag van die groep.

Haddon (2002:120) beskryf die rituele van uitruiling in terme van ’n selfoon en SMS (objek). Om vertroue te demonstreer en te toets word geskenke gegee en ontvang wat sosiale verhoudinge tussen mense versterk. Deur ander aan jou foon te laat vat en gebruik vir oproepe, toon jy vertroue in hulle. As boodskappe ontvang en gedeel word met iemand, word vriendskap versterk (Haddon, 2002:120). Adolessente verwag ’n antwoord en word verplig om die uitdaging van die skenker te aanvaar (Haddon, 2002:121). Teksboodskappe met ”Goeie môre” en “Goeie nag” is soos ’n seremonies en rituele handelinge en wys op verbintenis in verhouding.

2.4.4 Die betekenis van ’n portuurgroep vir die vroeë adolessent

Die portuurgroep speel toenemend ’n sentrale en belangrike rol in die emansipasieproses van die vroeë adolessent (Ling & Yttri, 2005). Woolfolk en Perry, (2012:569) beskou die portuurgroep as bron van sosiale en emosionele steun, terwyl Berk (2012:622) die eienskap van belangrike brug tussen gesin en volwasse sosiale rolle uitlig.

2.4.5 Portuurgroepstruktuur

Portuurgroepe kan verskillende strukture aanneem, soos boesemvriende, klieke en groepe. Meeste adolessente behoort aan klieke en groepe (Cobb, 2010:221; Rathus, 2011:518; Woolfolk & Perry, 2012:569).

Die belang en invloed van die portuurgroep word uitgebeeld in die struktuur van die portuurgroep**. Boesemvriende** is die basis van die portuurgroepstruktuur. Vroeë adolessente kies heel waarskynlik vriende met dieselfde eienskappe as hulself/of wat net soos hulself is (Berk, 2012:623; Goodwin *et al.,* 2012:321). Hierdie vriende is beskikbaar om ondersteuning te bied wanneer nodig. Vriendskappe is belangrik vir die adolessent en help vorm ’n positiewe selfbeeld, werk eensaamheid teen, help hul om gepas op te tree en akademies te presteer (Goodwin *et al.,* 2012; Woolfolk & Perry, 2012:570). Rathus (2011:517) noem dat adolessente meer vriende het as jonger kinders, waaronder een of twee as beste vriende en die res as goeie vriende tel. Hartup en Stevens (soos aangehaal deur Berk, 2012:622) is weer van mening dat die vroeë adolessent ongeveer vier tot ses beste vriende het. Adolessente beklemtoon lojaliteit en egtheid as belangrike aspekte van vriendskap en deel eerder met vriende as om in kompetisie met hul te wees (Berk, 2012:623; Rathus, 2011:518). Vroeë adolessente bly bewus van konkrete eienskappe van vriendskap, maar word ook bewus van die meer sielkundige aspekte soos vertroue, intiemheid en betroubaarheid, terwyl hul meer bewus raak van vriende se persoonlikhede (Smetana & Villalobos, 2009:204).

Meisies beskou naby vriendskappe meer belangrik as seuns en wend meer pogings aan om vriendskappe te verdiep terwyl hul ook meer tyd saam met vriende spandeer (Rathus, 2011:518; Woolfolk & Perry, 2012:570). Meisies het een of twee goeie vriende, terwyl seuns in groter groepe beweeg wat nie noodwendig sulke goeie vriende is nie. Meisies hou van ongestruktureerde aktiwiteite soos musiek luister of gesels, terwyl seuns georganiseerde groepsaktiwiteite verkies soos speletjies en sport (Berk, 2012:624; Rathus, 2011:518). Verskillende groepe het verskillende portuurkulture wat positiewe of negatiewe gedrag kan aanmoedig (Woolfolk & Perry, 2012:569).

Naby vriendskappe bied geleentheid tot selfontdekking en om ander beter te verstaan: eerlike kommunikasie maak vriende sensitief/gevoelig vir mekaar se sterk-

en swakpunte, behoeftes en begeertes en dié proses ondersteun ontwikkeling van selfkonsep en identiteit (Berk, 2012:625). Ondersteunende vriendskappe bevorder empatie, simpatie en prososiale gedrag en help adolessente om spanninge van adolessensie te hanteer (Berk, 2012:626). Naby vriende verskaf die basis vir toekomstige intieme verhoudinge, alhoewel selfopenbaring aan vriende gebeur voor dié met romantiese maats (Berk, 2012:626).

Berk (2012:626) se standpunt is dan ook dat naby vriendskappe die adolessent se houding jeens skool in die algemeen bevorder met goeie aanpassing, akademies sowel as sosiaal. As adolessente interaksie met vriende by die skool geniet, kan dit daartoe lei dat hulle skool in die algemeen geniet.

Klieke is kleiner, intiemer groepe wat uit naby vriende bestaan wat dieselfde agtergrond, belangstelling, geslag en ouderdom het en waarmee die adolessent die meeste tyd spandeer (Berk, 2012:626; Cobb, 2010:221; Woolfolk & Perry, 2012:569). Volgens Belsky (2010:285) is die ledetal van ’n kliek ongeveer ses of vyf tot tien of tussen drie en tien volgens Cobb (2010:221) of vyf tot agt volgens Berk (2012:626). Lede van die kliek neem saam deel aan aktiwiteite en tree op ooreenkomstig die standaarde en gedrag van die groep. Lidmaatskap van ’n kliek het implikasies op hoe jy aantrek, optree, praat, wie jou vriende is en wat jy dink van skool (Woolfolk & Perry, 2012:507). Volgens Cobb (2010:222) behoort ongeveer die helfte van adolessente (dit sluit vroeë adolessente in) aan ’n kliek. Hy noem dat sosiale adolessente/skakelpersone nie aan ’n spesifieke kliek behoort nie maar dat hulle vriende in verskeie klieke het (Cobb, 2010:222). Hierdie skakelpersone het byvoorbeeld vriende in die toneelgroep en die voetbalspan en bring hierdie groepe bymekaar uit wat mekaar andersins nie sou ken nie (Cobb, 2010:222). Randfigure behoort ook nie aan ’n kliek nie en het min betrekkinge met ander (Cobb, 2010:222). Adolessente kan aan meer as een kliek behoort (Woolfolk & Perry, 2012:569). Klieklidmaatskap word aanvanklik vir dieselfde geslag gereserveer (Berk, 2012:626).

’n Belangrike funksie van die kliek is dat dit die agtergrond bied waarteen sosiale vaardighede verwerf word, terwyl daar ook met waardes en rolle eksperimenteer word (Berk, 2012:627). Kliek-aktiwiteite verskaf raad as die vaardighede nie slaag nie of verskaf terugvoering in verband met die sukses van die vaardighede aan die adolessent (Cobb, 2010:222). Dunphy beskou die enkel belangrikste doel van die

kliek om die adolessent van dieselfde geslagsinteraksie na gemengde geslagsinteraksie te help oorgaan (Cobb, 2010:222). Groepe bestaan aanvanklik uit een geslag en ontmoetings met die teenoorgestelde geslag geskied in die veiligheid van groepe. ’n Enkel geslag kliek ontmoet as groep ’n ander geslag kliek as groep (Berk, 2012:627; Cobb, 2010:223). Adolessente beplan meestal groepsaktiwiteite met klieklede (Cobb, 2010:222). Kliek-aktiwiteite gedurende die week kan vergelyk word met voorbereiding vir die groepsaktiwiteite oor naweke (Cobb, 2010:223).

Die **groep** is ’n groter en meer onpersoonlike eenheid, minder intiem en georganiseerd, met dieselfde waardes, wat uit ongeveer 20 adolessente bestaan (Berk, 2012:626; Cobb, 2010:222; Woolfolk & Perry, 2012:570). Groepe het die meeste invloed tydens vroeë en middel adolessensie (Woolfolk & Perry, 2012:570). Reputasie, selfbeeld en status hou verband met groeplidmaatskap (Berk, 2012:626; Woolfolk & Perry, 2012:570). Groeplidmaatskap bied identiteit aan die adolessent binne die skoolstruktuur byvoorbeeld lid van dramaklub (Berk, 2012:626). Die **groep** bestaan uit groter versamelings klieke en is bekend vir hul spesifieke gesindhede of aktiwiteite (Belsky, 2010:291; Rathus, 2011:519). Cobb (2010:222) beweer dat die groep uit vriende van jou kliek, asook verskeie ander bestaan. Helfte van die adolessente se beste vriende is in dieselfde groep (Cobb, 2010:222). Groepsaktiwiteite bied die adolessente die geleentheid om nuwe sosiale vaardighede te probeer (Cobb, 2010:222). Cobb (2010:223) beklemtoon die belangrikheid vir die adolessent om aan ’n groep te behoort en verduidelik dat groepe en klieke saam met die adolessent ontwikkel.

Alle groepe is nie gelyk nie, party het meer prestige. By meeste skole is ’n “leidende groep”, bestaande uit adolessente met goeie selfbeeld wat respekteer en selfs beny word deur andere (Berk, 2012:626; Cobb, 2010:223). Adolessente word gereeld op skool herinner aan hul status, byvoorbeeld wie mag voor wie in ’n tou staan of wie mag aan sekere aktiwiteite deelneem (Cobb, 2010:223). Tog gaan dit eerder oor die “behoort aan” as die status van die groep vir die adolessent (Cobb, 2010:224). Hierdie groepe, soos die “jocks” (baie bedrywig met sport) of die “brains” (nie-atlete wat akademie geniet) maak dit vir adolessente makliker om vriende soos hulself te vind in groot hoërskole, dus vriende wat hul waardes en idees deel (Belsky, 2010:291). Die oorgang van ’n kleiner laerskool na ’n groter hoërskool kan stresvol wees vir die adolessent (Berk, 2012:580; Goodwin *et al.,* 2012:320). Aikins *et al.*

(soos aangehaal deur Berk, 2012:581) meen adolessente met naby vriendskappe het ’n beter kans om vriendskappe te behou gedurende die oorgang van skole, met beter sosiale integrasie en akademiese motivering in ’n nuwe skool (Berk, 2012:581). Belsky (2010:286) noem ook dat adolessente ’n sekere voorkoms aanneem om die boodskap te stuur: “Ek is jou soort mens. Wees vriende met my.” Wanneer adolessente geassosieer word met ’n groep waarvan hul die beeld aanvaar, is dit ’n positiewe belewing vir die adolessent. Wanneer hul met ’n groep wat ongewild is verbind word, kan dit hul ongemaklik laat voel. Adolessente kan nie altyd hul groep kies nie maar word aan ’n groep toegewys deur hul maats as gevolg van etnisiteit, sosiale klas, persoonlikheid en aktiwiteite. Die leier van die groep is die persoon wat die groep se doelwitte verpersoonlik en die leier se optrede stel die standaard vir die lede se optrede (Belsky, 2010:287). Portuurs is tydens vroeë adolessensie baie belangrik in die ontwikkeling van gedrag (Knecht *et al.,* 2009:495). Portuurinteraksies gedurende vroeë adolessensie bemiddel dus die vaslegging van probleemgedrag (Belsky, 2010:288).

Belsky (2010:287) beskou die groep as die ideale medium om die gaping tussen die geslagte te oorbrug, omdat vroeë adolessente steeds in hul klieke van dieselfde geslag bly. Om te voldoen aan portuurgroepverwagtinge en om aan ’n groep te behoort is belangriker vir jonger vroeë adolessente. Vroeë adolessente verkies vriende van dieselfde geslag en hul keuse van vriende is willekeurig (Belsky, 2010:287). Tydens vroeë adolessensie bestaan klieke uit een geslag en gemengde groepe ontwikkel later in adolessensie (Belsky, 2010:287; Berk, 2012:626).

Bendes kom meestal voor in misdadige en verarmde gemeenskappe en bestaan gewoonlik uit portuurgroepe met kriminele gedrag (Belsky, 2010:291).

2.4.6 Portuurgroep as groepsdruk

Keating (soos aangehaal deur Goodwin *et al.,* 2012:322) beskou jonger adolessente as meer vatbaar vir groepsdruk vanweë hul minder ontwikkelde kognitiewe vaardighede soos abstrakte denke en impuls-onderdrukking.

Groepsdruk is meestal teen wangedrag en nie daarvoor nie (Dacey *et al.,* 2004:253; Rathus, 2011:520). Portuur versterk waarskynlik net gedragspatrone wat bestaan het voordat die indiwidu by die groep aangesluit het (Rathus, 2011:520). Weerstand

teen groepsdruk groei voortdurend tydens adolessensie alhoewel adolessente meer vatbaar is vir negatiewe groepsdruk in emosioneel gelaaide situasies (Belsky, 2010:271; Berk, 2012:629). Dit verduidelik volgens Steinberg (Belsky, 2010:271) hoekom verstandige adolessente soms onverantwoordelike goed doen saam met hul vriende. Steinberg se navorsing bewys dat adolessente onder 16, dus vroeë adolessente, onmiddellike belonings bo toekomstiges kan verkies. Adolessente wat wankelrige emosionele ondersteuning van ouers kry, sal makliker ’n hoër prys betaal vir portuurgroepaanvaarding (Dacey *et al.,* 2004:254). Adolessente uit gesaghebbende huise het ’n beter selfbeeld en selfbegrip, weet besluite het gevolge en maak staat op hul ouers se emosionele ondersteuning en toon die minste inskiklikheid (Cobb, 2010:228; Dorius *et al.* soos aangehaal deur Berk, 2012:629). Adolessente van gesaghebbende ouers verkies groepe wat goed vaar op skool (Collins *et al.* soos aangehaal deur Woolfolk & Perry, 2012:506).

Volgens Cobb (2010:227) kan adolessente hulle eie indiwidualiteit op die spel plaas ter wille van die sekuriteit wat ’n groep bied en die “behoort aan” ’n groep. Optrede en denke volgens die groepnorme is die prys wat betaal word om te behoort aan die groep (Cobb, 2010:228). Inskiklikheid bereik sy piek in vroeë adolessensie (Cobb, 2010:227) en wel tussen 12 en 15 jaar volgens Berndt (soos aangehaal deur Goodwin *et al.,* 2012:322) se bevindinge. Vroeë adolessente word so beïnvloed deur ander se oordeel dat hul regte antwoorde sal verander om aan te pas by dié van die groep (Cobb, 2010:228). Inskiklikheid is op sigself nie sleg nie maar word opsigtelik wanneer die norme van een groep teen ’n ander indruis soos tussen adolessente en ouers (Cobb, 2010:228). Cobb (2010:228) verduidelik ook dat vroeë adolessente met ’n hoë status in die portuurgroep en dié met ’n goed ontwikkelde selfbegrip waarskynlik nie so maklik sal toegee nie.

Cobb (2010:229) se mening is dus dat portuurgroepdruk die sterkste is tydens vroeë adolessensie wanneer die vroeë adolessent ’n goed gedefinieerde groep se steun die meeste benodig. Die portuurgroep word minder belangrik namate adolessente meer seker van hulself word (Cobb, 2010:229).

Adolessente se oortuigings en persoonlikhede temper invloed van portuur, byvoorbeeld as adolessente drankgebruik as skadelik beskou word hul minder beïnvloed deur drankgebruik tussen vriende (Cobb, 2010:230). Crocket *et* al. (soos

aangehaal deur Berk, 2012:629) se standpunt is dat adolessente wat bevoeg en waardevol voel, nie sensasiesoekend is nie, meer effektiewe besluitmakers is en minder toegee aan anti-sosiale gedrag. Seuns neem die uitkoms in ag en sal nee sê as hul in die moeilikheid gaan kom. Meisies ervaar druk van portuuraanvaarding en vriendskap as bron en rede om toe te gee selfs al is die uitkoms negatief (Cobb, 2010:230). Vroeë adolessente wat ouers as streng ervaar, is meer geneig om belangrike aspekte in hul lewe, soos skoolprestasie of talente, op te gee om populêr te wees. Cobb (2010:231) bevind dat ingesteldheid en gedrag van andere (ouers/portuurgroep) baie wissel ten opsigte van die beïnvloeding van die adolessent.

Konflik kan adolessente help om hul verhouding met hul ouers te versterk. Ouers dra by deur adolessente aan te moedig om hul mening uit te spreek en vir hulself te dink (Cobb, 2010:231).

Berk (2012:627) noem dat heteroseksuele verhoudinge tussen 12 en 14 jaar gewoonlik gemaklik is en nie lank hou nie. Ontspanning en portuurstatus is meestal vroeë adolessente se rede vir uitgaan (“dating”). Uitgaan vind plaas as paartjies in kleingroepe na aktiwiteite soos skooldanse, partytjies en fliek (Berk, 2012:627; Woolfolk & Perry, 2012:547). Adolessente heteroseksuele kwaliteit-verhoudinge kan bydra tot ’n positiewe romantiese selfkonsep en algemene selfwaarde vir die adolessent (Woolfolk & Perry, 2012:547).

2.5 DIE SELFOON

Die selfoon is die afkorting vir sellulêre foon en word ook ’n mobiele foon genoem, omdat dit ’n draagbare kommunikasiemiddel is. Die selfoon is ’n elektroniese toestel wat vir stem- of datakommunikasie gebruik word (Wikipedia 2013).

Ontstaan: Die konsep van selfone ontstaan in 1947 toe navorsers besef het dat die destydse motorfone deur meer mense gebruik sou word as ’n diensgebied in selle opgedeel kon word wat elk deur ’n sender bedien word.

Dr. Martin Cooper, destydse voormalige hoofbestuurder van ’n afdeling van die Amerikaanse kommunikasiemaatskappy, Motorola, saam met ’n aantal mede-ontwerpers, demonstreer op 3 April 1973 die eerste draagbare handfoon.

In 1978 stel proefklante die nuwe stelsel in Chicago op die proef, terwyl die eerste kommersiële selfoonstelsel in Tokio, Japan, in 1979 in werking gestel word. Verdere ontwikkelinge vind plaas in die tagtigerjare. Suid-Afrikaners maak in die negentigerjare kennis met die selfoon. (Mieliestronk 2013).

Werking: Radiogolwe is verantwoordelik vir die seine na die selfoon en verbind die foon met die naaste ontvangsantenne. Die verbinding gebruik ’n aantal telefoondrade om die antenne te bereik wat die naaste is aan die persoon wat gebel word. Elke antenne het ’n beperkte reikwydte, radioseine sal te swak raak buite die grense van die betrokke sel. Diensverskaffers moet dus antennes (selfoontorings) goed versprei. Selfone is gedurig in verbinding met antennes en soek outomaties na ’n nuwe antenne (Mieliestronk 2013).

Gebruike/funksies: Telefoongesprekke is maar een van die selfoon se vele gebruike. Die goedkoopste teksboodskappe wat op die foon ingetik word en na ’n ander gebruiker gestuur word om self te lees, word SMS’e of teksboodskappe genoem. Musiek kan afgelaai en geluister word op die foon. Speletjies word gespeel, dit word as kamera of radio gebruik, finansiële transaksies soos banktransasies of aanlynaankope, kan gedoen word. Dan is daar ook e-pos, toegang tot die Internet, MMS (sien bladsy x vir beskrywing) vir die stuur van foto’s en video’s. Ouer tipe selfone het nie al die funksies, bekend as randkantfunksies, wat nuwer selfone het nie soos Internet, kamerafunksie en musiekspeelfunksie.

2.5.1 Selfoongebruik

Vroeë adolessente word groot in ’n tegnologiese wêreld wat hul ouers eers as volwassenes betree het (Cobb, 2010:23). Woolfolk & Perry (2012:568) beweer dat om tussen 1995 en 2009 gebore te wees, en dus deel van Generasie–Y te wees, beteken dat jy met tegnologie groot word en die eerste generasie is wie se ouers tegnologie saam met hul omhels. Tegnologie is oral in hul lewens geïntegreer en hul is altyd in verbinding (Woolfolk & Perry, 2012:567).

Vroeë adolessente beskou portuurs as ’n noodsaaklikheid. Hul interaksie met mekaar is dus uitgebreid, naamlik nie net van aangesig tot aangesig nie maar ook deur middel van die selfoon (Rathus, 2011:520). Om gereeld naby aan vriende te bly moet adolessent op foon gesels of bymekaar kom (Cobb, 2010:215). ’n Groot

deel van vroeë adolessente se emosionele en sosiale ontwikkeling vind plaas terwyl hul besig is met hul selfone (O'Keeffe *et al.,* 2011:800). Blair en Fletcher (2011:171) verduidelik dat die selfoon 'n belangrike instrument is om vroeë adolessente fisies en emosioneel in verbinding te hou met ouers en vriende. Blair en Fletcher (2011:171) brei daarop uit deur te sê dat vroeë adolessente daarop fokus om portuurverhoudinge te bevorder vir steun en vriendskap, terwyl ouer-kindverhoudinge steeds 'n belangrike rol speel (Blair & Fletcher, 2011:171). Blair en Fletcher (2011:171) beweer dus dat die selfoon die potensiaal het om sosiale verbondenheid ('n psigososiale taak tydens adolessensie) te ondersteun. Die selfoon bied 'n nuwe konteks waarin adolessente hul identiteit kan uitdruk en ontdek (Davis, 2013:2282).

Valkenburg en Peter (soos aangehaal deur Davis, 2013:2283) argumenteer dat aanlyn aktiwiteit geleentheid bied om te eksperimenteer met identiteite en om terugvoer, bekragtiging van ander te kry. Hierdie selfuitdrukking en selfbekragtiging versterk die selfkonsep. Beide ouer- en portuurverhoudinge beïnvloed die vroeë adolessent se identiteit. Meeus *et al*. (soos aangehaal deur Davis, 2013:2282) is van mening dat een van die maniere waarop ouers vroeë adolessente se begrip van identiteit beïnvloed, is deur die indirekte invloed wat hul op die kwaliteit van hul vriendskappe het. Davis (2013:2289) bevind in sy navorsing dat ouer- en portuurverhoudinge saam adolessente se identiteit beïnvloed. Veral positiewe verhoudinge met 'n ma het positiewe impak op portuurverhoudinge en groter selfkonsep duidelikheid. Davis (2013:2282) is van mening dat daar 'n positiewe assosiasie tussen aanlyn portuurkommunikasie en kwaliteit van vriendskap van adolessente is. Davis (2013:2290) wys daarop dat aanlynkommunikasie nie die "aflyn"-weergawe vervang nie, maar dit uitbrei (Davis, 2013:2290). Koutamanis *et al.* (2013:2271) beweer die vermoë om verhoudinge te inisieer verbeter met tyd en oefening met behulp van kitsboodskappe en dat hierdie vermoë in aangesig-tot-aangesigsituasies gebruik word om sodoende "offline" vriendskappe te verbeter (Koutamanis *et al.,* 2013:2271). Kitsboodskappe deur middel van die selfoon bly die mees populêre manier van aanlynkommunikasie, selfs al verander applikasies en webtuistes (Koutamanis *et al.,* 2013:2271).

2.5.2 Voordele van selfoongebruik

Die gebruik van die selfoon hou verskillende voordele in vir die vroeë adolessent: Sosialisering en kommunikasie vind plaas deur middel van die selfoon deur byvoorbeeld in verbinding te bly met vriende en familie en nuwe vriende te maak (O'Keeffe *et al.,* 2011:801). Generasie–Y is konstant verbind en tegnologie is geïntegreer in alle aspekte van hul lewens en hul word gekenmerk as ervaringsleerders en knap "multitaskers" wie se tegnologiese vaardighede werkgewers en onderwysers stomslaan (Woolfolk & Perry, 2012:567). Teksboodskappe en IM (instant messaging) dra waarskynlik by tot die nabyheid van vriendskappe (Lenhart soos aangehaal deur Berk, 2012:625). Selfone is vir kommunikasie en dus vir bymekaar wees (Lobet-Maris & Henin, 2002:106).

SMS'e of teksboodskappe veral, is heeltemal privaat, terwyl SMS'e ook as groepskommunikasie gebruik kan word (Höflich & Rössler, 2002:84-85). Selfone bied dus persoonlike kommunikasie volgens Lobet-Maris en Henin (2002:107). Selfone kan ook verpersoonlik word deur middel van verskillende kleure, verskeie buideltjies (pouches), logo's en "wallpaper" op die skerm, luitone ensovoorts vir 'n unieke voorkoms soortgelyk aan 'n modebykomstigheid (Lobet-Maris & Henin, 2002:109).

Die selfoon kan gesinskoördinering voorsien en gee beheer oor die adolessent deurdat hul enige tyd bereik kan word (Ling & Yttri, 2005). Adolessente het ook direkte kontak met hul portuurgroep deur middel van dieselfde sisteem.

Aanlyn kommunikasie bied adolessente meer geleenthede om sosiale vaardighede te oefen en aan te leer omdat hul gereeld elke dag só kommunikeer (Koutamanis *et al.,* 2013:2265). Cobb (2010:155) noem ook dat adolessente sosiale vaardighede oefen deur aanlyn met identiteite te eksperimenteer. Selfone bied leergeleenthede, soos tegnologiese vaardighede wat nodig is in die hedendaagse lewe (Ito, soos aangehaal deur Rathus, 2011:524).

Adolessente kan "multitask" (kenmerkend van Internetgebruik en die adolessent) byvoorbeeld deur besig wees te wees met enigiets aanlyn, soos musiek aflaai of kitsboodskappe stuur, terwyl hul met iemand praat en so verkies om nie onbeskof te wees nie (Cobb, 2010:105,153).

2.5.3 Risiko's in die gebruik van 'n selfoon

Afgesien van die voordele in die gebruik van 'n selfoon, is daar ook sekere risiko's aan verbonde.

Ouers/moeders vrees dat hul te gou beheer oor adolessente sal verloor en dat vroeë adolessente te gou **te veel onafhanklikheid** kry (Blair & Fletcher, 2011:169). Moeders is besorg oor verlies aan beheer en verlies aan verbinding met adolessente kinders (Blair & Fletcher, 2011:173).

Selfone kan 'n soort van **valse onafhanklikhanklikheid** aan vroeë adolessente gee deurdat hul onafhanklik lyk maar eintlik afhanklik bly as gevolg van die feit dat hulle hul ouers enige tyd kan bereik met enige probleem wat hul teëkom. Indien so, ontwikkel hul dalk nie die sosiale en kognitiewe vaardighede wat nodig is vir onafhanklikheid nie (Blair & Fletcher, 2011:173; Campbell, 2006).

Interpersoonlike **misverstande** kom voor as gevolg van 'n tekort aan nie-verbale leidrade soos gesigsuitdrukking en stemtoon (Werner *et al.,* 2010:608). Klorer (2009:80) noem in dié verband dat interpersoonlike interaksie verlore gaan en dit veroorsaak dat tieners hul sensitiwiteit in verhoudinge verloor.

Gebrek aan sosiale interaksie deurdat 'n aansienlike hoeveelheid tyd bestee word om met afwesige mense te kommunikeer ten koste van mense in die nabyheid (Hunt, 2011). So noem Kirsch (2011) dat teksboodskappe met verloop van tyd gesels begin vervang by adolessente wat rapporteer het dat hul aanvanklik om en by eweveel tyd gesels as teksboodskappe stuur.

'n Verdere risiko in die gebruik van 'n selfoon is **kubertreitering.** Hiermee word bedoel dat digitale media met opset misbruik word om vals, beskamende of vyandige inligting oor 'n ander persoon, asook 'n portuurgroeplid, te versprei (Woolfolk & Perry, 2012:550). Boelies word aangemoedig deurdat hul anoniem kan bly en die boodskap word aan 'n baie groter gehoor gestuur (Woolfolk & Perry, 2012:570). Hierdie boeliegedrag lei tot ondermyning van vryheid om aanlyn hulpbronne te gebruik, met langtermyn gevolge soos vernietiging van reputasie en ernstige emosionele en psigologiese gevolge (Woolfolk & Perry, 2012:570) soos onder andere depressie, eensaamheid, angs, swak skoolprestasie, aggressie (Berk, 2012:502).

Aanvaarding deur en kontak met portuurs is ’n belangrike deel van die lewe van vroeë adolessente. Die intensiteit van die aanlynwêreld mag ’n rol speel om **depressie** by sommige adolessente aan die gang te sit (O’Keeffe *et al.,* 2011:802). Adolessente met “facebook-depressie”[1] loop die risiko vir sosiale isolasie of adolessente kan vir hulp aanklop by gewaagde internet webtuistes en blogs, wat byvoorbeeld agressiewe gedrag of dwelmgebruik kan voorstaan (O’Keeffe *et al.,* 2011:802).

“Sexting” is ’n verdere risikofaktor in die gebruik van ’n selfoon. Dit is om teksboodskappe met seksuele inhoud te stuur of te ontvang of selfs naak of uitlokkende foto’s of videos te stuur of te ontvang, byvoorbeeld deur middel van ’n selfoon (O’Keeffe *et al.,* 2011:802; Rathus, 2011:524; Woolfolk & Perry, 2012:570). Volgens O’Keefe *et al.* (2011:802) kom sexting meestal voor onder ’n klein portuurgroep of ’n paartjie en is dan nie so ontstellend nie. Nog ’n risikofaktor om in aanmerking te neem, is **blootstelling aan onvanpaste inhoud** (O’Keeffe *et al.,* 2011:800). Tynes *et al.* (soos aangehaal deur Berk, 2012:625) noem in die verband afkrakende en etnies neerhalende opmerkings en seksueel obsene en teisterende opmerkings.

’n Verdere risikofaktor van die gebruik van die selfoon is om **vriendskappe** te sluit en ontwikkel met ongewenste persone (Nurulla, 2009:21). Blair en Fletcher (2011:164) noem dat ouers veral bekommerd is dat selfone gebruik word om met die teenoorgestelde geslag te kommunikeer. Hulle bekommernis was veral dat hierdie kommunikasie sonder toesig is.

Slaapontneming is nog ’n risikofaktor by die misbruik van ’n selfoon, want genoeg slaap is nodig vir gesonde ontwikkeling terwyl te min slaap kan lei tot aggressie (Lemola *et al.,* 2012:103). Adolessente het ongeveer 9 ure slaap nodig. Hormoonaktiwiteit veroorsaak dat hul slaapsiklus dikwels eers na 11 saans begin, wat meebring dat hul te min slaap omdat hul reeds ongeveer 6:00 moet opstaan. Hulle verloor ongeveer twee ure slaap per nag wat maak dat hul nie optimaal kan funksioneer by die skool nie (Belsky, 2010:281).

[1] Depressie wat ontstaan wanneer adolessente baie tyd op sosiale-media webtuistes bestee en dan klassieke depressiesimptome toon

Verslawing is iets wat gewoontevormend is en onttrekking toon as die medium nie gebruik word nie. Selfoonverslawing is nog ’n risikofaktor van die gebruik van ’n selfoon, want die selfoon kan ’n *kommunikasie-verdowingsmiddel* word. Vandag se selfoon is meer as net ’n foon: dit het byvoorbeeld ook Internet, video’s en verskillende toepassings soos facebook wat jou wêreldwyd in verbinding kan bring. Laasgenoemde is deel van die rede hoekom dit ’n verslawing geword het. Dit kan gerieflik saamgedra word en persone soek paniekerig wanneer hul nie hul selfoon kan kry nie (Kirsch, 2011). Tot sowat 57% persent van tieners tussen 13 en 19 in die VSA beskou hul selfoon as die sleutel tot hul sosiale lewe (Harris interactive soos aangehaal deur Kirsch in 2011). Woolfolk en Perry (2012:569) verwys in dié verband na ’n ongesonde afhanklikheid van tegnologiese gereedskap.

Vroeë adolessente besef nie dat hul ’n digitale voetspoor op die Internet agterlaat nie omdat wat op die Internet gelaai is, daar bly en bewyse van watter webtuistes besoek is agterbly. Toekomstige beroepe en aanvaarding by tersiêre opleidingsinstansies mag skade lei of in gevaar gestel word. Te veel of vals inligting omtrent hulself of ander plaas hulle privaatheid op risiko (Berk, 2012:625; O’Keeffe *et al.,* 2011:802). Interaksie met vreemdes en verskaffing van inligting wat liefs privaat moes bly (Woolfolk & Perry, 2012:569) is ook ’n faktor.

Die voortdurende in-kontak-bly van adolessente deur middel van teksboodskappe en e-posse is ’n risiko vir prestasie omdat dit baie keer tydens klastyd en huiswerk gepaard gaan (Berk, 2012:584; Blair & Fletcher, 2011:164). Media “multitasking” terwyl met huiswerk besig is fragmenteer aandag en gereelde “multitaskers” vind dit moeilik om onvanpaste stimuli uit te skakel, selfs al is hul nie besig om te “multitask” nie. Adolessente se mees gereelde “multitasking” is om te luister na musiek terwyl hul met huiswerk besig is of kommunikeer met vriende (Berk 2012:585). Berk (2012:585) beweer dat leer so outomaties en oppervlakkig geskied.

2.5.4 Selfoongebruik in die portuurgroep

Ling en Yttri (2005) is van mening dat die gebruik van die selfoon nuwe moontlikhede vir portuurgroepinteraksie voorsien. Die selfoon help om sosiale verhoudinge binne die portuurgroep te ontwikkel (Ling & Yttri, 2005; Nurulla, 2009:20). Aan die anderkant kan die selfoon aandag aflei van die sosiale interaksie

binne die gesin, soos wanneer ’n ete onderbreek word deur ’n oproep (Ling & Yttri, 2005).

Vroeë adolessente bly voortdurend meer in kontak met hul portuurgroep met behulp van selfone as kommunikasiemiddel (Louw & Louw, 2007: 336; Odendaal, 2004:64; Lenhart, 2009; Blair & Fletcher, 2011:156). Die gebruik van ’n selfoon bied geleentheid om vriende te maak en idees uit te ruil (O’Keeffe *et al.,* 2011:803). Nurulla (2009:23) noem dat die gebruik en besit van ’n selfoon bydra tot die identiteitsontwikkeling en prestige van die adolessent (Campbell, 2006:196). Nurulla (2009:21) beskryf die werklike impak van die selfoon as die vermoë om adolessente se identiteit te definieer. Die emansipasie van adolessente van hul ouers dra by tot die vorming van hul identiteit (Nurulla, 2009:21). Die selfoon verskaf vryheid - ouers is meer gemaklik met reëls as adolessente ’n selfoon het en ouers en adolessente onderhandel met mekaar - maar is ook ’n beheer-instrument omdat ouers direkte verbinding het met die adolessent (Blair & Fletcher, 2011:157).

Die gebruik van SMS’e of teksboodskappe deur onder andere die vroeë adolessent as vorm van interaksie met hulle portuurgroep kan aangepas word vir hul eie doeleindes. Hiermee word bedoel dat die selfoon gebruik kan word om adolessente se sosiale lewens en afsprake te reël, te ontsnap van ouerlike toesig en om met vriende en familie te bind (Fortunati & Magnanelli, 2002:73). Blair en Fletcher (2011:163) noem ook koördinering en organisering van aktiwiteite wat vergemaklik word en so die verbinding met vriende ondersteun. Hulle gee twee voorbeelde: “come up to the mall”, of bekom inligting oor ‘n partytjie sodat die adolessent ’n besluit kan maak om te gaan of nie (Blair & Fletcher, 2011:164).

Die stuur en ontvang van boodskappe skep ’n gevoel van “behoort aan” vir die adolessent (Katz & Aakhus, 2002:159; Nurulla, 2009:21). Haste (soos aangehaal deur Nurulla 2009:20) beweer dat SMS’e die voorkeurmanier is vir kontak vir byna alle kommunikasie en sosiale aktiwiteite. So word die SMS ook vir sosialisering en selfuitdrukking asook in die handhawing van vriendskappe onder adolessente gebruik (Ling & Yttri, 2005).

Om ’n selfoon te besit verhoog kommunikasietyd met vriende wat hoogs aantreklik is (Blair & Fletcher, 2011:163). Hierdie kommunikasie deur middel van SMS of oproep

laat hul werklik aanvaar voel omdat hul verstaan word deur hul portuurgroep, volgens Fortunati en Magnanelli (2002:73).

Kommunikasie tussen vroeë adolessente word vergemaklik met die indiwidualisering van die selfoon wat beteken dat ’n persoon bykans gewaarborg is om by die gekose persoon uit te kom (Ling &Yttri, 2005). Dit waarborg ’n onmiddellike interpersoonlike interaksie en nie ’n breë sosiale interaksie waar byvoorbeeld eers met iemand gepraat moet word wat die huisfoon antwoord nie (Ling & Yttri, 2005). Veral die SMS word baie gebruik en met Internet deesdae (ook op selfone) is mense altyd beskikbaar (Nurulla, 2009:19,23).

Selfone kan status, invloed en populariteit aan adolessente besorg in die portuurgroep soos wanneer hul die meeste boodskappe of oproepe ontvang of as hul ’n spesifieke soort selfoon besit of die meeste kontakte op hul foon het (Campbell, 2006:196; Ling soos aangehaal deur Nurulla, 2011:158; Ling & Yttri, 2005; Lobet-Maris & Henin, 2002:110). Hierdie elemente is ’n bevestiging van die indiwidu se sukses in die vestiging van sy eie sosiale identiteit om so invloed binne die groep te bekom (vergelyk Nurulla, 2009:23).

Die hoë gebruik onder meer van SMS’e, speletjies speel en aanstuur van prentboodskappe kenmerk adolessente se selfoongebruik (Nurulla, 2009:19). As subkultuur manifesteer dit dan in die norme van groter groepe soos verhoogde indiwidualistiese neigings by adolessente (Pertierra soos aangehaal deur Nurulla, 2009:19). Thurlow (soos aangehaal deur Nurulla, 2009:20) noem adolessente die dryfveer agter die groeiende teksboodskapkultuur maar ook slawe daarvan. Selfoonkultuur het eie norme, waardes en gedragspatrone wat radikaal verskil van die pre-selfoon-era, soos die sosiale norme van praat in openbare plekke (Nurulla, 2009:23). Die subkultuur word geskep deur aanwending van selfone as kommunikasie- en ontspanningstoestel (Nurulla, 2009:23).

2.6 VROEË ADOLESSENTE, HUL PORTUURGROEP EN GESIN EN DIE SISTEEMTEORIE

Die sisteemteorie volgens Marisol *et al.* (2008:165) is dié benadering waar die gesin beskou word as georganiseerde onafhanklike eenhede, verbind deur gedragsreëls en dinamiese funksies tot permanente interaksie en uitruiling met die buitewêreld.

Kinderontwikkeling word beskryf as die wederkerige invloede tussen kinders en hul omgewing (Rathus, 2011:21) volgens die ekologiese sisteemteorie, ontwikkel deur Urie Bronfenbrenner (soos aangehaal deur Berk, 2012:25,26). Berk (2012:25,26) verduidelik dat die kind in ’n komplekse sisteem van verhoudinge ontwikkel wat beïnvloed word deur ’n veelheid vlakke van die omgewing. Volgens Bronfenbrenner (soos aangehaal deur Berk, 2012;26) is die omgewing ’n reeks interverwante gevestigde strukture wat uit ’n sisteem of ’n ingewikkelde funksionerende geheel bestaan. Aspekte van sielkundige, sosiale, biologiese en emosionele ontwikkeling word deur hierdie teorie aangespreek volgens Rathus (2011:21). Bronfenbrenner (soos aangehaal deur Rathus, 2011:21) beklemtoon fokus op die tweerigting interaksie tussen ouer en kind, want terwyl ouers ’n meerdere invloed op die kind het, het selfs babas se ingebore temperament weer ’n invloed op ouers. Die reeks sisteme waarin kinders ontwikkel is ingebed in groter sisteme (Rathus, 2011:21). Die vyf sisteme in Bronfenner se ekologiese teorie is die mikrosisteem, mesosisteem, eksosisteem, makrosisteem en chronosisteem, wat elkeen afsonderlik bespreek sal word.

Rathus (2011:21) se figuur (figuur 2.1) toon dat sisteme waarin kinders ontwikkel binne groter sisteme lê. Kinders en hierdie sisteme beïnvloed mekaar wedersyds (Rathus 2011:21).

Figuur 2.1 Sisteme waarin kinders ontwikkel (Rathus 2011:21)



Die **mikrosisteem** is die binneste vlak van die omgewing en bestaan uit aktiwiteite en interaksiepatrone in die kind se onmiddellike omgewing (Berk 2012;26; Woolfolk & Perry, 2012:53). Volgens Rathus (2011:22) sluit die onmiddellike omgewing onder andere die skool, huis en portuurgroep in. Op hierdie vlak beklemtoon Bronfenbrenner (Berk, 2012:26), moet in ag geneem word dat verhoudinge tweerigtend of wederkerig is, aldus Woolfolk en Perry (2012:53), wat beteken dat ouers kinders beïnvloed maar dat kinders se fisiese persoonlikhede en vaardighede ook volwassenes beïnvloed. ’n Voorbeeld is ’n vriendelike kind wat ’n positiewe reaksie van ouers ontlok. Adolessente beïnvloed ook hul ouers - en speel so ’n aktiewe rol in die sosialiseringsproses - en nie net ouers die adolessente nie (Marisol *et al.,* 2008:165). Ander persone in die mikrosisteem (*derde partye*) beïnvloed ook die kwaliteit van ’n twee-persoon verhouding. Wanneer persone mekaar ondersteun, word die interaksie net verbeter, byvoorbeeld ouers wat mekaar bystaan en aanmoedig in hul kindgrootmaakrolle, word beide beter ouers (Berk, 2012:26).

Die **mesosisteem** sluit verhoudinge en interaksies tussen al die elemente van die mikrosisteem in, soos interaksies tussen gesinslede en met bure, dokters en onderwysers (Berk, 2012:26; Woolfolk & Perry, 2012:53). Al die verhoudinge is weereens wederkerig (byvoorbeeld ouers beïnvloed die bure en die bure die ouers) en beïnvloed die kind (Woolfolk & Perry, 2012:53). Gershoff en Aber (soos aangehaal deur Berk, 2012:26,27) gee die voorbeeld van ’n kind se skoolvordering wat nie net afhang van wat in die klaskamer gebeur nie maar ook van die ouer se betrokkenheid en die mate wat leer na die huis oorgedra word. Ontwikkeling word meer gesteun wanneer daar wederkerige skakeling tussen die huis en die kindersorgsentrum is, soos besoeke aan die skool deur die ouers. Die gesamentlike effek van twee of meer agtergronde op die kind word aangespreek deur die ekologiese sisteem benadering (Rathus, 2011:22), of die mesosisteem, wat dien as verbinding wat die verskillende kontekste waarin die kind ontwikkel, byeenbring. Droege (2001) beskryf die mesosisteem as ’n brug tussen onder andere twee omgewingsagtergronde, te wete dié van die skool en dié van die huis van die kind se lewe wat andersins nie met mekaar te doen sou hê nie. ’n Kind moet oorgange tussen die huis en skool met ’n verskil in waardesisteem, byvoorbeeld dissiplinêre styl, onafhanklik hanteer (Droege, 2001). ’n Deel van ’n bekende agtergrond soos die huis word saam met die kind oorgedra na ’n nuwe mikrosisteem (Droege, 2001). Die mikro- en mesosisteem beïnvloed die kind direk, omdat die kind daadwerklik betrokke is in hierdie omgewings. ’n Kinderpartytjie saam met sy ouers en maats van die skool en buurt stel die kind byvoorbeeld aan minstens drie mikrosisteme gelyk bloot en laat hom wonder wat van hom verwag word (Droege, 2001).

Sosiale omgewings waar die kind nie direk deelneem nie, maar wat ’n indirekte invloed het op die kind, word die **eksosisteem** genoem (Berk, 2012:27; Rathus, 2011:22; Woolfolk & Perry, 2012:53). Hierdie omgewings is formele organisasies, byvoorbeeld ouers se werk en godsdienstige instellings of die skoolbeheerliggaam (Berk, 2012:27; Rathus, 2011:22). By die ouers se werk sal buigbare werksure en verlof vir ouers as hul kinders siek is, byvoorbeeld ontwikkeling steun (Berk, 2012:27). Volgens Rathus (2011:22) bepaal hierdie werksure die hoeveelheid tyd wat die ouers beskikbaar is vir hul kinders, asook hul gemoedstoestand terwyl hul by hul kinders is. Informele ondersteuning soos raad van vriende, metgeselle en selfs finansiële bydraes vorm deel van die eksosisteem.

Droege (2001) beskou die **makrosisteem** as die mees abstrakte en komplekse van die vier sisteme. Die makrosisteem vorm die heel buitenste vlak van die model. Droege (2001) verduidelik die makrosisteem as "'n persoonlike stel waardes en oortuiginge wat binne die kind vorm op grond van die kind se unieke stel persoonlike ondervindinge EN wat dien as filter of lens waardeur dié kind toekomstige ondervindinge interpreteer". Die makrosisteem bestaan uit interaksie van kinders met waardes, oortuiginge, verwagtinge, lewenstyl, rituele en gebruike van hul kulturele omgewings (Berk, 2012:27; Rathus, 2011:22). Wanneer kinders se behoeftes prioriteit geniet in die makrosisteem, beïnvloed dit die steun wat hul in binnevlakke van die omgewing geniet, dit wil sê beter kindersorg neig na meer gunstige ondervindings vir die kinders in hulle direkte omgewing (Berk, 2012:27).

Droege (2001) verduidelik dat kinders deur die ekso-, meso- en mikrosisteme met gebeurtenisse, verhoudinge en aktiwiteite te doen kry wat 'n impak het op hul manier van dink en voel het. Hul waardes en oortuiginge word gevorm deur byvoorbeeld die waardes van die kultuur waarin hul groot word en die godsdiens van hul ouers. 'n Nuwe ervaring word beleef deur die waardes en oortuiginge wat hul tot dusver gevorm het. Hul interpreteer, verstaan en ervaar nuwe ondervindinge op grond van wat hul uit die ervaringe van die verlede geleer het.

Die navorser is van mening dat wanneer op die adolessent gefokus word, moet die makrosisteem veral in gedagte gehou word. Adolessente en hulle ouers het verskillende makrosisteme omdat hulle in verskillende tydperke opgegroei het met verskillende invloede, waardes en oortuiginge. Elkeen se unieke lewensgebeure vorm die lens waardeur hul kyk en dus sake verskillend interpreteer (Droege, 2001).

Droege (2001) verduidelik verder dat die makrosisteem 'n invoed het op WATTER ondervindinge kinders gaan hê, asook HOE kinders hierdie ervaringe gaan interpreteer. Geslag, godsdiens, tydperk, sosio-ekonomiese omstandighede, politieke sieninge en die kultuur waarin die kind opgroei vorm die makrosisteem en bied ondervindinge aan kinders wat hul waardes en oortuiginge vorm.

Volgens Bronfenbrenner (soos aangehaal deur Berk, 2012:27) beïnvloed die omgewing kinders op verskillende maniere. Die omgewing is 'n veranderende sisteem. Geboorte, aanvang van skoolloopbaan en byvoorbeeld egskeiding van ouers verander bestaande verhoudinge van kinders met die omgewing. Hierdie

nuwe omstandighede het dan weer ’n invloed op ontwikkeling. Die spesifieke tyd waarop ’n sekere verandering in werking tree het ’n invloed, byvoorbeeld wanneer ’n nuwe baba gebore word verskil die invloed wat dit het op die skoolgaande kind wat reeds gevestigde verhoudinge buite die huis het, met dié van die kleuter wat nog tuisbly (Berk, 2012:27). Nog ’n voorbeeld wat Rathus (2011:22) noem is dat die gevolge van egskeiding na ongeveer ’n jaar die toppunt bereik, waarna herstel begin. Hierdie tydsdimensie van Bronfenbrenner word die **chronosisteem** genoem. Die chronosisteem oorweeg verandering wat met tydsverloop plaasvind (Rathus, 2011:22). In terme van hierdie lewensveranderinge skep, verander en kies kinders (ook die adolessent) baie van hul ervaringe self soos wat hul ouer word. Adolessente en hulle omgewing is interafhanklik en die aanpasbaarheid van adolessente beskerm hulle teen die skadelike invloede van stresvolle lewensomstandighede wanneer hul ’n hegte (met byvoorbeeld warmte en met toepaslike verwagtinge) verhouding met een of albei ouers het (Berk, 2012:10,27). Die chronosisteem is die tydsgleuf waarin alle ontwikkeling van die kind voorkom en alle ontwikkeling van die kind (soos byvoorbeeld die geboorte van ’n baba se invloed op ’n spesifieke ouderdom kind) word daardeur beïnvloed (Woolfolk & Perry, 2012:53).

Berk (2012:28), asook Woolfolk en Perry (2012:55) verwys ook na die **dinamiese sisteem** binne die Sisteemteorie. Sommige nuwer sisteemteoretici fokus op hoe kinders hulle gedrag aanpas om meer gevorderde funksionering te ontwikkel. Hierdie dinamiese sisteem wil variasie in kinderontwikkeling beter beskryf en beskou die kind se verstand, liggaam en fisiese en sosiale wêrelde as ’n geïntegreerde sisteem wat die bemeestering van nuwe vaardighede (soos nuwe ouer-kindverhoudinge) te weeg bring (Berk, 2012:28). ’n Verandering (soos breingroei of sosiale omgewingsverandering) in enige deel van hierdie dinamiese, bewegende sisteem sal die huidige organisme - omgewingsverhouding onderbreek. Kinders herorganiseer gedrag sodat die dele van die sisteem weer effektief en meer kompleks kan werk (Fischer *et al.* soos aangehaal deur Berk, 2012:28). Berk (2012:28) verduidelik dat vroeë adolessente en hul ouers nuwe, meer volwasse maniere moet ontwikkel om met mekaar te bind vanweë fisiese, kognitiewe en emosionele veranderinge. Die adolessent se gesinskommunikasie verander en kan by tye onstabiel raak vir etlike jare. Wanneer ouers en adolessente op meer

volwasse maniere oor die weg kom kan die sisteem herorganiseer en stabiliseer en kan interaksie weer voorspelbaar en meestal positief raak (Berk, 2012:28).

Carter en McGoldrick (soos aangehaal deur Marisol *et al.,* 2008:166) argumenteer dat gesinne deur ’n aantal fases van ontwikkeling groei en dat ’n gesin ditself herorganiseer om suksesvol oor te beweeg na die volgende fase. Die krisis by elke oorgangspunt kan vir die gesin stagnasie of groei beteken. Die fase met adolessente kinders word deur Marisol *et al.* (2008:166) die voorbereidingsfase genoem, waar adolessente voorberei om die huis te verlaat en herformulering plaasvind rondom gesinstyl wat die verskille in verwagtinge en wêreldopvattings tussen ouers en hul adolessente uitwys. Minuchin en Fishman (soos aangehaal deur Marisol *et al.,* 2008:166) beskryf ’n fase met skoolkinders en adolessente en beklemtoon dat adolessente die portuurgroep as verwysende element gebruik. Reëls en patrone van die gesin word dikwels omvergewerp deur die belang/belangrikheid van die groep vir die adolessent. Interaksie met die portuurgroep kan ontaard in interaksie met die teenstander. Adolessente wat verandering verwag en onderhandel oor onafhanklikheid (autonomiteit) word deur gesinne as onderbrekend ervaar en vra vir hul herorganisering van norme en interaksie. Die skeidingsproses waar adolessente van die gesin geskei word en wat die gesin as geheel beïnvloed, neem tydens hierdie fase plaas.

Uit bogenoemde bespreking van die ekologiese sisteemteorie kan afgelei word dat vroeë adolessente aktiewe deelnemers is aan hul eie ontwikkeling. Volgens Marisol *et al.* (2008:168) beïnvloed verandering in een van die elemente van ’n sisteem die hele sisteem. Adolessensie is ’n fase van vinnige veranderinge - biologies, kognitief en emosioneel. Alhoewel die adolessent eintlik die veranderinge beleef, het dit ook ’n effek op die kontekste waarvan hul deel is, soos die gesin (Marisol *et al.,* 2008:168).

Padilla-Walker *et al*. (2012:428) verduidelik dat media (en dit sluit selfone in) as ’n buitebron ’n invloed het op die gesin as sisteem. Wanneer gesinslede met mekaar en met die omgewing in interaksie verkeer, tree verandering in. Daaglikse reaksies tussen gesinslede vorm rituele en roetines. Invloed van media kan positief of negatief wees. In die geval van selfone verduidelik hul dat selfone bydra tot die hegtheid en kommunikasie tussen gesinslede. Volgens Padilla-Walker *et.al.*

(2012:429) was deelnemers aan navorsingstudies van mening dat selfoongebruik hul nader aan gesinslede bring.

2.7 SAMEVATTING

In hoofstuk 2 is die teorie aangaande die vroeë adolessente lewensfase asook hulle ontwikkelingstake bespreek. Die mate waarin vroeë adolessente portuurgroepverhoudinge geraak word deur die gebruik van selfone deur vroeë adolessente is in perspektief gestel. Die sisteemteorie en hoe die makro- meso-, mikro-, chrono- en dinamiese-sisteme en die kind mekaar wedersyds beïnvloed is bespreek. Die volgende hoofstuk behels die volledige bespreking van die toepassing van die navorsingsmetode wat gevolg is.

HOOFSTUK 3

TOEPASSING VAN DIE NAVORSINGMETODE

3.1 INLEIDING

Navorsingsmetodologie is reeds inleidend bespreek in hoofstuk 1. In hoofstuk 3 brei die navorser uit oor die metodologie en veral hoe dit toegepas is in die empiriese ondersoek. ’n Sistematiese proses of opeenvolging van stappe is nodig vir ’n wetenskaplik ondersoek (Fouche & Delport, 2011:61). Hierdie stappe wat gevolg is tydens die navorsingsproses word bespreek. Die navorsingstrategie, -voorbereiding, insameling van data, sowel as data-analise word ook aangespreek in hierdie hoofstuk. Etiese riglyne en betroubaarheid van die navorsing word ten slotte bespreek.

3.2 LITERATUUROORSIG

Literatuur bied ’n aanbiedingsraamwerk vir die probleemstelling en verskaf ’n toetssteen waarmee resultate van die navorsing later vergelyk en kontrasteer kan word (Creswell, 2009:27). Literatuur wat in hoofstuk 2 bespreek is, gee ’n oorsig oor literatuur wat beskikbaar is oor vroeë adolessente, portuurgroepe van vroeë adolessente en selfoongebruik van vroeë adolessente. Navorser het nasionale en internasionale wetenskaplike bronne geraadpleeg om die navorsingstema in konteks te plaas.

In die literatuuroorsig is die volgende hoofpunte aangepreek, te wete vroeë adolessensie, ontwikkelingstake van die vroeë adolessent, die portuurgroep van die vroeë adolessent, die selfoon asook vroeë adolessente, hul portuurgroep en gesin en die sisteemteorie.

Die navorsingsvraag is soos volg omskryf: Hoedanig beïnvloed vroeë adolessente se selfoongebruik hulle portuurgroepverhoudinge?

Macnaghten en Myers (soos aangehaal deur Merriam, 2009:94) meen dat onderwerpe wat die beste werk, dié is waaroor mense alledaags kan praat maar dit nie doen nie. Die navorser reken dat die navorsingsonderwerp dus goed pas by

fokusgroepe want fokusgroepe moet gebruik word wanneer dit die beste manier is om goeie data te bekom om die navorsingsvraag te beantwoord (Merriam, 2009:95).

3.3 NAVORSINGBENADERING EN -ONTWERP

3.3.1 Fenomenologie

Soos in hoofstuk 1 genoem, beteken ’n fenomenologiese navorsingsontwerp dat bewuste alledaagse ervaringe en sosiale aksie van die deelnemers sorgvuldig beskryf sal word (Fouché & Schurink, 2011:316). Navorsing vanuit ’n fenomenologiese perspektief behels dat die navorser vooropgestelde idees tersyde moet stel ten einde die deelnemers se leefwêreld te betree om by die kern van hul ervaringe uit te kom en terselfdertyd by die feite te bly (Fouché & Schurink, 2011:318). Die betekenis van geleefde ervaringe van ’n verskynsel vir verskeie indiwidue word dus beskryf volgens Creswell (soos aangehaal deur Fouche & Schurink, 2011:316).

Die studie is **verkennend** van aard omdat inligting in hierdie area beperk is en die navorser poog om nuwe insig te verkry met betrekking tot die invloed van selfoongebruik van vroeë adolessente op hulle portuurgroepverhoudinge. Die navorsing is verder beskrywend ten einde insig in die verskynsel te verdiep (Fouché & Delport, 2011:65; Fouché & de Vos, 2011:95,96). Babbie (2010:93) meen dat verkennende navorsing waardevol is omdat dit byna altyd nuwe insig in die navorsing gee. Die navorser gebruik basiese feite om toestande te skilder (Fouché & de Vos, 2011:96). Die navorsing se doel is dus om ondersoek in te stel na nuwe verskynsels in selfoongebruik deur die vroeë adolessent. Verder wou die navorser ondersoek doen na die invloed van selfoongebruik op die portuurgroepverhoudinge van die vroeë adolessent. Selfoongebruik is wêreldwyd ’n relatief nuwe verskynsel en min ondersoek is nog gedoen op veral die invloed daarvan op vroeë adolessente se portuurgroepverhoudinge. Om hierdie rede sou verkennende navorsing gepas wees. Fokusgroepe en werkopdragte deur vroeë adolessente is gebruik om hierdie verskynsel te ondersoek. Toegepaste navorsing aan die hand van ’n kwalitatiewe benadering is dus gevolg.

3.3.2 Kwalitatiewe navorsingsbenadering

Die kwalitatiewe navorsingbenadering poog om gedrag van sosiale sisteme te verstaan (Creswell, 2009:173). Die navorser soek dus na die betekenis van ’n verskynsel uit die oogpunt van die deelnemers (Creswell, 2009:16). Kwalitatiewe navorsing stel so die navorser in staat om insig te verkry met betrekking tot die invloed van selfoongebruik van vroeë adolessente op hulle portuurgroepverhoudinge omdat die fokus is op die verstaan en beskrywing van die verskynsel binne sy natuurlike konteks, aldus Nieuwenhuis (2007:51).

3.4 NAVORSINGSMETODE

Nadat die navorsingsprotokol deur die paneel aanvaar is, het die navorser om etiese klaring by die komitee vir etiek aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan Noord-Wes Universiteit aansoek gedoen. Die etieknommer is NWU-00060-12-A1. Nadat etiese klaring verkry is, het die navorser by die departement van onderwys van Limpopo aansoek gedoen om navorsing by ’n hoërskool te doen. Die gedagte was om skool A te betrek maar skool B kon betrek word indien probleme ondervind sou word by skool A. Kriteria waaraan die skole moes voldoen, was: Leerders moes Afrikaans of Engels of albei tale magtig wees en dit moes ’n hoërskool met vroeë adolessente leerders wees. Die skool se naam word nie genoem nie ter wille van vertroulikheid. ’n Vergadering met die skoolhoof is vervolgens aangevra om toestemming te vra vir navorsing by die skool. Tydens die vergadering is die navorsingsproses aan die skoolhoof verduidelik en ’n brief met al die inligting is aan hom oorhandig om aan die beheerraad voor te lê. Die skoolhoof en die beheerliggaam het hul toestemming verleen op voorwaarde dat die toestemming van die departement van onderwys van Limpopo eers verkry word. Nadat die onderwysdepartement hul toestemming (Bylaag B) verleen het, is die skool in kennis gestel. Hierna kon die navorser met die empiriese ondersoek begin het. Min kinders is by skool A betrek weens ’n gebrek aan belangstelling en samewerking van die onderwysers en daarom is skool B betrek. Die navorser het die adjunkhoof gekontak en die skoolhoof het dadelik sy toestemming verleen vir die navorsing. Vervolgens word die steekproefneming van die navorsingsproses verduidelik.

3.4.1 Steekproef

- Doelgerigte steekproef

  Vroeë adolessente tussen die ouderdom van 13 en 15 jaar oud en wat dus graad 8- en 9-leerders is, is uit plaaslike hoërskole geïdentifiseer vir die navorsing. Hierdie leerders moes in besit van ’n selfoon wees ten einde aan die navorsing deel te neem. ’n Doelgerigte steekproef is gebruik omdat die persoon ’n eienskap of proses toon wat in belang van ’n sekere studie is (Strydom & Delport, 2011:392). Die steekproef is met ’n spesifieke oogmerk geneem (Maree & Pietersen, 2007:178) naamlik die invloed van selfoongebruik op die portuurgroepverhoudinge van die vroeë adolessent. Daarom is vroeë adolessente met selfone gekies omdat hul inligting het oor die verskynsel wat ondersoek word. Volgens Creswell (2009:178) kies die navorser doelmatig diegene wat die navorser die beste sal help om die navorsingsvraag te beantwoord.

3.4.1.1 Populasie

Die populasie is die groep van wie die navorser ’n gevolgtrekking wil maak. Dis byna nooit moontlik om die hele groep te bestudeer nie en daarom is in hierdie kwalitatiewe navorsing van ’n doelbewuste steekproef gebruik gemaak (Babbie, 2010:116). Soos in bogenoemde bespreking genoem, het die populasie van die navorsing uit graad 8- en 9-leerders van ’n hoërskool in Tzaneen bestaan. Hierdie leerders moes aan die volgende kriteria voldoen om deel te wees van die navorsing:

- Ouderdom

  Die navorser wou vroeë adolessente betrek soos uiteengesit in die probleemstelling. Vir die doeleindes van die studie is op die ouderdomsgrens van 13 tot 15 jaar besluit. Vroeë adolessensie het dus gehelp om op die ouderdomsverspreiding van die leerders te besluit.

- Skoolgraad

  Die navorser het besluit om leerders uit graad 8 en 9 te betrek, omdat leerders in hierdie grade binne die ouderdomsgrens van 13 tot 15 jaar val.

- Taal

  Leerders moes Afrikaans en of Engels magtig wees, omdat dit die enigste landstale is wat die navorser magtig is. In beide skole A en B word onderrig

in Afrikaans en Engels gegee, dus is leerders in albei hoërskole minstens een van die tale magtig.

- Geslag
  Manlike en vroulike vroeë adolessente is betrek in die navorsingsproses.
- Demografiese area
  Vroeë adolessente moes leerders wees by een van twee plaaslike hoërskole in Tzaneen. Beide skole het meer as ’n duisend leerders en bied onderrig van graad 8 tot 12 aan beide geslagte, dit wil sê seuns en dogters.
- Deelnemers moes in besit van ’n selfoon wees.
  Vroeë adolessente met selfone is gekies, omdat hul inligting het oor die verskynsel wat ondersoek word. Die tipe selfoon en of dit op kontrak of voorafbetaald is, het nie ’n rol gespeel nie.

3.4.1.2 Metode van steekproefneming

Steekproefneming beteken om “’n klein verteenwoordiging van die geheel” (Fouché & Delport, 2011:73) te kies wat sal bydra tot die geheel (Strydom & Delport, 2011:391). Doelbewuste steekproefneming is gebruik waar ’n persoon met ’n spesifieke eienskap van belang vir die spesifieke navorsingstudie gevind is (Strydom & Delport, 2011:392).

3.4.1.3 Selektering van deelnemers

Deelnemers word doelgerig bepaal omdat hul die meeste weet van die onderwerp wat ondersoek word (Merriam, 2009:94).

- Stap 1: Uitdeel van toestemmingsbriewe
  Skole is voorsien van genoeg toestemmingsbriewe (Bylaag D) om aan graad 8 en 9-leerders uit te deel. Hierdie briewe het die navorsingsproses aan die ouers en die leerders beskryf. ’n Datum is bepaal vir die afhaal van die getekende toestemmingsbriewe.
- Stap 2: Insameling van briewe
  Skool A se toestemmingsbriewe is afgehaal. Min leerders het belangstelling getoon in die navorsing, moontlik vanweë ’n gebrek aan belangstelling of daar was nie aanmoediging van die onderwysers om die briewe terug te bring nie. Daarom is hoërskool B betrek. Skool B se briewe is ingesamel en hier was

baie meer deelnemers, omdat die onderwysers opgewonde was oor die navorsing.

- Stap 3: Afneem van werkopdrag (Bylaag F)
  ’n Gepaste tyd om die werkopdrag af te neem is met skool A onderhandel. Leerders wat hul toestemmingsbriewe voltooi het se name is afgekondig en hulle het die navorser in ’n gekose lokaal ontmoet. Die navorser het die hele groep leerders van skool A gelyktydig die werkopdrag laat voltooi. Die leerders kon hul tyd gebruik om die opdrag te voltooi. Die meeste het ongeveer ’n halfuur daaraan bestee. Hierna het skool B aangebied om tydens ’n periode die opdrag in klasverband af te neem. Slegs leerders met toestemming is betrek. Die leerders het ook ongeveer ’n halfuur tyd gehad om die opdrag te voltooi. Hierna is werkopdragte tematies geanaliseer om vrae vir die fokusgroepe te formuleer. Uit die twee skole het 77 vroeë adolessente die werkopdragte voltooi.
- Stap 4: Selektering van leerders met betrekking tot fokusgroepdeelname
  Leerders (in graad 8 en 9) wat die werkopdrag voltooi het is by skool A bymekaar geroep om tye vir 2 fokusgroepbesprekings af te spreek. Daar is op 2 tydsgleuwe vir 2 fokusgroepbesprekings besluit. Agt leerders wat beskikbaar was vir ’n sekere tyd is by skool A betrek. Agt leerders is ook so vir ’n tweede fokusgroep by skool A gekies. Later is leerders van skool B betrek deurdat die onderwyseres 8 leerders identifiseer het vir ’n spesifieke fokusgroeptyd.

Fokusgroepbesprekings is gehou totdat dataversadiging plaasgevind het. Dataversadiging vind plaas wanneer nuwe insigte nie meer na vore kom nie. Bernard en Ryan (2010:71) meen egter versadiging vind plaas wanneer daar nie meer nuwe temas gevind word nie.

Die hoeveelheid vroeë adolessente wat aan die werkopdragte en fokusgroepbesprekings deelgeneem het word volgende bespreek. Fokusgroepbesprekings is by twee skole gehou met tussen ses en agt vroeë adolessente deelnemers per groep. Drie fokusgroepbesprekings is gehou waarna dataversadiging ingetree het.

Tabel 3.1

	Deelnemers aan werkopdragte	Deelnemers aan fokusgroepe	Hoeveelheid fokusgroepe
Skool A	18	14	2
Skool B	59	7	1
Totaal	77	21	3

3.5 DATA-INSAMELINGPROSES

Data is deur middel van ’n werkopdrag by leerders in graad 8 en 9 by die skole tydens skoolure ingesamel. Fokusgroepbesprekings het buite skoolure plaasgevind. Creswell (2009:175) noem dat die data in die deelnemers se natuurlike omgewing ingesamel word, waar hul die verskynsel wat bestudeer word ondervind. In hierdie navorsing het navorser die skoolomgewing as die natuurlike omgewing geselekteer vir die insameling van data, aangesien leerders hulle selfone in die skool gebruik en die skool ook die terrein is waar portuurgroepe gevestig word. Toestemming is telkens verkry om ’n geskikte klaskamer te verkry waarlangs min leerders beweeg om so geraas te probeer uitskakel ten gunste van klankopnames tydens fokusgroeponderhoude. Hierdie lokale moes ook ’n ruimte bied waar die deelnemers veilig kon voel en weet dat inligting vertroulik sou bly.

Werkopdragte is voltooi in Afrikaans of Engels. By skool A was te min Engelssprekende leerders met die gevolg dat albei fokusgroepbesprekings daar in Afrikaans gehou is om gesprekke te laat vlot. Die fokusgroepbesprekings by skool B is ook in Afrikaans gehou omdat daar tydens die eksamen slegs ’n homogene groep leerders beskikbaar was.

3.5.1 Data-insamelingsmetode

Creswell (2009:175) beklemtoon die navorser se rol as data-insamelaar, observeerder van gedrag en onderhoudvoerder met deelnemers, dit wil sê die teenwoordigheid van die navorser self is die sleutel tot kwalitatiewe navorsing. Die

navorser het self van die werkopdragte afgeneem en al die fokusgroepe gehou om data in te samel. Die navorser het fenomenologies “bracketing” beoefen om eie standpunte nie op deelnemers af te dwing nie. Die navorsingsproses is aan die deelnemers verduidelik en hulle is verseker van vertroulike hantering van inligting wat deur hul verskaf word.

Werkopdragte het die navorser tyd om dit te transkribeer gespaar en nog ’n voordeel was dat die adolessente die opdragte in hul eie woorde kon skryf soos deur Creswell (2009:180) aanbeveel. Adolessente kon kreatief te werk gaan en het geskryf, gedig en geteken oor hul selfoongebruik. Die navorser was heeltyd teenwoordig tydens skool A se voltooiïng van die werkopdrag. Die proses het tydens saalperiode plaasgevind en die deelnemers genoeg tyd gehad om die opdrag rustig te kon voltooi. Hulle was ongeveer ’n halfuur besig met die opdrag. By skool B het onderwysers die werkopdragte in klasverband afgeneem. Die leerders het ook ongeveer ’n halfuur tyd gekry om die werkopdrag te voltooi. Die navorser was nie hier teenwoordig nie maar het later die opdragte by die onderwyseres gekry.

Creswell (2009:181) stel voor dat ’n fokusgroep uit ses tot agt deelnemers behoort te bestaan. Daar word ook van oop vrae gebruik gemaak. ’n Fokusgroepbespreking bied aan die navorser beheer oor die trant van vrae (Creswell, 2009:179). Oop vrae bied beskrywende data (Merriam, 2009:99). Die vrae en taal moet gepas wees vir die adolessent (Merriam, 2009:95). Die volgende drie hoofvrae is aan die fokusgroeplede gevra. Deur middel van indringende vrae (probing) kon die vrae verder indiepte verken word:

Vraag 1 : Vertel my van julle selfoongebruik om met maats te kommunikeer.

Vraag 2: Vertel my wat dit vir julle beteken om ’n selfoon te hê.

Vraag 3: Vertel my watter rol speel die selfoon in julle verhoudinge met julle maats.

Ooreenkomstig die uitgangspunte van Bernard en Ryan (2010:31) en Merriam (2009:100) het die navorser die deelnemers deurlopend aangemoedig om deel te neem aan die gesprek. Indringende vrae (probing questions) is ook gestel deur die deelnemers aan te moedig om meer uit te brei op ’n vraag of stelling of om verdere verduideliking van ’n stelling wat gemaak is te gee. In ’n fokusgroep moet die navorser die groepsproses fasiliteer sodat daar wedersydse kommunikasie tussen die deelnemers en die fasiliteerder plaasvind (Bernard & Ryan, 2010:40; Greeff,

2011:361). Soos Greeff (2011:362) voorstel, was die navorser se begeerte om te luister na en te leer van die deelnemers. Die navorser het deurentyd probeer bybly met alles wat die deelnemers gesê het sodat toepaslike vrae en aanmoediging gegee kon word sodat die gesprek kon vlot. Die navorser moes in beheer bly sodat party deelnemers nie oorheers nie en ander minder spraaksames moes betrek word. Die navorser was vriendelik met die deelnemers, het gebruik gemaak van toepaslike humor en het werklik in die adolessente belang gestel soos aanbeveel deur Greeff (2011:368).

Die fokusgroepe het ’n ryk beskrywing gebied oor die invloed van selfoongebruik op die portuurgroepverhoudinge van die vroeë adolessent en die navorser geleentheid gebied om in hul omgewing met hul kontak te maak (sisteemteorie). Elke fokusgroep het ongeveer ’n uur tot ’n uur en ’n half geduur. Al die vrae kon in die tyd bespreek word.

Betroubaarheid word onder andere deur triangulering verseker (Creswell, 2009:191). Verskillende metodes naamlik werkopdragte, fokusgroepe, transkribering, waarneming en opvolggesprekke is onder andere benut om triangulering te verseker en betroubaarheid van die ingesamelde data te vestig. Data van verskillende bronne wat tot dieselfde gevolgtrekking kom gee die navorser meer vertroue in die uitslae (Nieuwenhuis, 2007:113).

3.6 DATA-ANALISE

Data-analise is ’n voortgaande proses waar versameling, verwerking, analise en verslaglewering ineengevleg is en nie noodwendig op mekaar volg nie (Nieuwenhuis, 2007:99-101).

3.6.1 Voorbereiding van data

Uit die fokusgroeponderhoude moes ’n groot hoeveelheid data transkribeer word. Nieuwenhuis (2007:104) stel voor dat data goed georganiseer word, sodat die navorser nie deur die hoeveelheid oorweldig word nie. Braun en Clark (2006:88) se riglyne is gebruik om die data te analiseer. Die navorser het self die data transkribeer om sodoende meer bekend te raak met die inhoud van die gesprekke (Bylaag G). Klankopnames is woord-vir-woord neergeskryf en die teks is herlees om

dit goed te kon verstaan (Braun & Clark, 2006:88; Nieuwenhuis, 2007:104). Die data is in tabelle opgeteken met die navorser se vraag, die deelnemers se reaksie, kodes en aantekeninge.

3.6.2 Kodering van data

Kodes of betekenisvolle eenhede het uit die data na vore gekom nadat die data ’n paar keer herlees is (Nieuwenhuis, 2007:105; Tesch soos aangehaal deur Creswell, 2009:168). Kodes het dus uit die data ontwikkel en word induktiewe kodes genoem (Braun & Clark, 2006:83; Nieuwenhuis, 2007:105). Kodewoorde is aangeteken as versamelpunte vir data van belang (Nieuwenhuis, 2007:105). Van die agt stappe van Tesch soos voorgestel deur Creswell (2009:168) as riglyn, is sewe gebruik:

1. ’n Begrip van die geheel is verkry deur die transkripsies ’n paar keer deur te lees en ’n paar notas te maak.
2. ’n Transkripsie is gekies waaroor die navorser gevra het waaroor dit nou eintlik gaan.
3. Nadat ’n paar transkripsies deurgegaan is, is ’n lys van temas opgestel.
4. Die lys temas is weer met die data vergelyk en kodes is langs die teks geskryf. So het die navorser gekyk of nuwe temas na vore kom.
5. Temas is in beskrywende woorde uitgedruk as kategorieë. Die navorser het ooreenstemmende temas saamgroepeer om kategorieë te verminder met die hulp van die studieleier.
6. ’n Finale besluit is geneem oor kategorieë met die hulp van die studieleier.
7. Data wat by ’n sekere kategorie pas, is versamel vir gebruik in die navorsingsverslag.

3.6.3 Bepaling van temas en kategorieë

Volgens die riglyne van Braun en Clark (2006:89) en Creswell (2009:186) is al die data sistematies deurgewerk en aandag is aan elke data-item gegee sodat aspekte identifiseer kan word, wat die basis van herhalende patrone (temas) kan vorm. Kodes wat met mekaar verband hou word saamgevoeg as kategorieë (Braun & Clark, 2006:89; Creswell, 2009:189; Nieuwenhuis, 2007:108). Nuwe kategorieë word opgebou totdat geen nuwe temas na vore kom nie (Nieuwenhuis, 2007:109). Braun en Clark (2006:82) beskryf ’n tema as dit wat iets belangrik van die data met

betrekking tot die navorsingsvraag vasvang. Die navorser bepaal self die temas (Braun & Clark, 2006:82). Temas word hersien en verfyn omdat party nie genoeg data het om hul te ondersteun nie en ander weer in meer as 1 tema verdeel kan word (Braun & Clark, 2006:91).

Temas en kategorieë word volledig bespreek in hoofstuk 4. Aanhalings uit die transkripsies lig die betekenis van die kategorieë toe.

3.6.4 Interpretering van data

Verwerkte data moet in konteks gebring word met teorie om die bydrae wat dit tot bestaande kennis het te openbaar (Nieuwenhuis, 2007: 111). Verwerkte data is soos opsommings van dit wat die vroeë adolessente tydens fokusgroepe of werkopdragte gesê het. Kategorieë met aanhalings van die deelnemers is vergelyk met ooreenstemmende literatuur en so opgeskryf. Interpretasie vorm ’n deel van die proses van kategorisering (Nieuwenhuis, 2007: 111). Interpretasies kon gemaak word op grond van literatuur-ooreenstemming of die teenstelling van die literatuur.

3.7 ETIESE KWESSIES

Die volgende etiese aspekte is tydens die navorsingsproses nagekom: (vergelyk Strydom, 2011:115-126)

- Uitskakeling van moontlike skade en risiko. Die deelnemers is, na die navorser se wete, nie fisies of emosioneel geskaad tydens die navorsingsproses nie. Die navorser het nie toegelaat dat deelnemers mekaar byvoorbeeld slegsê tydens die fokusgroeponderhoude nie. Alle inligting is ook as vertroulik hanteer.
- Vrywillige deelname. Alle deelnemers het vrywillig deelgeneem en niemand is gedwing om deel te neem nie. Enige deelnemer kon ook te enige tyd deelname staak (Babbie, 2011: 67; Louw & Louw, 2007: 41). Toestemmingsbriewe vir die navorsing is vrywillig voltooi en teruggestuur. Wanneer fokusgroeponderhoude gereël is, kon deelnemers kies of en wanneer hulle wou deelneem. Deelnemers is ook verseker dat hulle enige tyd die fokusgroeponderhoude kon verlaat.
- Ingeligte toestemming. Die navorser het ’n toestemmingsbrief aan die ouers gegee waarin hulle toestemming kon gee dat hulle kind aan die navorsing kon deelneem. Hierdie brief het ook die navorsingsprosedure, doelstelling en werkswyse uiteengesit. (Sien bylaag D vir Afrikaans en E vir Engels). Die doel

van die inligting was om deelnemers in te lig en te verseker dat hul nie verplig voel om deel te neem of inligting te verskaf wat hul nie wou nie. Die briewe is aan die skole gelewer en is daar uitgedeel. Die navorser het die briewe weer by die skole afgehaal.

- Vertroulikheid. Creswell (2009:91) en Maree en van der Westhuizen (2007:41) noem dat alle inligting wat ingesamel word as vertroulik beskou en veilig gestoor moet word. Name van skole en deelnemers is nie bekend gemaak nie. Die navorser het deelnemers tydens fokusgroepe verseker van vertroulikheid van inligting.
- Ontlonting. Ontlonting behels dat die navorser na die voltooiïng van die projek enige misverstande wat die deelnemers tydens die projek beleef het, uit die weg moet ruim. Indien ’n sekere deelnemer byvoorbeeld van die fokusgroepbesprekings emsioneel beleef het, sou daar gereël word vir ontlontingsessies deur ’n kliniese sielkundige. Geen deelnemer moes verwys word na ’n kliniese sielkundige nie omdat niemand ’n bespreking emosioneel beleef nie.
- Respek. Volgens Creswell (2009:90) behels respek om navorsingspersele te laat soos dit gevind is. Deelnemers se programme moet ook so min as moontlik ontwrig word. Die navorser het gepoog om deelnemers se tyd te respekteer deur fokusgroepe na vraestelle en tussen sportoefeninge in te pas en werkopdragte tydens skoolure af te neem om te verseker dat deelnemers se programme so min as moontlik ontwrig word. Die navorser het respek betoon aan deelnemers tydens fokusgroeponderhoude deurdat deelnemers almal geleentheid gehad het om hulle mening te lug. Die navorser het ook probeer om deelnemers nie in die rede te val nie.

3.8 BETROUBAARHEID

Shenton (2004:63) beveel Guba se model aan om betroubaarheid te verseker in ’n kwalitatiewe studie. Guba stel vier strategieë voor vir oorweging om betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing te verseker, naamlik geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroubaarheid en bevestigbaarheid (Greeff, 2012:58; Shenton, 2004:64-73).

- Geloofwaardigheid

  Die navorser het gepoog om die ondersoek so te doen dat die invloed van selfoongebruik van vroeë adolessente se portuurverhoudinge akkuraat geïdentifiseer en beskryf is. Die navorser het voortdurend seker gemaak dat daar ’n ooreenkoms tussen die deelnemers se menings en die navorser se beskrywing daarvan is soos Shurink (2011:419-420) voorstel.

Maatstawwe wat Shenton (2004:64-69) aanbeveel om seker te maak dat die navorser die verskynsel akkuraat beskryf, is:

- Gepaste, gevestigde / aanvaarde navorsingsmetodes

  Navorsingsmetodes wat vir die navorsing gebruik is, is weldeurdag en die navorser het seker gemaak dat die metodes gepas is vir die navorsing en dat dit die beste resultate sou lewer.
- Triangulering deur die gebruikmaking van verskillende metodes, verskillende tipes deelnemers en verskillende omgewings

  Triangulering is die gebruik van ’n aantal metodes, bronne, teorieë en/of navorsers en dra by tot geldigheid van die navorsing (Shenton, 2004:66; Creswell, 2003:232-233; Farmer *et al.,* 2006). Data is versamel deur gebruik te maak van werkopdragte en fokusgroeponderhoude wat bestaan het uit manlike sowel as vroulike vroeë adolessente van twee verskillende skole om so triangulasie te verseker. Die samestelling en vergelyking van notas, klankopnames en bevindinge van die fokusgroepe sal verseker dat triangulering plaasvind en verseker dat meer volledige gevolgtrekkings gemaak kan word. Kristallisering is die realiteit wat voortvloei uit die verskillende dataversamelingstegnieke en data-analise. Bevindinge wat beskryf word kristalliseer vanuit die data en verhoog die betroubaarheid van die navorsing (Nieuwenhuis, 2007:81).
- Gereelde kontaksessies tussen die navorser en supervisor

  Deur gereelde bespreking van die navorsingstrategie en -vordering, is die navorser se visie verbreed met behulp van die studieleier en mede-studieleier se ondervinding en persepsies.
- Agtergrond, kwalifikasies en ondervinding van die navorser

  Die navorser het ’n onderwysgraad aan die Universiteit van Pretoria ontvang en daarna verskeie onderwys/lektorposte beklee. Vanuit ’n onderwysoogpunt en

belangstelling in die leefwêreld van die kind/adolessent het die belangstelling in die navorsingsonderwerp ontstaan.

- Ryk beskrywing van navorsingsverskynsel

  ’n Gedetaileerde beskrywing lei tot geloofwaardigheid omdat dit die werklike situasie help oordra. ’n Ryk beskrywing oor die invloed van selfoongebruik op die portuurverhoudinge van die vroeë adolessent is verkry deur middel van ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering.

- Ondersoek na vorige navorsing as raamwerk vir bevindinge

  ’n Deeglike literatuurondersoek is gedoen om die bevindinge in konteks te plaas soos blyk uit hoofstukke 1 en 2, waar verwys word na vorige navorsingbevindinge.

- Oordraagbaarheid

  Oordraagbaarheid behels dat die navorser vra of die bevindinge na ’n ander situasie of geval oorgedra kan word (Shenton, 2004:69). Schurink *et al.* (2011:420) noem dat verskillende maniere van dataversameling (triangulering) grootliks bydra om die navorsing se bruikbaarheid in ander gevalle te versterk. Die navorser het oordraagbaarheid van die bevindinge verseker deur ’n ryk beskrywing te gee van die invloed van vroeë adolessente se selfoongebruik op hul portuurgroepverhoudinge soos verkry uit werkopdragte en fokusgroeponderhoude. Hierdie ryk beskrywing behoort lesers die navorsing te help verstaan en in staat te stel om die verskynsel te vergelyk met hul eie situasies soos Creswell, 2003:224 en Shenton, 2004:70 voorstel. Die navorser het gepoog om ’n volledige beskrywing van die agtergrond, deelnemers, data versamelingsmetodes, tye gewy aan fokusgroeponderhoude en tydsbestek van navorsing te bied.

- Vertroubaarheid

  Die navorser het verseker dat die navorsingsproses logies, goed gedokumenteerd en nagesien is soos aanbeveel deur Schurink *et al.* (2011:420). Deur ’n gedetaileerde verslag maak die navorser dit moontlik dat in die toekoms ’n soortgelyke navorsingsprojek aangepak kan word (sien Shenton, 2004:71).

- Bevestigbaarheid

  Volgens Shenton (2004:72) se voorstel, het die navorser stappe geneem om die navorsingbevindinge te bevestig, dit wil sê, die bevindinge moet voortvloei uit die

ondervindinge van die vroeë adolessente en nie die navorser se persepsies weerspieël nie. Triangulering bevorder bevestigbaarheid deurdat dit navorser vooroordele beperk. Die navorser moet motiveer hoekom sekere benaderinge en metodes gebruik is indien ander beskikbaar was. Beperkinge van metodes moet deur die navorser erken word. Op hierdie manier word neutraliteit ten opsigte van die bevindinge verhoog. Triangulering word dus in hierdie studie gebruik om neutraliteit ten opsigte van die bevindinge te verhoog (Shenton, 2004:72).

3.9 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het ’n oorsig gebied van die toepassing van die navorsingsmetodes wat gebruik is. Die navorser het aangedui hoe die navorsingsproses prakties toegepas is. Daar is onder andere aandag geskenk aan die literatuuroorsig, navorsingsbenadering, data-insameling en –verwerking. Ten slotte is aangetoon dat die navorsingsproses eties korrek en op ’n betroubare manier aangepak en uitgevoer is. Die navorsingsbevindinge word in die volgende hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSBEVINDINGE EN LITERATUURKONTROLE

4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die resultate van die tematiese analise van die werkopdragte asook die fokusgroeponderhoude wat met vroeë adolessente gehou is, te bespreek. Gevolgtrekkings en aanbevelings soos in die ondersoek na vore gekom het in verband met die invloed van die selfoon op portuurverhoudinge, word in hoofstuk 5 bespreek. Data is ingesamel deur middel van werkopdragte wat 77 graad 8 en 9 – leerders voltooi het. Hierdie vroeë adolessente (13-15 jaar oud) moes die volgende vraag beantwoord deur middel van ’n geskrewe paragraaf, tekening of gedig: “Vertel my van selfoongebruik en verhoudinge tussen maats.” Deelnemers moes eers die werkopdrag voltooi sodat die navorser kon sien hoe hulle dink oor die gebruik van ’n selfoon. Inligting uit die werkopdragte is later opgevolg in die fokusgroepe. (Wanneer die term adolessent in hierdie hoofstuk gebruik word, verwys dit na die vroeë adolessent.)

Hierna is drie fokusgroepe met 21 van hierdie vroeë adolessente gehou. Elke groep het bestaan uit sewe deelnemers. Die volgende vrae is aan die fokusgroepdeelnemers gevra:

- Vertel my van julle selfoongebruik om met jou maats te kommunikeer.
- Vertel my wat dit vir julle **beteken** om ’n selfoon te hê.
- Vertel my watter rol speel die selfoon in **julle verhoudinge** met julle maats.

4.2 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN DEELNEMERS

4.2.1 Besonderhede van werkopdragvoltooiers

Uit graad 8 en 9 het 77 leerders aan die werkopdrag deelgeneem. Die leerders het uit seuns en dogters bestaan tussen die ouderdomme van 13 en 15 jaar. Aangesien deelnemers nie hul geslag aangedui het tydens die afneem van die werkopdragte nie, kon daar nie altyd onderskei word tussen wie dogters of seuns was nie.

4.2.2 Identifiserende besonderhede van die deelnemers aan die fokusgroep-onderhoude

Tabel 4.1 Deelnemers aan fokusgroep: Geslag, graad en ouderdom

	Geslag		Totaal	Graad		Totaal	Ouderdom			Totaal
	Manlik	Vroulik		Gr 8	Gr 9		13 j	14 j	15 j	
Aantal leerders	7	14	21	7	14	21	2	11	8	21

Uit Tabel 4.1 blyk dat die meerderheid leerders vroulik, in graad 9 en 14 jaar oud was.

Die deelnemers aan die fokusgroeponderhoud moes aandui of hulle oor ’n selfoon beskik, of die selfoon op kontrak is, of of dit met ’n voorafbetaalde stelsel bedryf word.

Tabel 4.2 Fokusgroeplede se selfoonbesit

	Besit van selfoon	Op kontrak	Voorafbetaald (Pay as you go)
JA	21	13	8
NEE	0	8	13
Totaal	**21**	**21**	**21**

Opvallend in Tabel 4.2 is die feit dat 13 van die leerders ’n selfoon op kontrak by ’n diensverskaffer het.

Tabel 4.3 Selfoonverskaffer

Selfoonverskaffer					
	Blackberry	Nokia	Samsung	Nie aangedui	**Totaal**
Aantal leerders	15	2	2	2	**21**

Uit tabel 4.3 is dit opvallend dat meer as twee derdes van die deelnemers in besit van ’n Blackberry is.

Deelnemers aan die fokusgroeponderhoude moes ook aandui **hoe lank hulle in besit van ’n selfoon is.** Die afleiding kon gemaak word dat ongeveer die helfte van die deelnemers hulle selfone al meer as 3 jaar het.

4.3 NAVORSINGSBEVINDINGE

Ten einde die bevindinge met betrekking tot hierdie navorsing te maak, is van ’n tematiese analise gebruik gmaak soos voorgestel deur Braun en Clark (2006:79). Hierdie tematiese analise het die navorser in staat gestel om temas uit die data te identifiseer, analiseer en te rapporteer. Data van die werkopdragte en fokusgroeponderhoude is ook geanaliseer met behulp van die ses fases wat Braun en Clark (2006:87) voorstel. Volgens Creswell (2003:221) vloei ongeveer vyf tot sewe temas voort uit die proses van kodering. Hierdie temas is die belangrike temas en behoort veelvuldige perspektiewe van deelnemers weer te gee. Braun en Clark (2006:79) noem dat die data in ryk besonderhede beskryf moet word. In hierdie navorsing het vyf temas uit die data-analise na vore gekom. Hierdie temas en kategorieë word in tabelvorm aangebied en elke tema en kategorie word volledig afsonderlik bespreek en ’n literatuurkontrole word toegepas. Temas en kategorieë vanuit die werkopdragte en fokusgroepe word geïntegreerd in een tabel aangebied. Tabel 4.4 gee ’n weergawe van die geïdentifiseerde temas en kategorieë.

Tabel 4.4 Temas en kategorieë

	Temas	Kategorieë
1	Die selfoon as kommunikasie medium	
		Om met familie en vriende kontak te hou
		Om makliker te kommunikeer
		Om inligting te bekom
		Om vriende te maak
		Selfoongebruik vergemaklik verhoudinge
		Die selfoon dien as nuusbron
2	Belangrikheid van die besit van selfoon	
		Die selfoon as statussimbool
		Groepsgesprekke deur middel van die selfoon
		Selfoongebruik verbreek eensaamheid
		Selfoongebruik help met instandhouding van verhoudinge
3	Die negatiewe invloed van selfoongebruik	
		Boeliegedrag vind plaas
		Benadeling van verhoudinge
		Ontneem aangesig tot aangesig kontak.
		Selfoongebruik gee aanleiding tot oneerlikheid
4	Die invloed van die selfoon op groepsverhoudinge van die vroeë adolessent	
		Selfoongebruik gee aanleiding tot kliekvorming

		Selfoongebruik kan tot uitsluiting lei
5	Ontspanning en afleiding wat die selfoon bied	
		Die selfoon as afleiding
		Die tref van reëlings
		Die selfoon dra by om goeie herinneringe te hou

Vervolgens ’n bespreking van die temas en kategorieë:

TEMA 1: DIE SELFOON AS KOMMUNIKASIEMEDIUM

Kuntsche *et al.* (2009:5) bevind dat meeste vroeë adolessente wêreldwyd daagliks elektronies met hul vriende kommunikeer omdat die selfoon dit vir hul moontlik maak deur middel van oproepe en die skryf en ontvang van teksboodskappe. Blair en Fletcher (2011:163) bevind dat 80% van die vroeë adolessente uit hul navorsingstudie “gesels met vriende” as dié gebruik van selfone beskou. In die lig hiervan is die adolessente aangemoedig om te gesels oor met wie hulle gesels in die gebruik van hul selfoon en hoe, waar, waarom en wanneer. Die volgende kategorieë is onder **tema 1** geïdentifiseer, naamlik om met familie en vriende kontak te hou, om makliker te kommunikeer, om inligting te bekom, om vriende te maak, dit vergemaklik verhoudinge en die selfoon dien as nuusbron.

- **Om met familie en vriende kontak te hou**

Die feit dat selfone meer in gesinne gebruik word hou verband met hoër vlakke van gesinsverbinding binne die raamwerk van die sisteemteorie (Padilla-Walker *et al*., 2012). Padilla-Walker *et al.* (2012:428) beskryf verder dat die selfoon, onder meer as ’n buite-invloedsbron, tesame met die gesinslede, die gesin as sisteem beïnvloed. Selfoongebruik kan die betekenis van sekere interaksies beïnvloed. Hiermee word bedoel dat gesinsinteraksies mettertyd rituele en betekenisse vorm en die gebruik van die selfoon, onder meer nou deel vorm van hierdie rituele en betekenisse in die gesinsisteem. Die gebruik van ’n selfoon bevorder gesinskommunikasie en gesinskontak (Padilla-Walker *et a*l., 2012:428). Volgens Nurulla (2009:21) beskou

adolessente die selfoon as kommunikasiemedium ’n manier van onafhanklik wees van hul ouers, terwyl die selfoon vir ouers ’n manier is om adolessente te beheer.

Padilla-Walker *et al*. (2012:433) se navorsing toon aan dat 60% van die deelnemende adolessente hul ouers daagliks bel of ’n teksboodskap aan hulle stuur, terwyl Lenhart *et al*. (2010:33) aantoon dat 48% adolessente daagliks aan hul ouers ’n teksboodskap stuur. Adolessente wat daagliks hulle ouers bel en meestal oproepe vir hulle ouers gebruik, beloop 68% (Lenhart *et al.,* 2010:40). Lenhart *et al.* (2010:33) het verder bevind dat 33% van die adolessente in hulle navorsing daagliks aan hulle sibbe ’n teksboodskap stuur.

Voorbeelde uit die navorsing dui daarop dat die selfoon deel is van die gesinsisteem en dat vroeë adolessente met hulle ouers in kontak bly, veral as hul in die koshuis is of reëlings met hul ouers moet tref.

“*As jy soos saam met jou ma ma wil praat oor wat het gebeur by die skool as jy soos in die koshuis bly en daai goeters.”*

“I also use it to communicate with my mother to tell her what sport I have on and how I’m going to get home and I also use my p(phone) to communicate with my other family members, to keep in touch.”

Die navorser het ook duidelik onder die indruk gekom dat die selfoon baie belangrik is vir vroeë adolessente om in kontak te bly met vriende en familie en dat vriende uiters belangrik is vir die vroeë adolessent - só belangrik, dat hulle nie sonder vriende kan klaarkom nie en dat vriende partykeer die adolessent definieer. Hiermee word bedoel dat vroeë adolessente ’n hoë premie plaas op verhoudinge, eerlikheid en vertroue in hulle vriendskapsverhoudinge. Deelnemers beskou die selfoon ook as bindingsmeganisme vir vriende en familie en bly ook in verbinding met indirekte verwantskappe.

“of my vriende wat ver bly -net vir hulle se of vra hoe gaan dit., wat het gebeur in hulle lewens - want jy sien hulle eers dalk in die vakansie of dalk sien jy hulle glad nie.”

“Dis nodig as jy met jou vriende wil kommunikeer.”

“Soos op my niggie of my nefie se verjaarsdag, dan se ek geluk of iets soos dit of soos hulle sê as jy jou ouers nodig het”

Vriendskap met positiewe kwaliteite soos lojaliteit en intimiteit word as hoë kwaliteit vriendskap beskou (Gaertner *et al.*, 2010:102). Volgens Berk (2012:623) en Rathus

(2011:518) beklemtoon adolessente lojaliteit en egtheid as belangrike aspekte van vriendskap.

Blair en Fletcher (2011:162), Lenhart *et al.* (2010:55) en Nurulla (2009:21) beskryf die selfoon onder andere as 'n bindingsmeganisme vir vriende en familie en Nurulla (2009:21) noem ook dat adolessente in kontak bly met indirekte verwantskappe. Baiocco *et al.* (2011:468) noem dat adolessente enige tyd in kontak met vriende kan wees vir ondersteuning sonder dat vervoer na 'n ontmoetingsplek 'n rol speel - dus oor afstand. Kuntsche *et al.* (2009) wys daarop dat adolessente enige tyd beskikbaar is deur middel van hul selfone by wyse van oproepe of om teksboodskappe te stuur of te ontvang van vriende. Volgens Lenhart *et al.* (2010:33) se navorsing stuur 81% adolessente ten minste een keer per dag 'n teksboodskap aan hul vriende.

Volgens die deelnemers is vroeë adolessente afhanklik van hul selfone om in kontak te bly met hulle vriende wanneer vriende trek of wanneer dit skoolvakansie is. Vroeë adolessente bly ook deur middel van die selfoon in kontak met familie wat ver woon. Deelnemers het hulle onder andere soos volg hieroor uitgelaat:

" Sien jy hul elke dag -so jy gebruik nie jou selfoon om met hul te praat nie, maar in die vakansie, dan help dit jou om in kontak te bly...as iemand trek, dan kan jy nog steeds met hulle praat."

"My beste vriendin is nie meer in dieselfde skool as ek nie, dit is die enigste manier hoe ek met haar kan praat en kommunikeer."

"As jy 'n familie soos ek het, Tannie- die familie is rond versprei- my boetie hulle bly ver en my sussie bly ver, dan het ek ook die foon nodig om kommunikasie te hê met hulle en net met hulle bietjie te gesels. Hulle wil weet hoe gaan dit by ons in ons huis en dan sal ek hulle SMS."

- **Om makliker te kommunikeer**

Volgens Schouten *et al.* (soos aangehaal deur Szwedo *et al.*, 2010:596) se navorsing verkies vroeë adolessente wat ongemaklik voel tydens interpersoonlike kontak, aanlynkontak. Dit sluit die selfoon in, waardeur hulle minder geïnhibeerd kan optree. Valkenburg en Peter (2011:122) se navorsing oor die Internet verduidelik dat Internet kommunikasie meer beheerbaar is wat die adolessent 'n gevoel van sekuriteit bied en dus vryer voel om te kommunikeer as in situasies waar hul selfbewus of skaam voel. Volgens Pierce (soos aangehaal deur Valkenburg &

Peter, 2011:124) verkies eensame adolessente om aanlyn te kommunikeer omdat dit ’n beheerbare manier van kommunikasie is. Pierce (2009) meld ’n positiewe ooreenkoms van sosiale angs (ongemaklikheid om van aangesig tot aangesig te praat) met die stuur van SMS’e of aanlyngeselskap, maar ’n gebrek aan sosiale angs (dus meer gemaklik) wanneer vriende aanlyn gemaak word. Lenhart *et al.* (2010:50) se resultate toon aan dat adolessente ’n indirekte medium soos ’n teksboodskap verkies wanneer hul hulself wil beskerm teen iemand se reaksie.

Vroeë adolessente het tydens die fokusgroepe laat blyk dat hulle makliker kommunikeer deur middel van die selfoon, veral wanneer hulle skaam is. Dit blyk dat dit vir hulle makliker is om te kommunikeer wanneer die ander persoon nie teenwoordig is nie. Deelnemers het hul soos volg hieroor uitgelaat:

“You can tell people how you feel without looking them in the eye. Because you’re just too shy.”

“...dan kyk mens mos nie in die ander ou se gesig vas nie, dan kan mens mos nie skaam raak vir hom nie.”

Vroeë adolessensie is ook die ontwikkelingsfase waartydens adolessente besorg is dat hulle verwerp sal word deur byvoorbeeld hulle portuurgroep (Bowker *et al.,* 2011:551). Wanneer vroeë adolessente dus nie weet hoe om iets te sê nie of wanneer hul emosie wil uitspreek en bang is vir die reaksie, kom die selfoon tot hul redding. Lenhart *et al.* (2010:47,48) noem dat ’n teksboodskap as buffer kan dien wanneer adolessente byvoorbeeld met ouers moet praat, veral wanneer hul slegte nuus moet oordra. Teksboodskappe word verkies omdat dit ongemaklike oomblikke van oproepe uitskakel en adolessente net hoef te praat wanneer hul wil en meer tyd het om ’n boodskap te beplan om te reageer in ’n moeilike situasie (Lenhart *et al.,* 2010:48). Teksboodskappe word ook gebruik wanneer adolessente nie die ander persoon ken nie of nie van hom hou nie (Lenhart *et al.,* 2010:55). Volgens die deelnemers word moeilike situasies makliker oor die selfoon hanteer. Die deelnemers het hulle soos volg verwoord met betrekking tot die kwessie dat die selfoon ’n medium is waardeur makliker gekommunikeer word:

“Maar oor die foon is dit makliker om te praat as jy sukkel om iets te sê as jy nie weet hoe om iets te sê oor die foon.”

“dit is baie makliker om oor die foon (SMS) moeilike, emosionele probleme uit te klaar as “face to face.”

“Jy kan jou maat enigiets oor die foon sê waar jy dit nie reguit in haar gesig kan sê nie.”

Die selfoon maak dit makliker om te kommunikeer omdat daar tyd is om te dink oor wat jy gaan skryf en tyd om te dink voor jy die boodskap stuur, soos Lenhart *et al.* (2010:48) hierbo genoem het.

"Dis makliker om te SMS – dan het jy meer tyd om te dink waaroor jy gaan skryf of wat ek vir hom gaan sê vir die persoon. Nou-nou sê jy iets verkeerd oor die foon en dan is hy baie kwaad vir jou."

Volgens die deelnemers kan die tipe selfoon wat jy besit jou kommunikasie met ander persone makliker maak. So kan byvoorbeeld BBM's en WhatsApp's net deur sekere selfone gestuur word (afhangende van hoe oud die selfoon is en of dit 'n slimfoon is). Vanden Abeele en Roe (2013:287) bevind dat 81% van adolessente in Vlaandere reeds slimfone besit wat beteken dat hulle moontlik Internet en dus WhatsApp op hulle selfone kan gebruik.

"As jy nie sms'e kan bekostig nie, is daar WhatsApp en BBM"
"Because you get to have contact with your friends there is facebook, WhatsApp, Mxit, Twitter, and you can even communicate with celebs by using Twitter."

Adolessente het deurentyd tydens die navorsingsondersoek getoon dat hul die maklikste manier om met die minste moeite te kommunikeer, kies. Die gebruik van die selfoon is dus die mees algemene en maklikste manier en dit is waarom die selfoon so gewild onder die vroeë adolessent kan wees.

"Dit is 'n maklike manier om vriende in die hande te kry."
"Ek kommunikeer nie maklik met my maats om my nie, maar makliker oor selfone."

Tydens fokusgroeponderhoude het deelnemers genoem dat dit moeite verg om te tik:
"Jy's nie altyd lus om alles oor die foon te tik nie want dit vat moeite."
"Dalk het jy, het daar iets gebeur en jy't so lang BBM wat jy moet stuur, maar dit vat tyd waar jy net die storie kan vertel vir jou vriend."
"...maar as jy 'n lang BBM het wat jy moet tik is dit makliker om met die ou te praat."

Lenhart *et al.* (2010:49) sluit hierby aan en noem dat dit somtyds net makliker is om te bel as tik, byvoorbeeld wanneer 'n dringende antwoord verlang word of soms is tik net te veel werk en word die makliker uitweg gekies, naamlik om te bel.

- **Om inligting te bekom**

Deelnemers het duidelik laat blyk dat die selfoon hulle werklik help met huiswerk (deur maats te bel, SMS, BBM) en skooltake (deur gebruik te maak van die Internet op die selfoon), soos blyk uit die volgende voorbeelde:

"En as jy nie weet watse huiswerk jy het nie, en jy moet dit die volgende dag ingee, dan kan jy nie na jou vriend se huis toe gaan en vra nie , dan kan jy hulle net bel of BBM, dan vra jy."

"Dit help met take, want dis moeilik om 'n laptop en stokkie rond te dra- jy gaan net op jou foon- dis baie makliker"

"…. I have access to the internet on my p (phone) which is useful when doing assignments in the hostile but my parents do not allow me to go on the internet for anything else."

Die deelnemers het ook aangedui dat die selfoon behulpsaam is om inligting te kry met betrekking tot sportoefentye. Deelnemers stel dit soos volg:

"Om uit te vind wanneer oefen die hokkie."

"Juffrou, sien, as jy miskien siek is, so jy wil weet wanneer oefen julle , soos sport- jy kan jou vriende bel of sms of wat ookal."

Lenhart *et al.* (2010:36) noem dat 70% adolessente uit hul navorsing teksboodskappe gebruik het vir sake wat met skoolwerk te doen het. O'Keefe *et al.* (2011:801) noem ook dat hoërskoolleerders sosiale media kan gebruik om met mekaar te kommunikeer oor huiswerk of groepprojekte.

- **Om vriende te maak**

Die selfoon – en veral BBM - bly vir die vroeë adolessente 'n gerieflike en maklike manier om vriendskappe te sluit. Dit blyk dat hulle eerder iemand deur middel van hulle selfoon uitnooi as gespreksmaat as wat hulle deur middel van 'n direkte kontak iemand wil ontmoet. Hulle gebruik dan ook facebook deur middel van hulle selfoon om vriendskappe te sluit. Dit blyk ook dat die deelnemers meestal persone ken of iets van hulle weet voordat hul met die persoon oor die foon gesels. Die foon word dan gebruik om die persoon beter te leer ken. Die benutting van gespreksforums (chat rooms) word deur die deelnemers in 'n positiewe lig gesien en ook as 'n manier om vriendskappe te bou. Tog blyk dit aan die anderkant dat dit vir sommige deelnemers van 'n situasie afhang van hoe jy vriende maak.

"teenager use cp (cell phone) to make friends to communicate with each other."

" jou vriende hoor van 1 van sy vriende en dan soos van soek jy hom op facebook of iets en dan praat jy met hom".

"Ek dink nie al hierdie 'chatrooms' is so sleg soos almal se nie. Ek het al baie vriende gemaak. Mense wat ek geken maar my nooit aan hul gesteur het nie."

"Partykeer maak jy vriende op jou foon , partykeer maak jy 'face -to-face'."

"Ja ek sal nie 'n vriend wil maak oor die foon nie. Ek sal eerder 'face- to-face' met hom wil praat en hom leer ken voor ek bevriend raak met hom..."

O'Brian (2010:43,44) noem dat die selfoon meestal dien om vriendskapsbande in stand te hou. Volgens Koutamanis *et al.* (2013:2271) leer adolessente sosiale vaardighede, soos om vriendskappe te inisieer en te leer om met 'n verskeidendeid mense aanlyn te kommunikeer en om vriende te maak, aan deur middel van teksboodskappe, wat hul later van aangesig-tot-aangesig kan toepas. As noodsaaklike deel van hul ontwikkeling is die adolessent ingestel om vriendskappe te vorm en daarom is vriendskappe deur middel van die selfoon of aanlynvriendskappe vir hulle 'n aantreklike manier om portuurgroepverhoudinge te bou (Mesch, 2009:246). Baiocco *et al.* (2010:470) kom tot die gevolgtrekking dat aanlyninteraksie van aangesig-tot-aangesig/direkte kontak aanvul. Nurulla (2009:22) kom tot die gevolgtrekking dat meeste navorsers bevind dat sommige adolessente tog nie so maklik vriende maak deur middel van die selfoon nie.

- **Selfoongebruik vergemaklik verhoudinge**

Deelnemers het uitgewys dat verhoudinge oor die selfoon makliker kan wees omdat vriende feitlik altyd beskikbaar is om mee te gesels of inligting te kry. Deelnemers het met voorbeelde aangedui dat verhoudinge in die algemeen vergemaklik word deur gebruik te maak van die selfoon. Deelnemers se mening was ook dat dit meestal makliker is om met die teenoorgestelde geslag oor die selfoon te praat. Hulle het die gesprek só hanteer:

"Ek dink dat 'n sf (selfoon) party verhoudinge tussen maats maklik maak want jy kan met hul kommunikeer en goed uitvind oor skool/ huiswerk."

"...soos ek- ek het getrek van 1 plek na n ander plek toe – nou hou ek nog kontak met my vriende, so ek praat gereeld met hulle want ek ken hul."

"Oor die selfoon is omtrent al manier vir my om met meisies te praat, maar daardeur bou ek goeie verhoudinge en ek kan nou al normaalweg met hulle praat."

"Wat moet ek se?(Lag) Oe, ek weet nie..." "Its complicated"(fluister) "Dit maak dit makliker."

Nurulla (2009:23) se standpunt is dan dat die selfoon verhoudinge vergemaklik omdat adolessente altyd beskikbaar is per selfoon (Nurulla, 2009:23). Die vroeë adolessent vorm groepsverhoudinge wat onder andere uit dieselfde geslag bestaan en saam met wie hul die meeste tyd spandeer (Cobb, 2010:221). Tydens die fokusgroepe het die navorser opgemerk dat deelnemers van verskillende geslagte apart gesit het wanneer dit 'n gemengde groep was. Berk (2012:627) en Cobb (2010:223) toon aan dat een geslag 'n ontmoeting met 'n ander geslag kan reël vanuit die veiligheid van sy of haar groep. Die selfoon word gereeld gebruik om reëlings vir ontmoetings te tref (vergelyk 5.1). Volgens O'Brien (2010:45) maak die gebruik van 'n selfoon dit makliker om 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag op te bou omdat teksboodskappe persoonlike gedagtes vertroulik oordra, nadat dit deurdink en moontlik verander is. Die ongemaklikheid van 'n telefoongesprek word sodoende uitgeskakel (O'Brien, 2010:46). Volgens Lenhart *et al.* (2010:47) beskou adolessente die selfoon as 'n veiliger manier om 'n verhouding met potensiële romantiese maats aan te gaan. Omdat die reaksie van die teksboodskap vertraag is, het die adolessent beheer oor die spoed en toon van die interaksie. Die reaksie kan verander word en raad kan van vriende ingewin word oor die reaksie van die ander persoon (Lenhart *et al.,* 2010:48).

- **Die selfoon dien as nuusbron**

Uit die fokusgroepgesprekke het die navorser agter gekom dat vroeë adolessente nogal nuuskierig is en graag wil weet wat in portuurgroeplede se lewens aangaan. Hulle het onder andere genoem dat hulle graag wil weet wat ander persone op hulle status sê oor hulself of oor jou. Vroeë adolessente het tydens die fokusgroepe só daaroor redeneer:

"Want as iemand jou 'delete' op BBM, dan kan jy nie sien wat sit hul op hul status nie. Jy weet nie of dit ooit van jou is of iets in daai lyn nie..."

"Jy kan ook sien wat 'n ander ou se status- sê nou maar hys kwaad en hy sit dit as sy status, dan sien jy, 'OK hy't dit ge'update'', dan sien jy hy's kwaad en dan kan jy hom uitvra - 'n goeie vriend van jou- dan kan jy hom vra: 'Wat het gebeur?', dan kan jy hom help werk aan die probleem of jy kan sien wat in 'n ou se lewe aangaan."

Vriende is baie belangrik vir die adolessent en volgens Goodwin *et al.* (2012:320) vir mekaar beskikbaar om ondersteuning te bied wanneer dit nodig is. Een van die kenmerke van die vroeë adolessent is dat hul uiters selfbewus raak omdat hul glo dat almal op hul fokus (Becket & Taylor, 2010:99; Belsky, 2010:270; Berk, 2012:572-573; Rathus, 2011:488) en daarom wil hul graag weet wat ander van hul dink en dit is dus die rede hoekom hulle graag wil weet wat hulle vriende op hulle status(se) van hulle sê.

TEMA 2: BELANGRIKHEID VAN DIE BESIT VAN ’n SELFOON

Nurulla (2009:21) verduidelik dat die belangrikheid van die besit van ’n selfoon vir die adolessent voortspruit uit die behoefte van die adolessent om onafhanklik te word van hul ouers, om ’n eie identiteit te ontwikkel en vriendskapbande te handhaaf. Die selfoon voorsien adolessente van hul eie kommunikasiekanaal waardeur hulle onder andere hul dag kan beplan (Lenhart *et al.,* 2010:12).

Vroeë adolessente kon in die fokusgroep vertel wat dit vir hulle beteken om ’n selfoon te besit en daarop uitbrei deur te vertel hoe noodsaaklik en belangrik selfoonbesit vir hul is. Die belangrikheid van die besit van ’n selfoon deur vroeë adolessente het manifesteer in die volgende kategorieë wat geïdentifiseer kon word: die selfoon as statussimbool, groepsgesprekke deur middel van die selfoon, selfoongebruik verbreek eensaamheid en selfoongebruik help met instandhouding van verhoudinge.

- **Die selfoon as statussimbool**

Deelnemers meen dat hul vriende is met diegene met wie hul die maklikste kan kommunikeer, dit wil sê, selfoontipe kan bepaal wie jou vriende is. Die deelnemers was ook van mening dat jy kan spog of gewild (cool) wees as jy die regte selfoon het en dat mense dan moontlik meer van jou sal hou en bydra tot die status wat jy as die adolessent beleef. Dus kan die tipe selfoon jou vriendekring bepaal. Sommige deelnemers het byvoorbeeld genoem dat die besit van ’n Blackberry-selfoon jou vriende bepaal en as jy ’n Blackberry het praat jy waarskynlik nie met mense wat nie een besit nie. Hulle is vriende met diegene met Blackberry’s, want “jy kan die hele tyd met hul kommunikeer”, wat weer beteken dat BBM in hierdie geval die maklikste manier is om verhoudinge op te bou. Die navorser het ervaar dat sommige

fokusgroeplede as gevolg van hierdie stelling deur die lede uitgesluit gevoel het. Hierdie adolessente het min deelgeneem aan die groepsgesprek en sommige het selfs minderwaardig voorgekom vanweë die selfone wat hul besit. Een deelnemer het gesê haar foon is dom en ander was duidelik dat dit ’n groot rol speel watter tipe foon jy besit. Deelnemers het aangetoon dat dit nie altyd gaan oor slegs selfoonbesit nie, maar om die *regte* selfoon besit. Die regte selfoon sou dus nie net status aan die vroeë adolessent verleen nie maar kan bydra dat die vroeë adolessent groepsdruk beleef.

Dit was wel opvallend dat vroeë adolessente altyd seker gemaak het dat navorser bewus is van die feit dat daar uitsonderings op die reël is en in hierdie geval, dat die besit van die *regte* selfoon nie ewe belangrik is vir almal nie. Laasgenoemde opmerking sluit aan by die adolessent se soeke na identiteit. Deelnemers was duidelik daaroor dat groepsdruk nie vir almal dieselfde is in terme van selfoonbesit nie. Deelnemers noem dat sommige adolessente net ander adolessente op hul selfone uitnooi (invite) om te spog met baie kontakte, terwyl hul dan net met ’n paar van die kontakte praat. Deelnemers het die feit soos volg gestel:

“Ek dink, as jy nou ‘n Nokia het- almal dink jy’s nie nou ‘cool’ omdat jy n slegte foon het. Almal soek nou Blackberry’s of I-Phones of al die nuutste selfone.”

“Ander gebruik dit vir die lekkerte of net om te spog oor hoe goed hul foon is teenoor ander wat nie duur fone kan bekostig nie.”

“Dit kan onplesierig raak as jul by mekaar kuier en een persoon is heeldag op sy foon, veral as jy nie dieselfde foon as die persoon het nie, Bv.(byvoorbeeld) ‘n Blackberry.”

“Ek dink dit het vir party kinders wat eintlik omgee oor watter fone hulle het en as jy nie die foon het nie half forseer hulle jou om dieselfde foon te kry voor hulle tevrede is…”

Green (soos aangehaal deur O’Brian, 2010:43) wys op die sosiale waarde van die selfoon wat gesien kan word in onder andere die besit van die regte selfoon. Vanden Abeele en Roe (2013:286) bevind wel dat om ’n gewilde (cool) selfoon te besit wel vir die vroeë en middel adolessent status in die portuurgroep verwerf. O’Brien (2010:226-227) toon uit sy navorsing dat adolessente angstig is om ’n selfoon te hê om sodoende nie uit die portuurgroep uitgesluit te word nie. Ling (soos aangehaal deur Nurulla, 2009:22) verduidelik dat adolessente uit sy navorsing uitgesluit gevoel het van sosiale interaksies en soms druk van vriende ervaar het om ’n selfoon te kry. Deelnemers aan Lenhart (2010:74) se navorsing het aangetoon

dat adolessente aan sosiale verwagtinge onderwerp word vanweë die konstante verbinding wat die selfoon bied. Keating (soos aangehaal deur Goodwin *et al.*, 2012:322) beskou jonger adolessente (dit sluit die vroeë adolessent in) as meer vatbaar vir groepsdruk vanweë hul minder ontwikkelde kognitiewe vaardighede. Cobb (2010:229) se mening is dat portuurgroepdruk die sterkste is tydens vroeë adolessensie wanneer die vroeë adolessent 'n portuurgroep se steun die meeste benodig. Volgens Ling en Yttri (2005) verleen baie selfoonkontakte (selfoonnommers) status aan die adolessent. Lobet-Maris en Henin (soos aangehaal deur Nurulla, 2009:22) sluit hierby aan wanneer hulle aandui dat die selfoon as 'n barometer van die adolessent se sosiale lewe geld, waar die hoeveelheid boodskappe en oproepe wat hul ontvang bydra tot sosiale status/prestige. Klorer (2009) wys op die gevaar dat adolessente met vele kontakte dalk nie die verskil ken tussen kennisse en vriende nie.

- **Groepsgesprekke deur middel van die selfoon**

Die deelnemers het ook aangedui dat hulle selfoon belangrik is omdat die foon vir groepsgesprekke gebruik kan word. Die deelnemers het aangedui dat groepsgesprekke baie voordelig is aangesien boodskappe nie heen en weer gestuur hoef te word nie omdat die hele groep met een boodskap ingelig word. As voorbeeld was onder andere genoem wanneer 'n boodskap betreffende sportaktiwiteite deur een persoon uitgestuur word. Dit blyk ook dat die selfoon vir sosiale groepgesprekke deur die vroeë adolessente wat betrokke was by hierdie ondersoek, benut word.

"Ja, want gewoonlik as jy vir een persoon in jou span vra soos wanneer is oefening, dan weet hulle dalk nie- dan het jy soos 'n hele groepding- dan stuur jy net een iets en dan kan een of twee2 mense vir jou 'reply' en vir jou se 'OK' so laat en so."

"Sê nou maar jy het 20 ouens in die groep en jy wil weet wanneer is die rugby oefening want die tye het verander, dan sê nou maar net 1 ou weet en die res van die groep weet nie, dan gaan die hele groep uitvind op 1 slag in plaas van om die boodskap oor en oor te stuur vir almal."

"Ek het 'n vriendinne-groep op WhatsApp en ons kommunikeer baie daarop."

"...soos...sê nou maar jy en jou vriende baklei of ietsie, dan het jy 'n groep, waar as jy iets - as jy iets stuur - dan sien almal op die groep dit. Dan kan julle dit so uitsort in plaas van om met elkeen so te praat - dan kan julle net saampraat of iets."

Vroeë adolessente raak meer en meer onafhanklik van hul ouers namate hul meer betrokke raak by hul portuurgroep (Ling & Yttri, 2005:220). Cobb (2010:229) is van mening dat die vroeë adolessent 'n portuurgroep se ondersteuning nodig het. Een van die redes waarom die vroeë adolessent 'n portuurgroep benodig, is omdat 'n portuurgroep die adolessent toelaat om met waardes en rolle te eksperimenteer en sosiale vaardighede aan te leer (Berk, 2012:627). Nog 'n rede hoekom die portuurgroep so belangrik vir die adolessent is, is omdat adolessente wat tyd saam met hul portuurgroep spandeer en dus in groepsgesprekke betrokke is, gelukkiger is, 'n beter selfbeeld het en meer bemagtig voel (Dacey *et al.,* 2004:258; Ling & Yttri, 2005:219).

- **Selfoongebruik verbreek eensaamheid**

Die fokusgroeplede het aangedui dat hulle voortdurend met mekaar in kontak wil bly en in dié opsig is die selfoon baie belangrik. Die selfoon word selfs as 'n beste vriend beskou. Veral die adolessente wat aan die werkopdragte deelgeneem het, het baie klem daarop gelê dat die selfoon 'n beste vriend kan wees. Vriende kan jou dag opkikker as jy neerslagtig voel en daar is altyd iemand om mee te kommunikeer op verskeie wyses, soos bel, facebook, WhatsApp en BBM sodat jy nie "heeltyd alleen is in jou kamer of huis" nie.

"A cellphone can be described as a best vriend no human being can compare to they're always there for you, anytime, anywhere never saying no to whatever you want them to do internet, games, calling, messages and even waking you up in the morning."

"With cellphones you never feel lonely well actually with the kind of cellphone which you can play music with, chat and take pictures then you'll become a 'one less lonely person' in the world."

Vriendskappe is belangrik vir die adolessent en help vorm 'n positiewe selfbeeld, help vorm identiteit, werk eensaamheid teen, help hul om gepas op te tree en akademies te presteer (Goodwin *et al.,* 2012:321; Woolfolk & Perry, 2012:570). Baiocco *et al.* (2010:470) wys daarop dat aanlynvriende eensaamheid verlig / die selfoon verskaf kontak met vriende vir die eensame (Lobet-Maris & Henin soos aangehaal deur Nurulla, 2009:21).

- **Selfoongebruik help met instandhouding van verhoudinge**

Deelnemers aan die fokusgroepe was van mening dat, danksy die selfoon se hulp, is verhoudinge beter omdat dit groei en versterk word deur gesels en belangstelling in vriende se lief en leed. Deelnemers het genoem dat hul byvoorbeeld kan sien hoe 'n persoon voel op sy status en hom dan uitvra, byvoorbeeld hoekom hy kwaad is. Vroeë adolessente glo ook die selfoon is nuttig om 'n persoon om verskoning te vra as hul baklei het en só vriendskap in stand te hou. Deelnemers meen met 'n selfoon alleen kan 'n vriendskap nie gebou word nie. Deelnemers aan die navorsing het hul so uitgelaat daaroor:

"Jy bly goeie vriende met jou vriendinne - dis - dit raak net soos beter- jy geniet dit om met jou vriende oor die foon te praat."

"It also creates and grows friendships and relationships as we can stay in touch, talk and SMS."

Ling (2005) sluit hierby aan deur die gevolgtrekking te maak dat selfone adolessente se onafhanklikheid verhoog terwyl dit verhoudinge versterk – dus twee psigososiale take van vroeë adolessente word betrek: sosiale verbinding en bevordering van onafhanklikheid. Verhoogde gevoelens van positiewe selfwaarde word deur die vroeë adolessent ervaar wanneer die portuurgroeplede van die adolessent hou en hul die adolessente bel of bloot deur emosionele ondersteuning wat bevorderlik kan wees vir die instandhouding van verhoudinge (Dacey *et al.,* 2004:258; Ling & Yttri, 2005; Rathus, 2011:514, 515). Valkenburg en Peter (2009:92) se navorsing met IM (instant messaging) op die Internet bevestig dat adolessente 'n ontwikkelingsbehoefte bevredig naamlik om verhoudinge in stand te hou. Adolessente is in staat om meer intieme onderwerpe met behulp van die selfoon met vriende te bespreek as van aangesig-tot-aangesig en dit verbeter kwaliteit van verhoudinge. Hoe meer teksboodskappe 'n adolessent stuur, hoe meer persoonlike verbintenisse het die adolessent blykbaar (Lenhart *et al.,* 2010:55). Baiocco *et al.* (2010:470) bevind dat boesemvriendskappe dié vriendskappe is waar persoonlike kontak aangevul word deur elektroniese tegnologie soos onder andere die selfoon.

TEMA 3: DIE NEGATIEWE INVLOED VAN SELFOONGEBRUIK

Klorer (2009) wys op die negatiewe invloed van die selfoon wat veral sigbaar word in die gebrek aan interpersoonlike vaardighede van adolessente weens verhoudinge wat kan ontstaan sonder persoonlike kontak, soos die nuanses van kommunikasie

Selfoongebruik het dus nie net positiewe kenmerke nie, daar is ook ’n negatiewe invloed wat sigbaar word uit die volgende kategorieë wat onder **tema 3** geïdentifiseer is naamlik boeliegedrag vind plaas, benadeling van verhoudinge, ontneem aangesig-tot-aangesigkontak, die beleef van frustrasies, selfoongebruik gee aanleiding tot oneerlikheid en groepsdruk.

- **Boeliegedrag vind plaas**

Deelnemers het laat blyk dat hul bewus is van ’n negatiewe invloed van selfone en dat hul verkeerde goed kan doen en kyk of die foon vir slegte redes gebruik - veral deur middel van die Internetfunksie. ’n Ander deelnemer het gedink dat boelies “baie erg op fone” is. Jy kan ook die foon gebruik om iemand te vloek, af te kraak of sleg te sê want die persoon is nie teenwoordig nie. Deelnemers sien nie ’n poets oproep (prank call) as boeliegedrag nie behalwe as dit te ver gaan. Die vroeë adolessente het saamgestem dat dit maklik is om oor die selfoon te boelie, waarskynlik omdat die ontvanger nie teenwoordig is nie en nie dadelik kan reageer nie. Deelnemers het verder so uitgebrei oor hierdie saak:

“Mense kan vir mekaar afkraak en slegsê net hoe hulle wil, want mens hoef nie ftf (face to face) te praat nie en dit is makliker om ’n boelie op die selfoon te wees as in die regte lewe.”

“Dis ‘n slegte invloed op mense want dis ‘n maklike manier om te boelie en af te knou.”

“Types of threats we get when we don’t accept people: You blocked me on BBM and now you are going to die.”

“Jy ‘delete’ net ewe skielik die persoon waarvoor jy kwaad is ensovoorts dan sit jy lelike goed op jou status so dis eintlik agterbaks.”

“Dis baie maklik om iemand op ’n foon te boelie want hulle kan niks aan jou doen nie en jy hoef in hulle oë te kyk as jy sleg oor hulle praat nie. Jy tik dit uit en as hulle iets terug sê het jy tyd om oor ‘n ‘come back’ te dink.”

O’Keefe *et al.* (2011:801) noem kuberboelie of kuberafknouing die mees algemene risiko vir adolessente, waarskynlik omdat dit ’n portuurgroeprisiko is en omdat dit so

maklik is. Raskauskas en Stoltz (2007:565) beskryf kuberafknouing as indirekte aggressie wat ’n portuurgroeplid deur middel van elektronika gebruik om ’n ander portuurgroeplid te terg, beledig, dreig, teister en/of intimideer. Berger (soos aangehaal deur Johnson, 2009) sluit ook tereg hierby aan as hy noem dat die vertel van leuens, die maak van afbrekende/gemene opmerkings, om van iemand te skinder en die maak van dreigemente aan ander, alles vorme van boeliegedrag is. Raskauskas (2007) noem dat selfone nuwe geleenthede vir boeliegedrag geskep het vir adolessente. Hierdie manier van boeliegedrag is uniek omdat die oortreder anoniem kan bly en hy die slagoffer 24 uur per dag kan blootstel aan sy boeliegedrag (Johnson, 2009). Volgens Johnson (2009) en Lenhart *et al.* (2010:88) dra die selfoon veral by tot kuberafknouing omdat adolessente hul porture enige tyd en op enige plek kan afneem en boodskappe na porture kan versprei met behulp van e-pos, teksboodskap of webtuiste. Die slagoffer kan dus nie ontsnap nie (Lenhart *et al.,* 2010:88). Johnson (2009) brei hierop uit deur te verduidelik dat die oortreder sowel as die slagoffer blywende skade opdoen as gevolg van die boeliegedrag as dit nie effektief hanteer word nie. Lenhart *et al.* (2010:88) bevind dat 26% adolessente al deur iemand geteister is op hul selfone. Lenhart *et al.* (2010:88) noem dat stemboodskappe/oproepe dikwels in die vorm van poets oproepe (prank calls) voorkom. Beran en Li (2005:3) en Vanden Abeele en de Cock (2013:109) verduidelik twee maniere van boeliegedrag oor die selfoon, naamlik ’n direkte en openlike vorm van aggressie en ’n indirekte vorm van aggressie. Met die direkte vorm word die slagoffer direk betrek met byvoorbeeld ’n teksboodskap, foonoproep of ongevraagde foto’s van die persoon wat die persoon beledig. Die indirekte vorm sluit skinderstories, vals gerugte of uitsluiting in waar die slagoffer nie direk betrek word nie maar bewus word van die agterbakse manier deur middel van kennisgewings.

- **Benadeling van verhoudinge**

Die deelnemers het daarop gewys dat portuurgroep verhoudinge benadeel word deurdat iemand anders jou foon kan neem en ’n boodskap aan iemand anders stuur wat tot misverstande kan lei. Die deelnemers noem die feit dat om iemand (’n maat) te nooi om te kom kuier en dan is hy heeltyd besig op sy foon, benadeel ook vriendskapsverhoudinge. Gesinsverhoudinge kan ook volgens deelnemers negatief

beïnvloed word deur selfoongebruik, want jy hoor nie wat gesinslede vir jou sê terwyl jy op jou foon tik nie. Deelnemers noem dat misverstande as gevolg van byvoorbeeld skinderstories, verhoudinge kan skaad en dat verhoudinge sommer net verdwyn as gevolg van selfoonmisbruik. Deelnemers het ook genoem dat wanneer hulle te veel oor die selfoon gesels of daarmee besig is, dit kan meebring dat hulle soms kortaf met hulle vriende is. Hierdie oorbetrokkenheid by die gebruik van die selfoon kan ook aanleiding gee tot selfs te min slaap wat weer lusteloosheid tot gevolg het en verhoudinge kan skaad.

Deelnemers se reaksies het getoon dat hulle nogal baie frustrasies beleef rondom selfoongebruik. Dit frustreer hulle baie wanneer hul sonder ’n selfoon moet klaarkom, veral as hul met vriende wil praat of iets wil uitvind. Nog ’n bron van frustrasie, volgens deelnemers, is wanneer vriende gedurig met hul selfone besig is. Vroeë adolessente deelnemers noem dat baie gesels op die selfoon maak dat hulle nie meer van-aangesig-tot-aangesig weet wat om te sê nie. Hulle meen dat jy uitgepraat raak oor die foon en nie meer iets het om vir mekaar te sê nie en mekaar dan sodoende irriteer met die selfoon. Die belewing van frustrasies lei dus ook tot benadeling van verhoudinge. Die deelnemers het hul menings op die volgende wyse gelug:

“BBM veroorsaak verskriklik baie ‘fights’ en op BBM weet jy nie of dit die persoon is wat praat nie, want baie keer vat jou pel jou foon en dan praat hul oor jou foon...en dan weet jy nie of dit daai persoon is nie en dan veroorsaak dit... kwaad tussen jou pelle.”

“Dis waar... En as vriende by jou kom kuier dan’s dit soos heeltyd- dan stuur iemand –sê nou maar iemand stuur vir jou ’n ‘message’ oor BBM, dan kyk jy en dan begin jy net heeltyd met die persoon praat en dan vergeet jy...OK...jy vergeet nie van die persoon nie maar julle kommunikeer nie regtig as die persoon by jou kom kuier dan nie want jys heeltyd op die foon.”

“Dit kan ook twyfel inbring tussen jou en jou vriend. Hy kan dink jy skinder oor hom as jy eintlik net goeie komplimente versprei.”

“*Daars kinders in ons klas wat se fone gevat word deur mnr... wat mos daar verbyloop en baie van hulle huil want hulle hele lewe het tot stilstand gekom vir 10 dae”*

“Dis soos: jy praat al jou gesprekke op BBM, dan as jy by die persoon kom, dan weet jul nie meer wat om vir mekaar te sê nie.”

Lenhart *et al*. (2010:9) het bevind dat teksboodskappe deel geword het van adolessente se lewens en dat hul boodskappe stuur om in kontak te bly selfs terwyl

hul besig is met sosiale aktiwiteite en so ontbreek persoonlike kontak. Lenhart *et al.* (2010:89) en Oprea en Stan (2012 :4091) bevestig die feit dat selfoongebruik kan bydra tot benadeling van verhoudinge, aangesien teksboodskappe dikwels tot misverstande en argumente kan lei omdat dit moeilik is om betekenis deur middel van teksboodskappe oor te dra. Boodskappe kan ook per ongeluk aan verkeerde persone gestuur word wat ook verhoudinge kan benadeel (Lenhart *et al.,* 2010:89).

Vykoukalova (2007) bevind met navorsing dat meeste deelnemers hul nie sonder ’n selfoon kan voorstel nie en dat sommige selfs paniekerig raak as hul nie ’n selfoon het nie. Wanneer ’n selfoon hulle onderbreek met waarmee hulle besig is, raak 48% adolessente geïrriteerd (Lenhart *et al.,* 2010:5,68) of wanneer iemand hul probeer teks wanneer hul nie beskikbaar is nie, byvoorbeeld in skooltyd, asook wanneer iemand ongeduldig ’n antwoord afwag met byvoorbeeld vraagtekens en die adolessent nie gou genoeg reageer nie (Lenhart *et al.,* 2010:70).

- **Ontneem aangesig-tot-aangesig kontak**

Volgens die deelnemers blyk dit dat ’n verdere negatiewe invloed van die gebruik van ’n selfoon die feit is dat die selfoon vroeë adolessente in staat stel om direkte kontak met maats te vermy. Hulle het onder andere genoem dat wanneer jy vir iemand kwaad is, jy maklik deur middel van BBM die persoon laat verstaan hoe jy voel. Deur middel van ’n selfoon is ’n adolessent in staat om direkte kontak te vermy wanneer deelnemers skaam of kwaad is. Deelnemers sal ook liewer ’n selfoon in plaas van direkte kontak gebruik wanneer hulle hul ouers iets wil vra waarop hul vermoed dat die antwoord “nee” sal wees. Die gevoel onder die deelnemers was dat vriende nie meer kan kommunikeer sonder hul selfone nie. Deelnemers het die volgende voorbeelde gegee:

“vriende het deesdae geen ‘guts’ om vir jou te sê hoe hulle voel nie, daarom skryf hulle vir jou sms om te sê hoe geirriteerd hulle met jou is.”

“en ander sal eerder oor die f(selfoon) baklei as voor mekaar.”

“CP (cell phones) separates children to socialize verbally. CP (cell phone) mostly used for texting other kids.”

Vykoukalova (2007) bevind dat té intieme situasies maklik deur middel van tegnologie kommunikeer word. Deelnemers aan Lenhart *et al.* (2010:50) se

navorsing beskou teksboodskappe as nie spontaan nie, omdat dit verander kan word en omdat dit nie emosie weergee nie.

Deelnemers se mening was dat aangesig-tot-aangesig kontak steeds belangrik en selfs opwindend is vir hulle en dat hul die selfoon sou gebruik om aangesig-tot-aangesigkontak te reël (vergelyk byvoorbeeld 5.1). Ander deelnemers het vertel dat aangesig-tot-aangesigkontak nie regtig verminder word nie. Deelnemers het só reageer ten opsigte van die onderwerp:

"It does have an effect on the relationships between me and my friends but not a lot. We still talk and communicate face to face."

"Many teenagers these days have lost the ability to communicate without the means of technology and I can proudly say that I am not one of them!"

Kuntsche (2009:5) se navorsing toon aan dat wanneer die selfoon, byvoorbeeld meer gebruik word, direkte kontak met vriende ook vermeerder (Kuntsche, 2009:5). Volgens Lenhart *et al.* (2010:53) se navorsing het 85% deelnemende adolessente weeklikse direkte kontak met vriende buite die skoolopset.

- **Selfoongebruik gee aanleiding tot oneerlikheid**

Deelnemers meen dis maklik om te jok oor die foon, veral wanneer teksboodskappe gebruik word want die ontvanger kan nie jou stem hoor of jou liggaamstaal sien nie. Partykeer is vroeë adolessente nie seker met wie hul oor die selfoon praat nie, omdat diegene met wie hul praat soms 'n vals identiteit aanneem deurdat iemand jou foon vat en daarop praat, iemand namens iemand anders praat of iemand homself as iemand anders voordoen. Sodoende word vertroulikheid verbreek. Somtyds moet iemand middelmannetjie speel tussen twee persone wat nie met mekaar wil praat nie en op die ou end raak beide partye kwaad vir die middelmannetjie.

"Tannie weet mos, mens, op 'n Blackberry kan sien mense het gelees...'Nee, ek het nie jou boodskap gekry nie', maar jy kan sien die ou het gelees."

"Daars 'n meisie in ons klas wat gemaak het dat sy iemand is wat sy nie is nie oor 'n foon. Toe, eh, vind hulle uit daaroor...en nou...is sy baie skaars."

"En baie mense is partykeer op jou foon, dan verander hulle jou 'status' of hulle praat met iemand anders en dan is hulle lelik met daardie persoon, want hul hou nie van daardie persoon nie en dan-ja...en dan dink daardie persoon dis jy wat met hul gepraat het."

Vykoukalova (2007) se navorsing toon dat gebare en gesigsuitdrukking uitgeskakel word wanneer iemand ’n selfoon gebruik en daarom is dit makliker om te jok wanneer ’n selfoon gebruik word. Koutamanis *et al.* (2013:2265) sluit hierby aan deur te noem dat adolessente as gevolg van die verminderde nie-verbale leidrade, minder besorg is oor wat ander van hul dink en dus minder geïnhibeerd optree oor elektroniese media soos die selfoon.

TEMA 4: DIE INVLOED VAN DIE SELFOON OP GROEPSVERHOUDINGE VAN DIE VROEË ADOLESSENT

Volgens Li *et al.* (2011:331) word vroeë adolessente se verhoudinge gekenmerk deur veelsydigheid wat portuurondersteuning, boeliebetrokkenheid en assosiasie met vriende met probleemgedrag kan insluit. Hulle verhoudinge is ook vinnig veranderend wat beteken dat sommige aspekte van vriendskap minder belangrik word soos wat adolessente ontwikkel terwyl ander aspekte weer belangriker word met tydsverloop. Carr (2008:30) beklemtoon die belang van groeplidmaatskap tydens vroeë adolessensie en noem dat die behoefte “om te behoort” deur ’n portuurgroep bevestig moet word. Volgens Nurulla (2009:21,23) word die behoefte van die adolessent “om te behoort” bevorder deurdat die portuurgroep bande behou deur selfoonkontak.

Deelnemers kon gesels oor die rol wat die selfoon in hulle verhoudinge met hulle maats speel en hoe die selfoon onder andere kliekvorming en uitsluiting uit die groep beïnvloed. Kategorieë wat deel vorm van tema 4 is: selfoongebruik gee aanleiding tot kliekvorming en selfoongebruik kan tot uitsluiting lei.

- **Selfoongebruik gee aanleiding tot kliekvorming**

Deelnemers het vertel hoe hul met die selfoon klieke vorm en met mekaar meestal oor BBM of WhatsApp gesels. Die volgende faktore kan lei tot die vorming van klieke, byvoorbeeld, die deel van ’n koshuiskamer, hokkiespan en ’n groep vriende. Die deelnemers aan die fokusgroepe het dit só verwoord:

“As ons bv (byvoorbeeld) die slotkode vergeet of as ons foto’s geneem het sit ons dit daarop want dis vinniger om dit vir die ander 3 te stuur.”

“Ons is so tussen 8 en 11 en ons gebruik die groep om te kommunikeer.”

"Om 'n kuier bv(byvoorbeeld) te reël dan kan almal sê wanneer dit hulle pas."

Vroeë adolessente vorm klein groepies met tussen drie en tien lede naamlik klieke. Hierdie klieke bestaan uit naby vriende wat dieselfde agtergrond, belangstelling, geslag en ouderdom het en saam met wie die adolessent die meeste tyd spandeer (Berk, 2012:626; Cobb, 2010:221; Woolfolk & Perry, 2012:569). Lede van die kliek neem saam deel aan aktiwiteite en tree op ooreenkomstig die standaarde en gedrag van die kliek (Woolfolk & Perry, 2012:507). Interaksie met soortgelyke porture is veral van belang omdat dit ervaring van "behoort" bied, denke en gevoelens versterk en kommunikasiegeleenthede bied oor gedeelde belangstellings en aktiwiteite (Zeggelink, soos aangehaal deur Knecht *et al.,* 2010:475).

- **Selfoongebruik kan tot uitsluiting lei**

Deelnemers toon aan dat diegene met Blackberry's heeltyd doenig is met hul selfone en diegene sonder Blackberry's ignoreer en nie met hulle gesels nie - nie direk of per selfoon nie. Diegene met BBM verstaan nie dat ander uitgesluit voel nie. Deelnemers was ook van mening dat die selfoon jou kan verander, soos dat 'n persoon nie meer vriende sal wees met iemand met 'n ander foon nie.

"*Almal het soos 'n sosiale lewe- of meeste mense-en as jy nie n selfoon het nie dan weet jy nie rerig wat aangaan nie , want almal- almal sit alles op hulle selfone –soos op BBM 'status' en goed- dan weet jy nie rerig wat aangaan nie , dan moet jy nou eers by die mense– na hulle toe gaan om uit te vind wanneer is dit en..."*

"Die mense praat nie meer met jou nie. Hulle is heeldag op BBM . Soos jou vriendinne of sulke goed. Dis nie lekker nie.."

"Partykeer is iemand soos, hulle praat baie met jou .. en as hul 'n ander foon het en wanneer hulle 'n Blackberry kry en dan begin hulle jou uitlos en dan wil hul net op hul foon praat en dan verander hulle."

Taylor en Harper (soos aangehaal deur O'Brien, 2010:51) noem in hierdie verband dat deelnemers wat nie teksboodskappe ontvang nie, gevoelens van isolasie beleef, of gevoelens dat niemand van hul hou of hul ken nie, rapporteer. Beran en Li (2005:3) beskou uitsluiting as 'n vorm van boeliegedrag. Ling (soos aangehaal deur Nurulla, 2009:22) noem dat deelnemers aan sy navorsing uitgesluit gevoel het van

sosiale interaksie sonder ’n selfoon. Deelnemers het hulle só uitgelaat oor hierdie onderwerp:

“*Almal het soos ‘n sosiale lewe- of meeste mense-en as jy nie n selfoon het nie dan weet jy nie rerig wat aangaan nie , want almal- almal sit alles op hulle selfone –soos op BBM ‘status’ en goed- dan weet jy nie rerig wat aangaan nie , dan moet jy nou eers by die mense– na hulle toe gaan om uit te vind wanneer is dit en...”*

“Die mense praat nie meer met jou nie. Hulle is heeldag op BBM . Soos jou vriendinne of sulke goed. Dis nie lekker nie..”

“Partykeer is iemand soos...hulle praat baie met jou .. en as hul ‘n ander foon het en wanneer hulle ‘n Blackberry kry en dan begin hulle jou uitlos en dan wil hul net op hul foon praat en dan verander hulle.”

Taylor en Harper (soos aangehaal deur O’Brien, 2010:51) noem in hierdie verband dat deelnemers wat nie teksboodskappe ontvang nie, gevoelens van isolasie beleef, of gevoelens dat niemand van hul hou of hul ken nie, rapporteer. Beran en Li (2005:3) beskou uitsluiting as ’n vorm van boeliegedrag.. Ling (soos aangehaal deur Nurulla, 2009:22) noem dat deelnemers aan sy navorsing uigesluit gevoel het van sosiale interaksie sonder ’n selfoon.

TEMA 5: ONTSPANNING EN AFLEIDING WAT DIE SELFOON BIED

Deelnemers kon oor die ander gebruike van die selfoon uitbrei en vertel hoe die selfoon hulle verveeldheid verdryf. Kategorieë hier geïdentifiseer is die selfoon as afleiding, die tref van reëlings en selfoon dra by om goeie herinneringe te hou. Die selfoon is ’n manier om te ontsnap na ’n mikro-wêreld waar jy met verskillende persone kan praat en nie so eensaam voel nie (Taylor & Harper, 2003:292). Kappler *et al.* (2011), asook Lenhart *et al.* (2010:5,56) wys daarop dat die selfoon nie meer net ’n foon is nie maar ’n elektroniese toestel waarmee boodskappe gestuur kan word, op die internet ingegaan kan word, applikasies soos ’n weerprogram afgelaai en gebruik kan word, musiek gespeel kan word en waarop video’s gekyk kan word. Nurulla (2009:20) noem ’n paar randkantfunksies van die selfoon soos speletjies speel, foto’s neem en aanstuur en ontspanning bied, wat dikwels meer gewild is as die primêre eienskappe van die foon blyk te wees.

- **Die selfoon as afleiding**

Ten spyte van die belangrikheid van die portuurgroepverhoudinge vir die vroeë adolessent het die deelnemers vertel dat hulle in die afwesigheid van hulle vriende, hulself met hul selfoon kan besig hou deur byvoorbeeld na musiek te luister en foto's te deel, elektroniese speletjies te speel en video's te kyk, veral tydens lang ritte of wanneer hulle verveeld is. Hulle luister musiek wanneer hul so voel en noem dat musiek jou beter kan laat voel. Speletjies en toepassings word van die Internet afgelaai soos 'n foto-redigeringsprogram, weervoorspellingsprogram en navigasieprogram.

"*Vir jou vermaak is daar speletjies op jou foon."*
"The people in my hostel room use their p (phone) mostly for photos and music, but most people I know use it for the same purpose."
"Musiek en gebruik die internet om na foto's te kyk en vir facebook"

Lenhart *et al.* (2010:61) bevind dat die selfoon deelnemers se verveeldheid bekamp deur byvoorbeeld foto's te neem. Lenhart *et al.* (2010:63) bevind ook dat speletjies en musiek op die selfoon baie gewild is. Meer as 60% adolessente tussen 12 en 15 jaar luister na musiek op hulle selfone (Lenhart *et al.,* 2010:63).

- **Die tref van reëlings**

Deelnemers het dit duidelik gemaak dat hul graag saam met vriende aan aktiwiteite deelneem soos partytjies of visvang, saam kuier of naweke saam deurbring en dat hul die selfoon gebruik om die reëlings daarvoor te tref. Dit blyk dus dat die selfoon kan bydra tot beter portuurgroepverhoudinge.

"en ek dink as jy soos reelings tref om met mekaar te kuier in plaas van om met mekaar oor fone te praat om fisies bymekaar te wees om sáám goed te doen, om sáám te lag en lekkerder gesels as wat jy oor 'n foon gesels."
"Tannie, jy kan soos met jou vriende-se maar soos naweke – dan reël jy met hulle om soos te gaan visvang daarso en dan kry ons mekaar (dan kuier ons)."

Vroeë adolessente in Blair en Fletcher (2011:163), asook Lenhart *et al.* (2010:9,11) se navorsing beskou die selfoon as hulpmiddel om organisering van aktiwiteite met vriende te vergemaklik. Kuntsche *et al.* (2009) bevestig dat hoër gebruik van

elektroniese media (veral die selfoon) neig om meer tyd met vriende en meer vriende vir die gebruiker te gee.

- **Die selfoon dra by om goeie herinneringe te hou**

Die selfoon is meer as net ’n selfoon maar eintlik soos ’n skatkis met herinneringe vir die vroeë adolessent. Deelnemers neem foto’s en video’s om ’n spesifieke dag saam met familie, vriende en vriende van die teenoorgestelde geslag te onthou en weer te geniet. Goeie herinneringe op die selfoon dra dus by tot ’n positiewe invloed op portuurverhoudinge. Deelnemers het verder só oor hulle herinneringe uitgebrei:

“As hy soos byvoorbeeld vir jou ‘n mooi boodskappie stuur en jy ‘save’ dit of foto’s wat julle saam neem en statusse wat hy ‘post’.”

“Jy kan memory - kyk jy neem foto’s- al jou memories is op jou foon-basies goeie tye wat jy saam met jou vriende gehad het, waar jy van foto’s het en al dit, dan kan jy daardeur gaan en kan jy die goeie tye onthou en al dit.”

“Ek het baie fotos ..van my vriende.. waar ons goeie tye het.. op my foon.”

“Om die goeie tye saam hulle (vriende) te onthou en dit weer te geniet.”

Vincent (soos aangehaal deur O’Brian, 2010:42) sluit hierby aan en noem dat die selfoon vir die adolessent ’n uitdrukking is van wie hul is omdat dit inligting van kontakte en herinneringe bevat in die vorm van onder meer foto’s, boodskappe ensovoorts. Taylor en Harper (2003:243) verwys na herinneringe (soos teksboodskappe) op die selfoon wat gevoelens en gedagtes kan oproep.

4.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsbevindinge bespreek na aanleiding van verskeie temas en kategorieë wat uit die werkopdragte asook fokusgroeponderhoude na vore gekom het. Bevindinge is gemaak met betrekking tot die selfoon as kommunikasiemedium en hoe belangrik die selfoon vir die vroeë adolessent is. Verder is daar bevindinge gemaak met betrekking tot die invloed wat die selfoon op portuurverhoudinge mag hê. Laastens is aangetoon dat, binne die konteks van die selfoon en portuurverhoudinge, die selfoon ook as ontspanningsinstrument benut word. In die laaste hoofstuk word gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak op grond van die navorsingsbevindinge.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om gevolgtrekkings en aanbevelings op grond van die navorsingsbevindinge te bespreek. Eerstens sal ’n gevolgtrekking gemaak word met betrekking tot die doel van die navorsing waarna gevolgtrekkings gemaak sal word na aanleiding van die temas en kategorieë wat geïdentifiseer is. Aanbevelings word daarna gemaak voortspruitend uit die gevolgtrekkings. Laastens word daar aanbevelings gemaak met die oog op toekomstige navorsing en enkele beperkinge in die navorsing word aangedui.

5.2 GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van die navorsingstudie was om met behulp van fenomenologiese strategie ’n kwalitatiewe ondersoek te doen na die invloed van selfoongebruik op die portuurgroepverhoudinge van vroeë adolessente in Tzaneen.

Die doel van die navorsing is volgens die navorser bereik omdat ’n kwalitatiewe ondersoek wel onderneem kon word. Deelnemers is verkry deur middel van doelbewuste seleksie. Data kon ingesamel word deur middel van ’n werkopdrag asook fokusgroeponderhoude. Data is tematies analiseer aan die hand van Creswell (2009) en Brown en Clark (2006) se metodes.

5.3 GEVOLGTREKKINGS NA AANLEIDING VAN DIE TEMAS EN KATEGORIEË VANUIT DIE NAVORSINGBEVINDINGE

Gevolgtrekkings word gemaak aan die hand van temas en kategorie-items.

5.3.1 Gevolgtrekkings met betrekking tot die selfoon as kommunikasie-medium

- Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat vroeë adolessente die selfoon gebruik om in kontak te bly met hul portuurgroeplede deur onder andere inligting oor maats, skoolwerk en sportaktiwiteite in te win. Die uitruil van

inligting vind dikwels ook in die vorm van groepsgesprekke deur middel van die selfoon plaas. Hiervoor word hoofsaaklik teksboodskappe in verskillende vorme gebruik, byvoorbeeld SMS, WhatsApp en BBM. Die tipe selfoon wat die vroeë adolessent besit vergemaklik kommunikasie en dus portuurgroepverhoudinge.

- Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die vroeë adolessent portuurgroepverhoudinge makliker aanknoop deur middel van die selfoon, veral wanneer die persoon skaam en teruggetrokke is. Die rede hiervoor is dat die selfbeeld van die vroeë adolessent in hierdie lewensfase laag is en ook die feit dat hulle uiters selfbewus is. Na aanleiding van die sisteemteorie kan ’n kind wat skaam is as ’n geslote sisteem gesien word.
- Moeilike situasies, soos slegte nuus en emosionele probleme en ook goeie nuus in verhoudinge word makliker oor die selfoon hanteer. Dit was ook opvallend dat vroeë adolessente die maklikste manier kies om met die minste moeite te kommunikeer en dit is waarom die selfoon so gewild onder die vroeë adolessent kan wees. Die gevolgtrekking word gemaak dat portuurgroepverhoudinge van die vroeë adolessent in die algemeen vergemaklik word deur gebruik te maak van die selfoon.

Die navorser kom hier tot ’n duidelike gevolgtrekking dat selfoongebruik die portuurverhoudinge van vroeë adolessente wel kan beïnvloed.

5.3.2 Gevolgtrekkings met betrekking tot die belangrikheid van die besit van selfoon

- Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom, dat dit vir die vroeë adolessent meestal belangrik is om die regte selfoon te besit omdat dit bydra tot sosiale status en dit kan meebring dat vroeë adolessente in die regte vriendekring beland. Die *regte* selfoon is waarskynlik dié selfoon wat die vroeë adolessent in kontak hou met maats met invloed, dit wil sê, een van die nuutste selfone soos ’n slimfoon. Die regte selfoon kan ook groepsdruk laat afneem en keer dat die vroeë adolessent uitgesluit word uit die portuurgroep. Ander se opinie, in hierdie geval die besit van ’n sekere tipe selfoon, het ’n beskermende funksie vir die vroeë adolessent omdat evaluering van ander waarde inhou vir selfbeeld en portuurgroep-aanvaarding. Die gevolgtrekking wat hier gemaak

word dat dit blyk dat die besit van die regte tipe selfoon die vroeë adolessent help om vas te hou aan belangrike portuurgroep-verhoudinge in hul soeke na onafhanklikheid. Die navorser kom ook tot die slotsom dat selfoonbesit, net soos enige modeneiging, altyd aan die verander is en wel ’n invloed op portuurgroepverhoudinge het.

- ’n Verdere gevolgtrekking met betrekking tot selfoonbesit, is dat die selfoon vir sommige vroeë adolessente as ’n plaasvervanger dien vir die gebrek aan (eie) portuurgroepverhoudinge, aangesien hierdie spesifieke groep vroeë adolessente die selfoon as hulle beste vriend sien wat eensaamheid verlig of hulle besig hou met een van die vele toepassings van die selfoon soos elektroniese speletjies.
- ’n Belangrike gevolgtrekking hier is dat selfone vir sommige vroeë adolessente soms net aanvullend is tot persoonlike kontak met hulle portuurgroeplede. Hier kom navorser ook tot die gevolgtrekking dat selfoongebruik wel ’n invloed op portuurgroepverhoudinge het maar dat alle vroeë adolessente nie die invloed dieselfde ervaar nie.

5.3.3 Gevolgtrekkings met betrekking tot die negatiewe invloed van selfoongebruik

- Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat daar ook ’n negatiewe invloed is wat van die besit van ’n selfoon uitgaan. Die deelnemers het die feit bevestig deur boelie en afknou, afkraak en slegsê oor die selfoon as maklik uit te wys. Kommerwekkend is dat afknou deur middel van die selfoon blykbaar maklik deur enigeen gepleeg kan word en dat daar nie werklik gevolge blyk te wees nie behalwe die reaksie van die ontvanger. Hierby sluit die feit aan dat misverstande tussen portuurgroeplede kan ontstaan vanweë die feit dat lede mekaar se fone gebruik en dat ook skinderstories versprei kan word. Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat die gebruik van ’n selfoon portuurgroepverhoudinge ook kan benadeel.
- Dit was dan ook opvallend dat selfoongebruik vroeë adolessente baie kan frustreer. Hierdie feit manifesteer veral wanneer hulle om een of ander rede sonder hulle selfone moet klaarkom en dus nie in kontak met vriende kan kom nie. ’n Interessante gevolgtrekking is die feit dat dat vroeë adolessente die oorgebruik van die selfoon as irriterend en benadelend vir verhoudinge beleef

omdat die oorgebruik van die selfoon dikwels aangesig-tot-aangesig kommunikasie negatief beïnvloed. Laasgenoemde is as gevolg van ’n persoon wat in die geselskap van ander gedurig op die selfoon besig is.

- ’n Verdere gevolgtrekking wat daarop dui dat die selfoon ’n negatiewe invloed op die verhoudinge van portuurgroeplede het, is die feit dat die selfoon vir oneerlike doeleindes gebruik kan word. Vroeë adolessente jok skynbaar maklik vir mekaar met behulp van die selfoon. Valse identiteite word aangeneem en sommige vroeë adolessente doen hulself as iemand anders voor. Dan gebeur dit ook dat iemand namens iemand anders per selfoon gesels of iemand anders se selfoon gebruik om met iemand te gesels. As gevolg van laasgenoemdes word onderlinge vertroue tussen vroeë adolessent verbreek en verhoudinge ly skade vanweë hierdie ongeïnhibeerdheid waartoe die selfoon ditself verleen.
- Die navorser maak die gevolgtrekking dat selfoongebruik ook ’n negatiewe invloed op portuurgroepverhoudinge van die vroeë adolessent kan hê.

5.3.4 Gevolgtrekkings met betrekking tot ontspanning en afleiding wat die selfoon bied

- Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die selfoon se randkantfunksies ewe belangrik is vir vroeë adolessente. Daar word dus baie tyd op die selfoon bestee om te ontspan en verveeldheid teen te werk deur byvoorbeeld musiek te luister, foto’s te neem, speletjies te speel of hulle met toepassings besig te hou.
- Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die tref van reëlings om saam te kuier en saam aan aktiwiteite deel te neem, ontspanningsgeleenthede is wat deur middel van die selfoon bewerkstellig word en bydra tot beter portuurgroepverhoudinge. So byvoorbeeld bou vroeë adolessente goeie herinneringe op met behulp van die selfoon wanneer hulle foto’s neem van kuiertye saam met hulle vriende en familie. Hier kan die gevolgtrekking gemaak word dat selfoongebruik, as instrument om ontspanningsgeleenthede te skep, ’n positiewe invloed op portuurgroepverhoudinge van die vroeë adolessent het.

5.4 GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT SELFOONGEBRUIK OP PORTUURGROEPVERHOUDINGE

- Die navorser se gevolgtrekking is dat die selfoon wel ’n invloed het op portuurgroepverhoudinge van die vroeë adolessent. Hierdie invloed is aan die eenkant negatief (byvoorbeeld boeliegedrag) en aan die anderkant positief (byvoorbeeld die reël van kuiers wat tot voordeel van aangesig-tot-aangesig verhoudinge strek). Die navorser wil tog ten opsigte van hierdie navorsingstudie met hierdie spesifieke vroeë adolessente tot die slotsom kom dat die selfoon ’n positiewe invloed het op die portuurgroepverhoudinge aangesien dit die gevoel van “om te behoort” by hulle skep. Positiewe resultate word waarskynlik in ’n gesonde omgewing verkry, waar vroeë adolessente reeds positiewe portuurgroepverhoudinge beleef. Die adolessent pas aan en herorganiseer gedrag om effektief by veranderinge in sy dinamiese sisteem in te pas deur byvoorbeeld met portuurgroeplede ’n verhouding te stig deur middel van tegnologiese vaardighede, wat ondere andere selfoongebruik insluit. Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat portuurgroepverhoudinge oor die algemeen bevoordeel word deur die gebruik van die selfoon.

5.5 GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT SELFOONGEBRUIK EN DIE PORTUURGROEP AS SISTEEM

- Die belangrikheid van vroeë adolessente se portuurgroep het tydens die navorsingsproses na vore gekom. Dit is net so belangrik vir vroeë adolessente om, selfs oor afstand, voortdurend in kontak te wees en bly met hulle vriende en hulle familie (mikrosisteem). Die selfoon speel ’n baie belangrike rol om vroeë adolessente met vriende te verbind. Vroeë adolessente vorm graag groepe en klieke met behulp van die selfoon om sodoende in kontak te bly met hulle vriende (mikrososteem) met behulp van groepsgesprekke. Uit die data-analise het dit geblyk dat adolessente tans veral groepe vorm met behulp van Blackberry’s en BBM en dat deelnemers sonder Blackberry’s meestal uitgesluit word. In hierdie geval beïnvloed adolessente en portuurgroeplede mekaar wederkerig deur middel van die selfoon, veral op meso- en eksosisteemvlak. Vroeë adolessente ervaar en

interpreteer ondervindinge met die selfoon op grond van wat hulle in die verlede geleer het. Ingevolge die sisteemteorie kan adolessente en dus ook vroeë adolessente deur gebeurtenisse, aktiwiteite en verhoudinge met behulp van die selfoon beïnvloed word op die ekso-, meso- en mikrosisteemvlak.

- Data het ook uitgewys dat die adolessente bewus is van die negatiewe aspek van selfoongebruik. Vroeë adolessente is nog in die proses om ’n eie identiteit te vorm, daarom erken hul dat hul nie sonder of met hul selfone kan nie, omdat die selfoon hulle nog help om ’n identiteit te vorm. Volgens die chronosisteem wat verwys na die invloed van iets op ’n spesifieke tyd, moet selfoongebruik ’n definitiewe invloed op die veranderende adolessent hê. Alhoewel adolessente in ’n fase is van onafhanklikwording van hul ouers en ander volwassenes, waardeer hul steeds raad van veral hul ouers. Ouers en ander volwassenes wat deel vorm van die adolessente se mikro-, (byvoorbeeld ouers) makro- (byvoorbeeld lae inkomste enkelouer gesin), ekso- (byvoorbeeld skoolbeheerliggaam) en mesosisteem (byvoorbeeld ouer-onderwyser-interaksie) het nog die verantwoordelikheid om adolessente te waarsku en as’t ware op te lei om selfone verantwoordelik te gebruik. In ’n veilige omgewing van die mikrosisteem (ouers, familie en vriende) en mesosisteem (ouer-skool-interaksie), as sisteme wat in interaksie is met die vroeë adolessent kan die selfoon bydra by tot ’n positiewe identiteitsontwikkeling en gesonde sosiale ontwikkeling van die vroeë adolessent.
- Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat selfoongebruik meestal ’n positiewe invloed het op portuurgroepverhoudinge het.

Vervolgens word daar gelet op die aanbevelings wat gemaak kan word op grond van bogenoemde gevolgtrekkings. Die aanbevelings fokus op die uitbouing van die positiewe gebruik van die selfoon en waarsku teen die negatiewe gebruik. Dit blyk dat die vroeë adolessente dit geniet om ’n selfoon te gebruik en gebruik dit hoofsaaklik om te sosialiseer en verhoudinge te bou. Selfoongebruik is hier om te bly maar vroeë adolessente het sekere maatreëls nodig om hul te beskerm.

5.6 AANBEVELINGS

5.6.1 Aanbevelings ten opsigte van die selfoon as kommunikasiemedium

- Vroeë adolessente gebruik die selfoon om inligting te bekom vir huiswerk en take. Hierdie aspek kan goedskiks deur onderwysers en skole gebruik word. Daar word aanbeveel dat onderwysers byvoorbeeld deel word van ’n selfoonbesprekingsgroep. Hierdie besprekingsgroep kan hoofsaaklik vir akademiese doeleindes gebruik word sodat onderwysers so kan huiswerk uitstuur en moontlik help in sekere vakke. (Hier tree die mesosisteem van die sisteemteorie in werking. Ouers en onderwysers is betrokke by die adolessent en dit is tot voordeel van die adolessent as gevolg van wederkerige invloed.)
- Ouers en onderwysers is verantwoordelik om op hoogte te bly met adolessente se selfoongebruik om negatiewe gebruik soos boeliegedrag uit te skakel sodat adolessente bemagtig word om self die verantwoordelikheid te neem om die positiewe kant van selfoongebruik uit te bou.
- Ouers kan deur belangstelling in hulle vroeë adolessente kinders se doen en late op hoogte bly van hulle selfoongebruik en moontlik beperkinge stel op die gebruik van selfoontegnologie. Hierdie beperkinge kan moontlik insluit dat vroeë adolessente gedurende eksamens minder ure op hul selfone mag spandeer. Ouers en onderwysers kan ook deur bloot met vroeë adolessente te gesels oor selfoongebruik, kennis opdoen oor die adolessente se behoeftes in hierdie verband en dan aan hulle die nodige leiding verskaf soos wat vroeë adolessente steeds van volwassenes verlang en benodig. Hier kan ons die mikrosisteem in gedagte hou waar ouers en adolessente mekaar wedersyds beïnvloed. Voorbeelde waaroor gesels kan word, is byvoorbeeld hoe om vriende te maak oor die selfoon of selfs hoe gebruik ’n mens die Internet op die regte manier.

5.6.2 Aanbevelings oor die belangrikheid van die besit van ’n selfoon

- Die besit van ’n selfoon is baie belangrik vir die vroeë adolessent maar verg verantwoordelike gebruik. Aanbevelings sluit aan by by die paragraaf hierbo, waar die raad en leiding van volwassenes bespreek is. Ouers en

onderwysers kan verantwoordelike gebruik van die selfoon met vroeë adolessente bespreek en leiding gee soos hierbo aangedui. Al verskaf die *regte* selfoon status aan die vroeë adolessent moet die vroeë adolessent besef dat ’n selfoon nie ’n mens se waarde kan bepaal nie. Op die ou end is die selfoon net ’n instrument in die mens (vroeë adolessent) se hand waardeur die vroeë adolessent byvoorbeeld verhoudinge instand kan hou.

5.6.3 Aanbevelings oor die negatiewe invloed van selfoongebruik

- Hierdie aanbeveling sluit aan by die bogenoemde aanbevelings in terme daarvan dat leiding deur volwassenes aan vroeë adolessente verskaf moet word oor verkeerde en regte gebruik van die selfoon. Volwassenes kan definitiewe leiding aan adolessente gee oor hoe om boeliegedrag op die selfoon te hanteer. Onderwysers kan in vakke soos Lewensoriëntering hulp van onskatbare waarde bied in die vorm van emosionele intelligensie/ lewensafrigting oor die hantering van situasies en veral negatiewe situasies, soos boelie, oneerlikheid en misverstande op die selfoon. Hier kan ook ander kundiges soos lewensafrigters en spelterapeute betrek word (mesosisteem). Vroeë adolessente moet begelei word om, selfs al is dit eers later in hul lewe, verantwoordelike besluite te neem ten opsigte van selfoongebruik.

5.6.4 Aanbevelings oor die invloed op groepsverhoudinge

- Die besit van ’n selfoon verseker nie portuurgroepverhoudinge nie. Die tipe (maak) selfoon/ die *regte* selfoon kan ’n belangrike rol speel in die vorming van ’n portuurgroep omdat kontak met portuurs so vergemaklik word. Deelnemers het genoem dat hul voel hul word “gedwing” om ’n sekere selfoon te besit. Ouers en onderwysers tel waarskynlik onder die primêre rolspelers met betrekking tot waarde-ontwikkeling by die kind en die aanleer van beginsels (volgens die makrosisteem). Adolessente met vaste beginsels kan ook groepsdruk beter weerstaan. Morele ontwikkeling by die vroeë adolessent laat hulle ook besef dat iets, soos byvoorbeeld uitsluiting en oneerlikheid met betrekking tot selfoongebruik en groepsverhoudinge verkeerd is. Morele ontwikkeling bevorder verantwoordelike selfoongebruik en so kan portuurgroepverhoudinge bevorder word.

5.6.5 Aanbevelings oor selfoongebruik verskaf ontspanning en afleiding

- Ouers kan hier daadwerklik ’n rol speel deur belang te stel oor hoe hulle vroeë adolessentekinders hulle selfone in hulle vrye tyd gebruik. Deur tyd af te staan om met adolessente te praat oor watter applikasies hulle gebruik, hoe hulle dit gebruik en riglyne daar te stel vir Internetgebruik vir adolessente se beskerming, veral in hulle portuurgroepverhoudinge, kan ouer-en-kindverhouding verbeter. Belangstelling in adolessente se reëlings vir afsprake en aktiwiteite, asook positiewe opmerkings en belangstelling oor foto’s op hulle selfone, kan ook geleentheid aan ouers bied om ’n goeie verhouding met hulle adolessente kinders op te bou en kan portuurgroepverhoudinge bevorder. Onderwysers kan ook in ’n mindere mate hier ’n rol speel deur belang te stel in die vroeë adolessent se selfoon doen-en-late. Volwassenes kan reëlings van vroeë adolessente om by mekaar te kuier of saam aktiwiteite aan te pak, soos visvang, sportaktiwiteite, DVD-aande, aanmoedig. Sodoende word werklike kontak met vriende bevorder wat ook portuurgroepverhoudinge positief kan beïnvloed.

5.6.6 Plan van aksie deur die navorser

- Die onderwysdepartement, skoolhoofde en sommige leerders het laat blyk dat hul graag later terugvoer in verband met die navorsing wil kry. Die navorser beplan om die navorsingsresultate aan die onderwysdepartement, asook die skole beskikbaar te stel moontlik in die vorm van ’n verslag met die belangrikste bevindinge en aanbevelings en/of ’n gespreksgeleentheid met skoolhoofde en onderwysers by die betrokke skole.

5.7 MOONTLIKHEDE VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING

Die navorsing vul ’n leemte in die ondersoek na die invloed van selfoongebruik op vroeë adolessente se portuurgroepverhoudinge. Navorsing met adolessente en tegnologie is ’n dinamiese en vinnig veranderende wêreld. Navorsing oor selfoongebruik onder adolessente kan daarop voortbou deur ’n ondersoek te doen om die invloed van selfoongebruik op die verhoudingelewe van adolessente in graad 11 en 12 te bepaal. Ander navorsingstemas sou byvoorbeeld kon handel oor die belangrikheid van die selfoon vir die adolessent, soos: Hoekom dit makliker is vir

adolessente om onder sekere omstandighede per selfoon te kommunikeer? Uitsluiting van adolessente uit groepe, byvoorbeeld BBM en die gevolge daarvan. Vir watter doeleindes benut die adolessent die selfoon?

Alle bevolkingsgroepe van Suid Afrika is nie ingesluit in die navorsingsproses nie as gevolg van die geografiese ligging en skole wat betrek is asook die doelgerigte steekproefneming. Dit sou leersaam wees om hierdie adolessente te betrek in navorsing om hul mening te lug. Meer adolessente kan moontlik met behulp van ’n meningsopname bereik word.

Vervolgens word die beperkinge van die navorsing bespreek.

5.8 BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING

Beperkinge is dit wat die effektiwiteit of die akkuraatheid van die navorsing kan beïnvloed. Beperkinge van die navorsing, volgens die navorser, kan dus die volgende insluit:

- Slegs vroeë adolessente in twee skole in Tzaneen is in die navorsing betrek. Veralgemening van resultate kan nie gemaak word met betrekking tot die res van die vroeë adolessente by die betrokke skole nie. ’n Ander groep vroeë adolessente by die skool mag ander bevindinge gelewer het.
- Die tyd van die fokusgroeponderhoude mag ’n invloed gehad het op die volledigheid van response van die deelnemers, aangesien die deelnemers moeg kon wees na die skooldag of in afwagting was vir die komende sport-oefening.
- Die navorser het moontlik van te veel sekondêre bronne gebruik gemaak omdat primêre bronne nie altyd beskikbaar was nie. Primêre bronne in die selfoonveld verwys egter ook na baie sekondêre bronne.

BRONNELYS

Alsaker, F.D. & Kroger, J. 2008. Self-concept, self-esteem, and identity. (*In* Jackson, S. & Goossens, L., *eds*. Handbook of adolescent development. New York: Psychology Press. p. 90-117).

Babbie, E. 2010. The practice of social research. 12th ed. Belmont: Wadsworth.

Babbie, E. 2011. The basics of social research. 5th ed. Belmont: Wadsworth.

Baiocco, R., Laghi, F., Schneider, B.H., Dalessio, M., Amichai-Hamburger, Y., Coplan, R.J., Koszycki, D. & Flament, M. 2011. Patterns of communication and contact between Italian early adolescents and their friends. *Cyberpsychology, behaviour, and social networking,* 14(7-8).

Beckett, C. & Taylor, H. 2010. Human growth and development. 2nd ed. London: Sage.

Belsky, J. 2010. Experiencing the lifespan. 2nd ed. New York: Worth.

Beran, T. & Li, Q. 2005. Cyber-harassment: a study of a new method for an old behaviour. *Journal of educational computing research*, 32(3):265-277. http://baywood.metapress.com/app/home/contribution.asp?referrer=parent&backto=issue,4,5;journal,68,192;linkingpublicationresults,1:300321,1 Date of access: 22 Jul. 2013.

Berk, L.E. 2012. Infants, children and adolescents. 7th ed. Boston: Pearson.

Bernard, H.R. & Ryan, G.W. 2010. Analyzing qualitative data. Systematic approaches. Los Angeles: Sage.

Blair, B.L. & Fletcher, A. 2011. "The only 13-year old on planet earth without a cell phone": meanings of cell phones in early adolescents' everyday lives. *Journal of adolescent research,* 26:155-177.

Bowker, J.C., Thomas, K.K., Norman, K.E. & Spencer. S.V. 2011. Mutual best friendship envolvement, best friends' rejection sensitivity, and psychological maladaptation. *Journal of youth adolescence,* 40:545-555.

Braun, V. & Clark, V. 2006. Using thematic analysis in psychology. *Qualitative research in psychology,* 3(2):77-101.

Campbell, R. 2006. Teenage girls and cell phones: discourses of independence, safety and ”rebellion”. *Journal of youth studies,* 9(2):195-212.

Carr, A. 2008. The handbook of child and adolescent clinical psychology: a clinical approach. 2nd ed. London: Routledge.

Cobb, N.J. 2010. Adolescence. Continuity, change, and diversity. 7th ed. Sunderland: Sinauer Associates.

Corbin, J. & Strauss, A. 2008. Basic Qualitative Research. Londen: Sage.

Creswell, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 2nd ed. Los Angeles: Sage.

Creswell, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 3rd ed. Los Angeles: Sage.

Dacey, J., Kenny M. & Margolis, D. 2004. Adolescent development. 3rd ed. Mason: Thomson Custom.

Davis, K. 2013. Young people’s digital lives: the impact of interpersonal relationships and digital media use on adolescents’ sense of identity. *Computers in human behavior,* 29:2281-2293.

Delport, C.S.L., Fouché, C.B. & Schurink, W. 2011. Theory and literature in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 297-306).

Droege, K. 2001. Bronfenbrenner’s exosystem and macrosystem. http://www.vvc.edu/academic/child_development/droege/ht/course2/faculty/lecture/cd6lectexo.html Date of access: 30 Sept. 2013.

Farmer, T., Robinson, K., Elliot, S.J. & Eyles, J. 2006. Developing and implementing a triangulation protocol for qualitative health research. *Quality health research*, 16(3):377-394.

Fortunati, L. & Manganelli, A.M. 2002. Young people and the mobile telephone. *Revista de estudios de juventud*, *57*(2):59-78.

Fouché, C. B. & de Vos, A.S. 2011. Formal formulations. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 89-99).

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Introduction to the research process. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 61-78).

Fouché, C.B. & Schurink, W. 2011. Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 307-327).

Gaertner, A.E., Paula, J.F. & Colder, C.R. 2010. Parenting and friendship quality as predictors of internalizing and externalizing symptoms in early adolescence. *Journal of child & family studies,* 19:101-108.

Goodwin, N.P., Mrug, S., Borch, C. & Cillessen, A.H.N. 2012. Peer selection and socialization in adolescent depression. The role of school transitions. *Journal of youth adolescence,* 41(3):320-332.

Goossens, L. 2008. Adolescent development: Putting Europe on the map. (*In* Jackson, S. & Goossens, L., *eds*. Handbook of adolescent development. New York: Psychology Press. p. 1-10).

Gouws, E., Kruger, N. & Burger, S. 2000. The adolescent. 2nd ed. Cape Town: Heinemann.

Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 341-375).

Greeff, M. 2012. Inleiding tot kwalitatiewe navorsing. [e-pos]. 21 April 2012. [PowerPoint presentation].

Haddon, L. 2002. Youth and mobiles: The British case and further questions. *Revista de estudios de juventud*, 57(2):115-124.

Harris, M. 2008. Exploring developmental psychology: understanding theory and methods. London: Sage.

Höflich, J. & Rössler, P. (2002). More than just a telephone: the mobile phone and use of the short message service (SMS) by German adolescents: results of a pilot study. *Revista de estudios de juventud*, *57*(2):79-100.

Hunt, B. 2011. Lack of social interaction. (*In* Kappler, B., Brantley, R., Hunt, B., Aker, N. & Kirsch, B. Human & social impacts of cellular technology). http://rdbrantley.iweb.bsu.edu/ta_project/Technology_Assessment_Report_Team_Human_A.pdf Date of access: 1 Nov. 2011.

Ingleton, C. 1998. Populations and samples: identifying the boundaries of research. (*In* Crookes, P. & Davies, S., *eds.* Research into practice: essential skills for reading and applying research in nursing and health care. Londen: Bailliere Tindall. p. 181-199).

Johnson, J.M. 2009. *The impact of cyber bullying: a new type of relational aggression.* Paper based on a program presented at the American Counseling Association Annual Conference and Exposition, Charlotte, NC, 19-23 March. http://www.counselling.org/resources/library/VISTAS/2009-V-Online/Johnson.doc scholar Date of access: 5 Jun. 2012.

Joyce, P. & Sills, C. 2005. Skills in counseling & psychotherapy. Londen: Sage.

Kappler, B. 2011. Health effects of cellular communication technology. (*In* Kappler, B., Brantley, R., Hunt, B., Aker,N. & Kirsch, B. Human & social impacts of cellular technology). http://rdbrantley.iweb.bsu.edu/ta_project/Technology_Assessment_Report_Team_Human_A.pdf Date of access: 1 Nov. 2011.

Katz, J.E. & Aakhus, M.A., eds. 2002. Perpetual contact: mobile communication, private talk, public performance. New York: Cambridge University Press.

Kiesner, J., Cadinu, M., Poulin, F. & Bucci, M. 2002. Group identification in early adolescence: its relation with peer adjustment and its moderator effect on peer influence. *Child development,* 73(1):196-208.

Kirsch, B. 2011. Cell phone addiction. (*In* Kappler, B., Brantley, R., Hunt, B., Aker, N. & Kirsch, B. Human & social impacts of cellular technology). http://rdbrantley.iweb.bsu.edu/ta_project/Technology_Assessment_Report_Team_Human_A.pdf Date of access: 1 Nov. 2011

Klorer, R.G. 2009. Viewpoints. The effects of technological overload on children: an art therapist's perspective. *Journal of the American Art Therapy Association,* 26(2):80-82.

Knecht, A., Snijders, T.A.B., Baerveldt, C., Stechlich, C.E.G., Raub, W. 2009. Friendship and delinquency: selection and Influence processes in early adolescence. Oxford: Blackwell Publishing.

Knecht, A.B., Weesie, J., Burk, W.J. & Steglich, C. 2010. Friendship and alcohol use in early adolescence: a multilevel social network approach. *Journal of research on adolescence,* 21(2):475-487.

Koutamanis, M., Vossen, H.G.M., Peter, J., Valkenburg, P.M. 2013. Practice makes perfect: the longitudinal effect of adolescents' instant messaging on their ability to initiate offline friendships. *Computers in human behaviour,* 29:2265-2272.

Kuhn, D. 2009. Social cognitive development in adolescence. (*In* Lerner, R.M. & Steinberg, L., *eds.* Handbook of adolescent psychology. Volume 1: Individual bases of adolescent development. 3rd ed. Hoboken: Wiley. p. 152-186).

Kuntsche, E., Simons-Morton, B., ter Bogt, T., Queija, I.S., Tinoco, V.M., de Matos, M.G., Santinello, M., Lenzi, M. & HBSC Peer Culture Focus Group. 2009. Electronic media communication with friends from 2002 to 2006 and links to face-to-face contacts in adolescence: an HBSC study in 31 European and North American countries and regions. *International journal for public health*, 54(2):243-250 http://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC2737693/#!po=3.84615 Date of access: 19 Sept. 2013.

Lehalle, H. 2008. Cognitive development in adolescence: thinking freed from concrete restraints. (*In* Jackson, S. & Goossens, L., *eds*. Handbook of adolescent development. New York: Psychology Press. p. 71-89).

Lemola, S., Schwartz, B. & Siffert, A. 2012. Interparental conflict and early adolescents' aggression: is irregular sleep a vulnerability factor? *Journal of adolescence*, 35:97-105.

Lenhart, A. 2009. Teens and mobile phones over the past five years: Pew Internet looks back. http://www.pewinternet.org/Reports/2009/14--Teens-and-Mobile-Phones-Data-Memo.aspx Date of access: 30 Jul. 2011.

Lenhart, A., Ling, R., Campbell, S. & Purcell, K. 2010. Teens and mobile phones: text messages explodes as teens embrace it as the centerpiece of their communication strategies with friends. Pew Internet & America Life Project. http://pewinternet.org/Reports/2010/Teens-and-Mobile-Phones.aspx Date of access: 19 Sept. 2013.

Li, Y., Lynch, A.D., Kalvin, C., Liu, J. & Lerner, R.M. 2011. Peer relationships as a context for the developing of school engagement during early adolescence. *International journal of behavioral development,* 35(4):329-342. Sage:http://www.sagepublications.com

Ling, R. & Yttri, B. 2005. Control, emancipation and status: the mobile telephone in the teen's parental and peer group control relationships. citeseerx.ist.psu.edu/viewdoc/download?doi=10.1.1.88.6132&rep... Date of access: 12 Jul. 2011.

Livingstone, S. 2010. Appendix B: children and the internet. (*In* Good practice guidance for the providers of social networking and other user-interactive services, 2010. U.K. Council for Internet Safety. p. 45-49).

Lobet-Maris, C. & Henin, J. 2002. Talking without communicating or communicating without talking: from the GSM to the SMS. *Revista de estudios de juventud*, *57*(2):101-114.

Louw, D & Louw, A. 2007. Die ontwikkeling van die kind en die adolessent. Bloemfontein: Psychology Publications.

Maree, K. & Pietersen, J. 2007. Sampling. (*In* Maree, K., *ed.* First steps in research. Pretoria: Van Schaik. p. 183-197).

Maree, K. & van der Westhuizen, C. 2007. Planning a research proposal. (*In* Maree, K., *ed.* First steps in research. Pretoria: Van Schaik. p. 69-92).

Marisol, L., van Aaken, M., Musitu, G. & Buelga, S. 2008. Families and adolescents. (*In* Jackson, S. & Goossens, L., *eds*. Handbook of adolescent development. New York: Psychology Press. p. 154-174).

Merriam, S.B. 2009. Qualitative research: a guide to design and implementation. 2nd ed. San Francisco: John Wiley & Sons.

Mesch, G.S. 2009. Social context and communication channels choice among adolescents. *Computers in human behaviour,* 25:244-251.

Meyer, J. 2005. Vroeë-adolessent. (*In* Wait, J., Meyer, J. & Loxton, H. 2005. Menslike ontwikkeling: 'n psigososiale perspektief. Parow: Ebony books. p. 151-164).

Mieliestronk. 2013. *Selfone*. http://www.mieliestronk.com/selfoon.html Datum van gebruik: 23 Aug. 2013.

Monette, D.R., Sullivan, T.J. & De Jong, C.R. 2011. Applied social research: a tool for the human services. 8th ed. Belmont: Brookscole.

Nieuwenhuis, J. 2007. Qualitative research designs and data gathering techniques. (*In* Maree, K., *ed.* First steps in research. Pretoria: Van Schaik. p. 69-92).

Nurulla, A.S. 2009. The cell phone as an agent of social change. *Rocky mountain communication review,* 6(1):19-24.

O'Brien, M. 2010. Consuming talk: youth culture and the mobile phone. Maynooth: National University of Ireland. (Thesis - PhD).

Odendaal, W.A. 2004. Exploring adolescents' perceptions of the impact of information and communication technologies on parent-adolescent relationships. Cape Town: University of the Western Cape. (Mini-thesis - M.Psych).

Oelofse, C. 2009. The learner profile of a teenage sel phone user. Pretoria: U.P. (Thesis – M.Ed.) http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-07102009-160407/unrestricted/dissertation.pdf Date of access: 30 Jul. 2011.

O'Keeffe, G.S., Clarke-Pearson, K. & Council on Communications and Media. 2011. The impact of social media on children, adolescents, and families. *American Academy of Pediatrics,* 127(4):800-804. http://pediatrics.aappublications.org/content/127/4/800.full html Date of access: 5 Jun. 2012.

Oprea, C. & Stan, A. 2012. Adolescents' perceptions of online communication. *Procedia – Social and behavioural sciences,* 46:4089-4091.

Padilla-Walker, L.M., Coyne, S.M. & Fraser, A.M. 2012. Getting a high speed family connection: associations between family media use and family connection. *Family relations,* 61:426-440.

Passer, M., Smith, R., Holt, N., Bremner, A., Sutherland, E., & Vliek, M. 2009. Psychology: the science of mind and behaviour. New York: McGraw-Hill.

Pierce, T. 2009. Social anxiety and technology: face-to-face communication versus technological communication among teens. *Computers in human behavior, 2*5(6): 1367-1372. http://libunisel.wordpress.com/2011/09/08/social-anxiety-and-technology/ Date of access: 18 Sept. 2013 [Abstract]

Raskauskas, J., & Stoltz, A.D. 2007. Involvement in traditional and electronic bullying among adolescents. *Development psychology,* 43(3):564-575**.**

Rathus, S.A. 2011. Childhood and adolescence. Voyages in development. 4th ed. Belmont: Wadsworth.

Rubin, A. & Babbie, E. 2011. Research methods for social work. 7th ed. Belmont: Brooks/Cole.

Savahl, S., September, R., Odendaal, W. & Moos, A. 2008. Information and communication technology: a descriptive study of children's communication patterns. *South African journal of psychology*, 38(3):515-525.

Scholte, R.H.J. & van Aaken, M.A.G. 2008. Peer relations in adolescence. (*In* Jackson, S. & Goossens, L., *eds*. Handbook of adolescent development. New York: Psychology Press. p. 175-199).

Shaffer, D. & Kipp, K. 2010. Developmental psychology: childhood & adolescence. 8th ed. Belmont: Wadsworth.

Shenton, A.K. 2004. Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education for information,* 22:63-75. http://www.angelfire.com/theforce/shu_cohort_viii/images/Trustworthypaper.pdf Date of access: 30 April 2012.

Shurink, W., Fouché, C.B. & de Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 397-423).

Smetana, J.G. & Villalobos, M. 2009. Social cognitive development in adolescence. (*In* Lerner, R.M. & Steinberg, L., *eds.* Handbook of adolescent psychology. Volume 1: Induvidual bases of adolescent development. 3rd ed. Hoboken: Wiley. p. 187-228).

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 113-130).

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 113-130).

Subrahmanyam, K. & Greenfield, P. 2008. Online communication and adolescent relationships. *The future of children. Children and electronic media*, 18(1):119-146. http://www.jstor.org/stable/20053122 Date of access: 18 Aug. 2011.

Szwedo, D.E., Mikami, A.Y. & Allen, J.P. 2010. Qualities of peer relations on social networking websites: predictions from negative mother-teen interactions. *Journal of research on adolescence,* 21(3):595-607.

Swart, L., de la Rey, C. & Duncan, N. 2004. Psychology: an introduction. Cape Town: Oxford University Press.

Symington, S. 2010. The role social networking plays in social interaction amongst adolescents in the Western Cape. Pretoria: UNISA. (Dissertation - M.A.).

Taylor, A.S. & Harper, R. 2003. The gift or the gab?: a design oriented sociology of young people's use of mobiles. *Computer supported cooperative work, 12:267-296.*

Thorne, S., Kirkham, S.R. & O'Flynn-Magee, K. 2004. The analytic challenge in interpretive description. *International journal of qualitative methods*, 3(1): 1- 21, April. http://www.ualberta.ca/~iiqm/backissues/3_1/pdf/thorneetal.pdf Date of access: 29 Jul. 2012.

Valkenburg, P.M. & Peter, J. 2009. The effects of instant messaging on the quality of adolescents' existing friendships: A longitudinal study. *Journal of communication,* 59:79-97.

Valkenburg, P.M. & Peter, J. 2011. Online communication among adolescents: An integrated model of its attraction, opportunities, and risks. *Journal of adolescent health,* 48:121-127.

Vykoukalova, Z. 2007. Adolescent mobile communication: transformation of communication patterns of generation SMS?. *Cyberpsychology: Journal of psychosocial research on cyberspace,* 1(1), article 5. http://cyberpsychology.eu/view.php?cisloclanku=2007081701&article=5 Date of access: 17 Okt. 2012.

Vanden Abeele, M. & de Cock, R. 2013. Cyberbullying by mobile phone among adolescents: The role of gender and peer group status. *Communications,* 38(1):107-118.

Vanden Abeele & Roe. 2013. Adolescents' school experience and the importance of having a "cool" mobile phone: conformity, compensation and resistance? *Poetics,* 41(3):265-293.

Wait, J., Meyer, J. & Loxton, H. 2005. Menslike ontwikkeling: 'n psigososiale perspektief. Parow: Ebony books.

Welman, C., Kruger, F. & Mitchell, B. 2007. Research Methodology. 3rd Ed. Oxford: University Press.

Werner, N.E., Bumpus, M.F. & Rock, D. 2010. Involvement in internet aggression during early adolescence. *Journal of youth and adolescence*, 39:607-619.

Wikipedia. 2013. Selfoon. http://af.wikipedia.org/wiki/Selfoon. Datum van gebruik: 23 Aug. 2013.

Woolfolk, A. & Perry, N.E. 2012. Child and adolescent development. Boston: Pearson.

Yamauchi, E.K. 2010. LoveLife, MYMsta, and Mizz B: evaluating a mobile phone - based social network to prevent HIV among youth in South Africa. Chapel Hill: University of North Carolina. (Thesis - M.A.).

Bylaag A: Versoek aan onderwysdepartement van Limpopo

AM (Margie) van Tonder

Tel. 015 307 5029
Cel: 084 414 6166
e-mail: magrietjie@mweb.co.za

2 Fees Street
TZANEEN
0850

Department of Education

Privincial Government

Limpopo

To whom it may concern

Proposed Research with adolescents (Aged 13 to 15)

I am a Magister student at the North-West University who is now entering the phase of my research where I need to collect data. To this end it is required that I obtain the approval of the Department of Education for my research.

The goal of my research is to describe the impact of cell phone use on peer group relationships of adolescents.

I intend to do research at Ben Vorster High School, Tzaneen.

Please find the following attachments:

a. Proof of registration at NWU;
b. Letter of approval from Ben Vorster High School;
c. Research Protocol

Sincerely yours,

AM van Tonder

Bylaag B: Terugvoer van onderwysdepartement van Limpopo (1/2)

LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF EDUCATION

Enquiries: Dr. Makola MC, Tel No: 015 290 9448. E-mail: MakolaMC@edu.limpopo.gov.za.

2 FEES STREET

TZANEEN

0850

LIMPOPO PROVINCE
DEPARTMENT OF EDUCATION
2014 -11- 21
HOD'S OFFICE
PRIVATE BAG X9489 POLOKWANE 0700

Dear A.M Van Tonder

RE: Request for permission to Conduct Research

1. The above bears reference.
2. The Department wishes to inform you that your request to conduct a research has been approved- **Title:THE IMPACT OF CELL PHONE USE ON PEER GROUP RELATIONSHIPS OF IDOLESCENCENTS.** i.e. Tzaneen(Mopani) District.
3. The following conditions should be considered

   3.1 The research should not have any financial implications for Limpopo Department of Education.

   3.2 Arrangements should be made with both the Circuit Offices and the schools concerned.

   3.3 The conduct of research should not anyhow disrupt the academic programs at the schools.

   3.4 The research should not be conducted during the time of Examinations especially the forth term.

   3.5 During the study, the research ethics should be practiced, in particular the principle of voluntary participation (the people involved should be respected).

Cnr. 113 Biccard & 24 Excelsior Street, POLOKWANE, 0700, Private Bag X9489, POLOKWANE, 0700
Tel: (015) 290 7600. Fax: (015) 297 6920/4220/4494

Bylaag C: Terugvoer van onderwysdepartement van Limpopo (2/2)

3.6 Upon completion of research study, the researcher shall share the final product of the research with the Department.

4. Furthermore, you are expected to produce this letter at Schools/ Offices where you intend conducting your research as an evidence that you are permitted to conduct the research.
5. The department appreciates the contribution that you wish to make and wishes you success in your investigation.

Best wishes.

Thamaga MJ

Head of Department

Date

Bylaag C: Versoek aan beheerliggaam van skool (1/2)

AM (Margie) van Tonder

Feesstraat 2,
Tzaneen
0850

Aan die Beheerliggaam van die skool
Naam van Hoërskool,

Geagte Voorsitter

Beoogde navorsing met adolessente (tieners tussen 13 en 15)

As ’n meestersgraad-student aan Noordwes-Universiteit is ek tans in die fase van my navorsing waar ek data moet begin insamel. Daarvoor het ek die toestemming nodig van persone wat ek by my navorsing wil betrek.

Die doel van my navorsing is om die invloed van selfoongebruik op die portuurgroepverhoudinge van die adolessent te beskryf.

Skoliere tussen 13 en 15 jaar word gevra om vrywillig deel te neem. Dit verteenwoordig kinders in graad 8 en 9. Skriftelike toestemming sal vooraf van die deelnemers se ouers verkry word. Ek beoog om data/inligting vir my navorsing te kry deur middel van 1) ’n geskrewe opdrag vir die kinders oor selfoongebruik en 2) dan later om van die kinders in ’n gespreksgroep te betrek om verdere inligting te kry. Vrae vir die groepsbespreking word ontwikkel met behulp van die geskrewe opdrag. Die groepbespreking kan ’n uur en ’n half tot twee uur duur. Daar sal van ’n bandmasjien gebruik gemaak word tydens die groepbesprekings as manier van rekordhouding. Alle inligting word as vertroulik beskou.

Bylaag C: Versoek aan beheerliggaam van skool (2/2)

Die toestemmingsbriewe sal tydens die eerste skoolweek van 2013 uitgedeel word, waarna die navorsing sal begin sodra toestemming van die ouers verkry is.

Etiese kodes van navorsing word streng gevolg, wat impliseer dat deelnemers nie fisies of emosioneel geskaad word nie en anonimiteit word deurgaans gehandhaaf.

Aangesien ek in Tzaneen woon, is dit vir my gerieflik om leerders van (Skool se naam) te wil betrek.

Hiermee word u skriftelike toestemming gevra om leerders in graad 8 en 9 van u hoërskool by hierdie navorsingsprojek te betrek.

U vriendelike samewerking en toestemming sal waardeer word.

Die uwe

AM (Margie) van Tonder
Navorser
Tel. 015 307 5029
Sel: 084 414 6166
e-pos: magrietjie@mweb.co.za

Bylaag D: Korrespondensie aan ouers (Afrikaans) (1/2)

AM (Margie) van Tonder Feesstraat 2,
Tzaneen
0850

Geagte ouer

Beoogde navorsing met adolessente (tieners tussen 13 en 15):

Ek is ’n meestersgraad-student by Noordwes-Universiteit. Ek is in die fase van my navorsing waar ek data moet begin insamel. Daarom het ek die toestemming nodig van persone wat ek by my navorsing wil betrek.

Die doel van my navorsing is om die invloed van selfoongebruik op die portuurgroepverhoudinge van die adolessent te beskryf.

Skoliere tussen 13 en 15 jaar word gevra om vrywillig deel te neem. Hulle is kinders in graad 8 en 9. Ek beoog om data/inligting vir my navorsing te kry deur middel van 1) ’n geskrewe opdrag vir die kinders oor selfoongebruik en 2) dan later om van die kinders in ’n groepsgesprek te betrek om verdere inligting te kry. Die groepbespreking kan ’n uur en ’n half tot twee uur duur. Daar sal van ’n bandmasjien gebruik gemaak word tydens die groepbesprekings as manier van rekordhouding. Alle inligting word as vertroulik beskou.

Etiese kodes van navorsing word streng gevolg, wat impliseer dat deelnemers nie fisies of emosioneel geskaad word nie en anonimiteit word deurgaans gehandhaaf.

Aangesien u kind in die betrokke ouderdomsgroep val, word u skriftelike toestemming gevra vir die deelname van u kind aan hierdie navorsingsprojek. Dit sal waardeer word indien u u toestemming sal verleen deur die aangehegte toestemmingsbrief te onderteken en terug te stuur aan die Skool teen Vrydag 15 Maart 2013.

Die uwe

AM (Margie) van Tonder
Navorser
Tel. 015 307 5029

Bylaag D: Korrespondensie aan ouers (Afrikaans) (2/2)

Toestemmingsbrief wat deur ouers voltooi moet word:

Hiermee gee ek, ……..(naam en van), toestemming dat my seun/dogter,…….. (naam van kind), mag deelneem aan ’n geskrewe opdrag en/of groepbespreking en dat ’n klankopname van die gesprek gemaak mag word.

Handtekening van ouer

Instemmingsbrief wat deur skolier voltooi moet word

Hiermee stem ek, ……...(naam en van), in om vrywillig deel te neem aan die geskrewe opdrag en/ ’n groepbespreking en dat ek geen beswaar het teen ’n klankopname van die gesprek nie.

Handtekening van skolier

Vir navorsingsdoeleindes voltooi asseblief ook die volgende:

Ouderdom: …… Graad: ……

Geslag: ……... Selnommer: …….

Bylaag E: Korrespondensie aan ouers (Engels) 1/2

AM (Margie) van Tonder 2 Fees Street,
Tzaneen
0850

Dear Parent,

Proposed Research with adolescents (Aged 13 to 15)

I am a master's degree-student at the North-West University. I now entered the phase of my research where I need to collect data. To this end it is required that I obtain the approval of those that I wish to engage in my research.

The goal of my research is to describe the impact of cell phone use on peer group relationships of adolescents.

Pupils between the ages 13 and 15 years will be requested to voluntary participate. These learners are in grades 8 and 9. I intend to obtain the data for my research through 1) a written assignment by the learner regarding cell phone use and 2) a follow-up group discussion to obtain further information. The group discussions may vary between an hour and a half to two hours. Tape recording of the group discussions will serve for keeping records. All information obtained will be considered confidential.

Strict ethical codes of research will be followed which imply that participants will not be harmed physically or emotionally and anonymity will be maintained through out the process.

As your child falls within this particular peer group, your written consent is required for participation of your child in this research project. It will be appreciated if your consent be given by signing the attached consent form and returning same to the School.

Sincerely yours

AM (Margie) van Tonder
Researcher
Tel. 015 307 5029

Bylaag E: Korrespondensie aan ouers (Engels) 2/2

Letter of consent to be completed by parents:

I ..... (name) hereby consent to my son / daughter ..... (name of child) participating in a written assignment and / or partaking in a group discussion and that an audio recording of the discussion may be made.

Signature of parent

Letter of Agreement to be completed by the pupil

I ..... (name) agree to voluntary participate in a written assignment and / or partake in a group discussion and have no objection to an audio recording being made of the conversation.

Signature of Pupil.

For research purposes, please also complete the following:

Age: …… Grade: ……

Gender: …….. Cell number: ……..

Bylaag F: Werkopdrag

Naam/name: ..... *Van/surname: .....*

Graad/grade: .....

Vertel my van selfoongebruik en verhoudinge tussen maats.

Jy kan 'n paragraaf of gedig skryf en toepaslike tekeninge maak as jy die opdrag uitvoer.

Tell me about cell phone use and relations between friends.

You can write a paragraph or poem and use appropriate sketches when doing the assignment.

Bylaag G: Verkorte weergawe van ’n onderhoud

Fokusgroep 2 Transkripsie: 13 Jun. Merensky (Veldnota: Baie oulike spraaksame groep. Net meisies en hulle ken mekaar- dink dit het bygedra tot die sukses vd groep)

Navorser: Die eerste vraag wat ek vir julle gaan vra, is: Vertel my van julle (tieners) se selfoongebruik om met maats te kommunikeer. Daar kan jy vir my vertel: hoe, waar, wanneer, waarom, met wie kommunikeer julle met julle selfone.

Deelnemer: Om reëlings te maak.

D2 Om mekaar te ontmoet-iewers

D3 Om uit die leer te bly. Gelag.

D4 Huiswerk te kry

D5 Om uit te vind wanneer oefen die hokkie

D6 En ook partykeer om sommer net lekker te “chill”

D Om mense uit te trap as hulle nie opdaag nie.

D Onhoorbare opmerking (Hierdie deelnemer praat baie sag-Sy het langs my gesit en ek kon nie altyd hoor wat sy se nie).

N: Goed, julle kan met mekaar gesels, hoor. Gelag. As iem iets se wat jy nie mee saamstem nie of wat jy mee saamstem...gesels...

D 1 Ek dink nie ek het al ooit iets op die “group” gese nie. .Ek het n “group” met julle maar eks nie eers eintlik op die span nie. Hoe werk dit? .Dis “weird”.

D: So jy kry al ons inligting?

D: Ja, (onhoorbaar) . Ek slaap nog en dan ewe skielik kom die boodskappe in. Aaaah dan sien ek net die liggie langs die kant –nee-jammer! Onderlangse gebrom, lag.

N Goed, ek het n bietjie gehoor van die “hoe” : Jy trap jou maats uit (..lag..) en van hmm ... die waarom: Maak reelings . Met wie (is) jou maats

D Jou boyfriend,

D Jou ouers

N Ja

N Wanneer

D Om jou ouma op BBM te he is ‘scary’...

D In die aande, as jy niks het om te doen nie, dan praat jy met hulle.

D Of as jy kwaad is. Is van : jy't dit en dit gedoen. Ja en dan stuur hul vir jou 1 van daai 'chill'-gesiggies soos .. kalmeer ..(lag..)

N: Met wie se jy praat jy dan? Jou maats

D: Of ek sms HAAR... ek het nog nie met HAAR gepraat nie

Gelag en deurmekaar gepratery.

N:Sluit hul jou uit?

D: Gewoonlik, ja.

D: Dis vieslik!

D Ons 2 praat maar met mekaar dmv smse.

D Ja maar ons almal het nou nie bakstene nie... Ons het ook nie almal...?(onhoorbaar) (Hierdie deelnemer praat baie sag)...

D: Ons is ook jammer daaroor...

N: Ek het nou iets genoem: uitsluit. Voel julle partykeer uitgesluit uit n groep uit?

D Baie!

D:Ja, veral as jy nie n Blackberry het nie.

D: Ek voel nie regtig dis waar nie.

N: goed, ons gaan nou-nou daaroor gesels. As jy lus het kan jy nou daaroor gesels.

D: Dis net..soos ...Gewoonlik – soos ek wat nou in die koshuis is- ons is 4 -3 in die kamer- dan sit hulle 3 op BBm –dan sit ek daar dan moet ek met myself praat, so... dis nie lekker nie

D Nee, maar ek voel persoonlik mense word deesdae geregeer deur hulle Blackberry's. Dis net-horie- ek staan reg voor jou -moet jy nou voor my staan en BBM?

N:Julle noem nou n klomp goed en ek dink ons gaan maar met die vrae daarby uitkom. Julle dink aan baie goed nou. Ons gaan maar so stelselmatig by elke ding uitkom, anders gaan ons nou baie deurmekaar praat. Hmm... se n bietjie vir my... julle het nou in die algemeen alles genoem..maar wat is volgens julle die beste:face-to-face geselskap of gesels oor die selfoon? Verduidelik vir my waarom se julle so.

D: Ek sou se Face to face

D: Hm.. Ek dink ook so

D: Want dan weet jy wat die persoon -of dit regtig die persoon wat daar is , bv. ek se vir Alicia: Ek is so lief vir jou...

D: 'Is julle lief?'.(Grappig).. (lag) Ek 'joke' net

D: Face to face –daars n verskil tussen daai emosie en wat jy oor- wat jy oor BBM se

D: Die ding is, oor BBM kan jy maklik gesels oor enigiets, maar BBM veroorsaak verskriklik baie 'fights' en op BBm weet jy nie of dit die persoon is wat praat nie want baie keer vat jou pel jou foon en dan praat hul oor jou foon... en dan weet jy nie of dit daai persoon is nie en dan veroorsaak dit... kwaad tussen jou pelle

N: Jul se nou weer n mondvol- ons gaan nog by alles uitkom. (gelag) Goed maar ons het nou gepraat oor face to face..Jy het gese jy kan nie.....

D: Emosies

N: Emosies sien oor die foon nie.

D: Ja jy kan nie weet (onhoorbaar)? ?

N: Goed, Hoe voel julle daaroor? Wat se julle daarvan

D: Ek dink face to face is lekkerder- jy weet soos presies wat hul se- hul lieg nie vir jou so maklik soos oor die foon nie, maar oor die foon is dit makliker om te praat as jy sukkel om iets te se as jy nie weet hoe om iets te se oor die foon..

D: Ja Jy weet nie hoe gaan- hoe is jou emosie om dit uit te spreek nie soos teenoor iem anders en ..

D: Dan is dit makliker om net te tik.

N: Hoor ek reg? Jy is eintlik bang vir jou emosie..

D: Jy is bang hoe gaan die ander persoon reageer as jy dit vir hulle se

D:Ja

N: Ja, goed, so jys bang vir die reaksie

N: Dit klink anders as wat jy dit vir hul gaan se...

Stilte...

N: Goed, jy het nou iets gese wat ek wou... maar ons sal nou-nou weer daarby uitkom... o ja... Julle het ook gese- face to face- iem – as jy met daardie persoon praat- dan sien jy dit is daardie persoon met wie jy praat jy se hulle kan jou foon dalk vat... dan praat jy met iem anders...

D: dan kan jy hom in die oe kyk- en weet hy jok nie want as jy hom nie in die oe kyk nie dan

N: Ja, so jy kan sien as iem vir jou jok?

D: Ja

N: Ons gaan nog daaroor ook n bietjie gesels...

D: Daars tissues..sagte lag...

N: Sjoe julle het eintlik n verskriklike mondvol sover gese, hoor!

Giggel

N: So julle voel dit is die beste, want jy kan die persoon sien, jy kan...sien of hy vir jou jok , jy kan sien dit is daardie persoon, jy ervaar die ware emosie. Het ek reg gehoor..

D:Uhu

N: Nogiets wat jy wil se oor die face to face? Stilte...

N: Goed! Waarom word daar gese tieners is vasgenael aan hul selfoonskerms?

D: Hoe bedoel Tannie? Soos permanent op hul fone?

N: Hm, ja.

D: Tieners is baie keer.

D:Dis n slegte gewoonte

D:Uhu

D: Dis net so: Dit is dAAr en dan voel jy jy wil jy net heeltyd op dit werk.

D: Tannie en daars mos heeltyd 'recent updates' en as iem soos hulle foto verander dan wil jy kyk wat verander hul

D: Heeltyd nuuskierig

D:Ja

N: Goed –Ek wou eintlik –dit klink vir my toe so en daar se jy dit! Voel jul mens is nuuskierig of hoekom voel julle...?

D: Ja...

D: Heeltyd sien wat gaan in iem anders se lewe aan...! Gelag... Deurmekaargepraat...

D; Ja ek het ook daai ding maar ek sal nie die heeltyd worry oor hierdie 1 : 'eks nou sad' , Jammer, Daai 1 wat nou se: (Geluid doof uit wat sy se) Ek weet nie-dit interesseer my net nie . So vir my is dit nie sommer n issue nie.

N: Goed. Het julle 2 nie Blackberry's nie?

D: Nee

N: En julle ander het almal?

D: Ja... Giggel

N: Ons gaan nou-nou daaroor praat.

N: So, Jy het gese dis n slegte gewoonte om heeeltyd op jou foon sit . Wat se julle daarvan?

D; Ja n slegte gewoonte...giggel...

D: Ja

D: Ja, dis soos..as jy ...se nou maar jy wil nou leer en hulle is op hulle fone in die kamer- en dan: ‘ het jy daardie persoon se ‘profile pic’ gesien?’ En dan gaan jy op jou foon en dan vergeet jy heeltemal waarmee jy besig was want nou konsentreer jy op jou foon en nie op jou leerwerk nie of waarmee jy besig was nie.

N: goed, Jy se dit lei jou aandag af..

D: Ja

D:Baie

D; (Se iets van n liggie)

D: Ja daardie rooi liggie... Gelag..

N: So... wat bly in die slag as jy nou net heeltyd op jou foon is . Verstaan julle wat ek vra?

D: My punte..(sag)

N: Jou punte? Ek bedoel waarby kom jy nie uit nie/ Wat bly agterwee?

D: As mens by die huis is, dan het jy nie baie tyd saam met jou familie nie- jys heeltyd op jou foon...

D: Dis waar... En as vriende by jou kom kuier dan ’s dit soos heeltyd- dan stuur iem –senou maar iem stuur vir jou n ‘message’ oor BBM dan kyk jy en dan begin jy net heeltyd met die persoon praat en dan vergeet jy- OK- jy vergeet nie van die persoon nie maar julle kommunikeer nie regtig as die persoon by jou kom kuier dan nie – want jys heeltyd op die foon.

D:Ja

N: Goed-hoe voel julle daaroor 9:46

Giggel...

D: Skuldig.... harde gelag....

N: Is julle almal skuldig-doen julle almal dit?

Deelnemers: Ja..Ja..Nee..nee

N: gestel nou iem kom by jou kuier en sy sit die heeltyd op haar foon,

D: Irriterend

D: Dis nie baie ‘nice’nie.

D: Ja..

D: Hul vra jou juis om te kom kuier en as jy kom kuier, dan praat hul nie eers met jou nie.

D: Ja...

D; die heeltyd eenkant

N: jyt nou-nou gese jou familietyd ...ly skade... en jyt nou gese hulle kom kuier by jou en dan praat hul nie met jou nie... en ons het nou-nou gepraat oor die face-to-face kommunikasie ...so dink julle dit bly bietjie in die slag? Of..

D: Ja

N: dit verminder- jy het minder tyd om met mense in persoon te praat

D: Ja...

D: jy is meer op die selfoon as wat jy tyd saam ander mense spandeer. ...stilte...

N: Nogiets?

N: Goed: Vertel my waarom tieners se die selfoon n instrument is waaroor jy maklik kan jok, lieg , of leuens vertel...

D: Want oor die foon kan hulle nie soos sien of jy vir hom jok nie-so jy kan enigiets skryf en die persoon sal dit glo, maar jy sal nooit weet of dit die waarheid is... as hulle oor die foon dit se nie.

D: Kom ons se soos byvoorbeeld iem vra vir jou hou jy van hom en dan se jy 'Ja' net omdat jy nie sy gevoelens ..emosies wil sleg...wil seermak nie. Maar dan het jy eintlik...

D: Ja..

N: Goed...

D: Ja as mens soos bv, se nou maar jou ouers se jy moet bietjie leer.. " Ja natuurlik", maar dan was jy soos 50% van die tyd op jou foon gewees.

D: Ja!

N: Dit is nie op die foon wat jy dan jok nie, jy jok dan

D: oor die foon...

...(Gedeelte onhoorbaar.).. ek nie jok nie –ek is eerlik –dis maar net n voorstel...

N:Dis interessant.

D: Mense doen dit!

D: Definitief

N: Doen julle dit ook..Weet jul van mense wat dit doen?

Deelnemers: Ja..Lag...Ja...

N: Vertel...gee n voorbeeld...

D: My suster ..

N: Wat maak sy?

D: Sit die heeldag op haar foon en dan se sy vir my se vir ma ek het geleer . Soos as my ma vra: 'Het jy geleer?' "Ja, ek het geleer" ..nee...nee! dan het sy nie regtig geleer nie, dan was sy heeldag op haar foon.

N; en dan as jou ma jou vra- of sy geleer het?

D; Dan se ek gewoonlik nee, as sy nie by is nie. giggel.. Ek se ja op daai oomblik, en dan as sy loop dan se se ek vir my ma: Nee, ma, nee, sy't nie geleer nie.

N: so, lyk vir my dis n hele kettingreaksie wat volg agv die selfoon: op die selfoon en agv die selfoon – so n kettingreaksie van leuens?

D: Uhm

N: hoe voel julle daaroor?

D: Sleg

D: Ja...want leuens draai altyd teen jou.

N: Ja?

D: Tannie weet mos mens op n Blackberry kan sien mense het gelees ...'Nee, ek het nie jou boodskap gekry nie', maar jy kan sien die ou het gelees.

D: Ja..

D: Rerig (sarkasties)...lag... stilte...lag...

N: Is julle nog hier? ...lag...

D: Ja...

N: Hoe voel julle oor die leuens-storie? (Kyk vir diegene wat lanklaas reageer het).....Beleef julle dit...doen julle dit...?

D: Nee... harde gelag...

N: Onthou niks wat op hierdie ding(Klankopname) is, koppel enigiemand aan jou naam nie, hoor... Dis alles vertroulik- so jy mag maar se... Ek se nie jy doen dit nie, ek se net jy mag.. Gelag..

N; Goed, kom ons gaan kyk na die volgende ene: As tieners se hulle praat oor hulle selfoon, wat bedoel hulle daarmee? Is dit sms, BBM, Tweet, selfoon-verbale gesprek? Vertel my meer...

D: gewoonlik BBM, maar kan iets anders ook wees

D: soos WA

D: En Facebook . Gebruik gewoonlik n 'chat group' of n ....

N: Gebruik julle nog Facebook?

Deelnemers in n koor: Ja Tannie!

D: So nou en dan.

N: Goed..gelag.. Kan julle Facebook op julle fone kry? (Diegene sonder Blackberry's).

D: Nee... My foon is bietjie dom vir dit.

D: maar jy kan dit op die rekenaar ook...

N: Ja, ja..

D: Ons het(?) laptops (ontkenning?)

N: Nee ek weet met die Bb kan jy mos maklik op fb gaan

N: En wat van ..Tweet..Tweet julle?

D: Twitter

N: Ja

D: daar is.. ek skryf nie self op Twitter nie maar ek lees baie van (15 09)Twitter se goed. Jy kry snaakse goed en interessante goed en als so.. ek lees dit baie

N: Weet julle iets daarvan –van Twitter

D: Ek weet nie hoe Tw werk nie –deurmekaar gelag en gesels...

N: So julle is nie regtig "Twitters" nie..?

D:Nee!

N: Volg jy partykeer mense op Tw? (vir deelnemer wat Tw ken)

D:Jaaagh...

N: Wat ..vertel ons n bietjie daarvan?

D: Dis soos.. jy kry...dis soos n groepding en dan soos hm 'funny tweets' en dan baie snaakse goed of jy kry soos interessante goed met feite en dis lekker om dit te lees.... stilte....

N; Goed, dankie...Wil julle iets se daaroor?

D: Ek weet nie hoe dit werk nie, ek kan nie iets se daaroor nie... gelag...

N: Lyk my jy is die enigste 'tweeter' hierso.

N: En smse? Stuur julle nog smse?

D: Ja..lag..

D: Net vir my ma en pa

D: Ek stuur net vir my pa, want my pa het nie n Bb nie; en vir my broer-hulle.

D: Ek stuur nie baie smse nie..

Deelnemers praat gelyk en deurmekaar

N: So, dit hang af van watse foon jy het

D: Ja.

D(se iets van WA)

N: Kan julle nie WA nie?

D: Nee. Ek kry die einde van die jaar ene... gelag...

N: Goed, ons gaan nou-nou daaroor praat... Hm.. en verbale gesprek oor die foon? Doen julle dit ooit? –Dat julle praat met iem oor die foon?

D: Net as ek my ma bel ..maar..

D: Maar bittermin ..ek praat soos 1 keer n week – OK nou nie 1keer maar soos 1 keer in n ruk sal ek iem bel of iem sal my bel en dan praat ons soos 2 ure of so en dan vir n lang ruk bel ek nie weer bel ek iem of so nie, net my ma of my pa of 1 van my broers

D: Ek bel meeste van die keer net vir reelings

N: Vertel my bietjie, hoekom dink julle praat jul minder op die foon en stuur meer BBM's, bv. ?

Deelnemers: Want dis goedkoper. Jaaa..

N: Ek het so gedink..

D: Jy kan dink voor jy antwoord, maar as jy n BBM kry dan lees jy dan kan jy eers dink, maar op die foon kan jy nie net daar staan en dink voor jy iets se nie.

N: Ja

D:Ja

D: Dan mors jy geld.

N: So, wat se julle daarvan?

D: (onhoorbare opmerking) gelag

N: So, dink julle ook die dinkding tel nogal?

Deelnemers: Ja:

D:(?) watse huiswerk het ons dan kan jy nie eers na jou huiswerkboekie toe hardloop nie en.. is dit dit...

N: Ja, dit gee jou kans om die regte antwoord te gee.

D: As Theo my nog 1 keer gaan vra, dan ...gelag...

N: Jy het nou gese: die regte... so dink jy dit is makliker ook om vir iem dan iets te se , want jy kan jou woorde kies- as jy nou op BBM

D: Ja

D; Jy kan iets tik en dan dink jy, maar nee ek moet eerder iets anderste se want dit klink nie reg nie..

D: Dit op n ander manier se

D: Dan kan jy dit uitvee en oor..

D: Ja

N: So, hoe voel dit vir jou? Is dit vir jou n goeie ding , is dit vir jou..

D; Makliker .....stilte..... giggel

N: Hoe voel julle 2 sms'ers daaroor? giggel

D: Dis makliker om te sms –dan het jy meer tyd om te dink waaroor jy gaan skryf of wat ek vir hom gaan se vir die persoon. Nou-nou se jy iets verkeerd oor die foon en dan is hy baie kwaad vir jou ..

D: volgende dag..

N: So, dit klink vir my, julle is versigtig...

D; Ja, maar mens moet versigtig wees vir wat jy op BBM se . Dis hoekom jy eers moet dink wat jy gaan se, want hulle kan dit 'screen cram ' en dan hou hulle dit teen jou

N: Goed-vertel my daarvan! Daarvan weet ek nou nie iets nie..

D: Dis n App wat jy kan 'download' van jou App –world af wat jy die 'screen save' soos jy neem hom soos n foto maar op jou foon dan hou jy daardie boodskap

D: Ja dan kan mens sien wat die persoon vir jou gestuur het en dan kan jy dit hou

D: dan is dit soos n prentjie

D: dan is dit soos n foto, ja

D: Dan , se nou maar iem het vir jou gejok oor iets en dan het die .. hy vir iem anders getik of wat ookal en dan kry jy die regte antwoord ..dan kan jy vir hom wys..'jyt gejok of wat ookal'

N: Vertel my nog-wat doen hulle hiermee. Het julle al dit beleef? Weet julle van iem wat al so iets beleef het?

D: Nee, maar ek kan my nogals indink –ek bedoel as hulle dit het, kan hul dit soos vir ewig teen jou hou

N: Jy se jy kan jou dit indink – vertel my dan n bietjie: hoe sou jy reageer?

D: Ek sal nogal se, as dit nou regtig iets was wat nou teen gehou kan word dan is dit eintlik n goeie ding , maar vir die ander persoon... hy het vir homself n sloot gegrawe, so..

N; so, wat dink julle kan hulle regkry hiermee? Hoe kan hulle dit gebruik teen iem anders- hoe?

D: Soos hoe bedoel Tannie- as hulle die boodskap hou of..?

N: Ja..

D: Hulle kan -se nou maar die persoon- se nou maar dis n groot leuen of wat ookal- jy sit saam met jou ouers en daai persoon se ouers, of wat ookal en hy se, of sy of wie ookal, se jy het dit gese ,maar jy het nie , dan het jy die boodskap op BBm. Daars so n ding wat jy kan 'view history chat' dan kan jy al die soos boodskappe sien wat jy al getik het en dan kan jy wys dat jy nie eintlik verkeerd is nie-die persoon is verkeerd.

N: Goed so- dis getuienis..teen iem.

D: Ja...ja...

N: Dit kan seker enigiets insluit- jyt nou nou gese jok of so iets..

D: Dalk as die persoon vir jou se hulle...slegse oor iem anderste , dan kan jy net vir die persoon gaan wys , want as jy net vir haar gaan se dan kan sy jou dalk nie glo nie. Dan het jy bewyse.

D:Dalk is dit n goeie pel van jou wat jy soos gaan se dat daai persoon jou sleg gese het en dan glo die persoon jou nie , tensy jy vir die persoon die boodskappe wys.

N: Ja...Goed, julle het nou-nou- ons het so begin toe praat ons oor selfoongebruik en jou maats . Goed- ons is eintlik mos maar besig om te praat oor die verhoudinge tussen jou en jou maats . Wat dink doen al hierdie goed-waaroor ons nou gepraat het- aan verhoudinge?

D: Breek jou verhoudinge af- heeltemal

D:Ja

D: Want as iem jou delete op BBm, dan kan jy nie sien wat sit hul op hul 'status' nie . Jy weet nie of dit ooit van jou is of iets in daai lyn nie...

N: Goed, julle voel die verhoudinge word afgebreek- is daar n positiewe kant?

D: Jaa- dis ok nog n manier- want dis makliker om mekaar oor die foon te leer ken en soos goed vir mekaar te vertel , wat van jou, as in face-to-face. Soos : 'Ek het groot tone', makliker oorBBM gese as (gelag) in 'real life'

D: Of as iem trek of as iem ver is van jou

D: Of soos in vakansies, as jy by die huis sit en die ander persoon...

D:En jy mis jou vriende

D:...praat jy met hulle

N: Vertel my wat dit vir julle-as tieners- beteken om n selfoon te he. Bv. Hoe belangrik of hoe noodsaaklik is dit vir jou?

D: belangrik..

D: as jy in die koshuis is .. ja..

D: Eks in die koshuis, dan kom my ma 1 keer n week en as ek iets vergeet het, dan vra ek vir haar om dit saam te bring

D:Ja, ek ook

D: En as jy nie weet watse huiswerk jy het nie, en jy moet dit die volgende dag ingee, dan kan jy nie na jou vriend se huis toe gaan en vra nie , dan kan jy hulle net bel of BBM dan vra jy ..

D: (Praat tegelyk)...se lewens verander het..

D: En as jy , soos Simone-hulle, dalk soos- iets gebeur met die kar- dan kan jy laat weet oor die foon ipv om die reaksie... face to face te ...gelag...

N: Wil jy vir ons vertel?

D: Dit het gister ge..(Gelag...) Ons het gery en dis met my – ek het n Morris, Tannie. Dit is soos n ou kar. Ek en my broers het elkeen n kar, behalwe my klein boetie. En toe ry ons met my kar, want my boetie sou my skool toe gebring het. Hy het. Toe ry ons met my kar en toe se ek vir hom, kan hy nie vinniger ry nie, want anderste gaan ek laat wees. Toe hy vinniger ry –en toe vlieg die 'bonnet' oop en kap die ruit en toe buig die hele bonnet soos terug en toes hy en sy pel toe klim hulle uit en buig hom terug en toe ...maar toe wou ek nie my pa se nie want my pa was Pretoria toe- ek weet nie- hy was saam met die hoof iewers heen vir n vergadering en my ma het n pasient gehad, so ek wou hulle nie gese het nie en toe se ek my ma oor die foon . Ek weet nie hoe het my pa uitgevind- my klein boetie het blykbaar hom gese, maar... giggel

N: So jy kan dit vir nood gebruik, ne?

D: Ja.(Koor)

N: En julle het gese huiswerk, reelings, vra jou ma om vir jou goed te bring... Goed- hoekom is jou foon nog vir jou noodsaaklik? Of belangrik?

D: Ek het baie keer al in die aande- en dan le ek op my bed – se nou maar ek kan nie, of ek het wakker geword en dan hoor ek die honde blaf verskriklik baie op die plaas en dan bel ek my ma en se kan sy nie soos na my kamer toe kom nie , dan kyk ons hoekom blaf die honde of wat ookal (gelag) As ek bang is ...

D: As jy nou klaar jou lig afgesit het, kan jy met jou foon skyn

D: Ja jy kan daai lig gebruik ...gelag...

N: Dis n ander voordeel , n ander gebruik.

D: Tannie, jy kan musiek speel en ?

D: En daars n wekker (Deurmekaarpratery..)

D: En jy kan n 'flashlight download" dan soos na ligte uit dan kan jy nog leer (praat sag)

N: Goed, vertel my van die foto's en musiek... gelag..

D: oor BBM kan jy vir mekaar musiek stuur en dan speel jy soos- jy kan musiek speel.. en jy kan baie foto's neem op die foon..

D: jy het nie nou jou kamera nie dan kan jy onthou jy wil nie vergeet nie, dan kan jy n foto neem.

D: En as jy soos met n kamera n mooier foto wil neem dan wat n beter kwaliteit is, dan kan jy hom net op die rekenaar sit en met jou kamera na jou foon toe stuur (en die kamerafoto op jou foon save?)

N: Jy het nou-nou iets genoem en ek kon nie mooi hoor nie.

D: Tannie, dis ook n App wat jy kan download, dan maak dit soo n klein flitsie. Dan sit jy dit soos bo, want in die koshuis het ons soos rakke- sit jy dit bo, dan skyn dit af op jou werk .

N: Goed..,maar agterna het jy iets genoem..toe hulle almal so gelyk begin praat het.

D: As die ligte uit is- want daars n spesifieke tyd wat ons meisies gaan slaap- dan het jy nie gereel vir laatligte nie, dan sit jy maar jou ligte af want dan gebruik jy jou foon.

N: Onwettig... gelag...

D: Ja, dis hoekom die gesig so lyk van min slaap

N: Goed, julle het nou nou gese die foon hou jou weg van familietyd en goed. Jy se die foon hou jou uit die slaap- is dit waar?

D: Ja, as dit nie vir my foon was nie, sou ek gaan slaap het

D: Ja, jy praat lekker met ander mense dan wil jy nie gaan slaap nie dan bly jy praat tot watter tyd in die aande ... en dans jy moeggg

D: Ek het 1 oggend tot 1 uur met iem gepraat

D: Of jy 'ping' vir Gwendy wakker dat sy met jou kan praat as jy nie aan die slaap kan raak nie ..lag...

N: Vertel my bietjie, as jy nou so laat in die nag met jou vriende praat, hm... en jys die volgende dag moegg.. Hoe beinvloed dit jou verhoudinge?

D: nie baie lewendig nie

D: Hmm

D: Jy wil nie praat nie, jy wil net slaap en jy voel nie lus vir die dag nie en (alles wil jou irriteer) (praat tegelyk) , kortaf..

D: jys net soos geirriteerd met alles- alles wat almal doen is net verkeerd

N: Nog iets wat jul hieroor wil se- die min slaap?

D: Kannie wag tot die eks klaar is nie... lag...

N: amper, ne?

D: More

N: Vertel vir my of dit belangrik is om die regte selfoon te he en verduidelik vir my waarom se julle so.

D: Jaaa Want as jy soos n BB het dan kry jy soos BBM en soos almal het dit en dan BBm hulle en dan wil hul nie hul geld mors op smse nie- dan- die kinders wat nie n BB het nie, dan voel hulle uit.

Gelag...ja...

N: Nou vertel julle 2 vir my n bietjie- voel julle uit?

D: Ja dis nogal baie erg soos- se-nou jy is , julle sit in n kring en almal se : O het jy al daai ou se ‘profile pic ‘ gesien of het jy gesien wat gebeur daar en dan sit jy daar:’ Waarvan praat julle?’ Dan weet jy niks wat aangaan nie.

N: of het jy hierdie Apps afgelaai

D: Ja en dan stuur hulle vir mekaar goed kyk hierdie ‘funny jokes’ en dan sit jy daar -dis van dis ‘OK...’

D: Tannie vir die BBM het ons n BBM –groep vir ons hokkiespan en as ons nou soos wil se ons oefen nou 1 uur die middag, en dan verander ons dit in die meantime ons gaan nou 2 uur oefen en dan hulle wat nie BBM het nie, weet dit nie noodwendig nie. ...

D: Ja-a

D : en dan bring hulle hul goed saam skool toe. giggel

D: Vir my is dit nie n groot issue nie dis net –jy het n foon en jy kan kommunikeer as jy nou rerig nodig het verder is (OK?)

D: Vir my is dit n groot saak want ek is die goalie, dan bring ek soos al my sakke –dan besluit daai klomp kinders ...

D: Uhu, eks nie deel van daai klomp kinders nie!

D: daars nie oefening nie en niemand het my laat weet nie en dan bring ek soos alles en dan raak ek bAIe kwaad.

D: Jy vat dit net weer huis toe..

D: Hmm- op die bus

N: En ander situasies? 31: 24

D: Die mense praat nie meer met jou nie. Hulle is heeldag op BBM . Soos jou vriendinne of sulke goed. Dis nie lekker nie..(Laggend)

N: So, nou kan julle hulle in die oe kyk en met hulle praat.

D: Ja. (Almal lag) stilte....

N: Vertel my n bietjie van hierdie 'uitgesluit voel' – wat doen dit aan jou?

D: Dis... Dit voel net vir jou: hoekom moet jy by hulle staan ; hoekom moet jy hulle vriende wees as hulle dit aan jou doen ? Dis net soos: Hoekom? Dit is.. ons in die koshuis soos breek is -as almal buite is. Hoekom moet jy daar buite sit as jy hier kan praat? So, dis nie lekker nie.

D: Ja en as jy uit die groep uit loop, dan vra hulle vir jou ; Wats fout? Hoekom is jy kwaad vir my of iets en dan kan jy nie rerig iets se nie want dan raak hul dan kwaad vir jou...

D: Dan dink hul jys 'wierd'of iets

D: Ja

Gelag en sagte opmerkings

N: Is dit vir julle goed om dit vir hulle te se?

D: Ja, dat hul weet hoe voel ons.. (lag)

N: Hoe voel julle (BB –eienaars) daaroor? Vertel my n bietjie: Het julle dit besef?

D: Nee, ons besef dit nie regtig nie

D: Nogals (cool?) om op die foon te wees as mense by jou is

D: Totdat jy- totdat jou foon breek en hy gaan in vir n diens en jy sit net soos hulle. Dan besef jy hoe jy eintlik (Gelag)...

D: Haar foon kon nie uit n 'charger' uit gegaan het nie anderster gaan hy af na 2 weke ....lag en dan stilte...

N; Vertel my of die tipe selfoon bepaal met wie tieners maats is. Verduidelik vir my waarom se jy so- julle het dit nou eintlik klaar gedoen.

D: Dit hang regtig af met wie jy maats is . Die ouens wat BB het wil nie altyd met jou praat nie

D: Jys vriende met mense met BB, want jy kan de hele tyd met hul kommunikeer

D: Nee, ek het dit nou nog nie ondervind nie, ek dink persoonlik ons is vriende – daar is sekere groepies, maar die wat ons 'actually' in n groepie is, is maar net omdat ons verskillende smake het .

Soos ons groepie- húlle is partykeer meer bymekaar as wat ons by húlle is . So, daars 2 afsonderlike groepe ,maar dit het niks met die selfoon uit te waai nie.

N: Goed, so..

D: Dit kan partykeer oor die selfoon wees, want daar is party mense wat BB het maar wat nie rerig omgee oor BBM nie. Soos die vriende wat ek- van die vriende wat ek het is baie so. Jy kan met hul praat en gesels , maar dan is daar mense wat nie so is nie. (Gelag en tegelyke opmerkings)

D: Daars baie mense wat fone het – en hulle sal hom he net om te bel of wat ookal. Hulle sal hom net by hul hou , hul sal nie hul boodskappe lees om net aanhoudend met mense te praat nie of wat ookal nie. Ek kan nie onthou wat ek wou se nie (gelag) ....oooo...

N: Dit klink vir my of jy wou se: die .. party mense dink nie hul fone is so belangrik soos ander nie

D: Ja, party mense het soos – se nou maar hul sal n BB he en dan- hulle sal nie soos elke dag met iem praat nie. Senou maar ek stuur vandag vir Michelle n boodskap en dan sal sy oor 3 dae sal sy vir my antwoord, of so. Syt nie... rerig.. sy gee nie om oor die foon nie

D: Sy sien jou in 'anyway' more, so hoekom sal sy op BBm 'reply?

D: Ja

N: Goed, so: Wat ek hoor , is dat vir party mense is selfone só verskriklik belangrik ; Hulle is heeldag besig met hulle selfone. En ander mense is nie gepla nie .. so dit maak nie regtig saak watse foon hulle het nie... Hulle bly nog dieselfde. Die foon het hulle nie verander nie ..kan ek dit se dalk? Dink julle n foon kan n mens verander?

Meer as een D: Ja ..uhu...

D: Ek dink so. Dit is soos… vir my, my persoonlike opinie . Grootmense, nou-se-dae- hulle is net soos kinders as dit kom by fone en goeters. Hulle is partykeer vir my erger op fone as wat kinders is.

D: Ja.. (Gelag) ....stilte

N: Se bietjie iets daarvan?

D: My ma weet hoe om te bel en sms en dis al. (Gelag)

N: Dit klink vir my so snaaks as my ma se: Wag, ek moet net gou Whatts ....Rerig? (Gegiggel) praat verder- onhoorbaar-

N: En julle, jul het ook jul koppe geknik? Gegiggel. Hoe voel julle?

D; Partykeer is iem soos, hulle praat baie met jou .. en as hul n ander foon het en wanneer hulle n BB kry en dan begin hulle jou uitlos en dan hul wil net op hul f oon praat en dan verander hulle

D: Ja

N: Goed. En voel julle dit speel n rol... in jou verhouding met daai persoon?

D: Ja-a-a